

#55

KAMPKOS WARM POTTE VIR KOUE AANDE

JUNIE-JULIE 2023 | UITGAWE 55

Weg! Ry & Sleep

Overberg

Span uit rondom Stanford

Ry 'n draai deur die Karoo en ontdek Amalienstein en Zoar

WOONWATOETS

ARMADILLO XTR312

Die boendes wag vir julle twee

NUWE RYGOED

SUZUKI GRAND VITARA

Kyk net wie is terug!

KAMP MET DIE GROOT K 'n Leser se inspirerende verhaal | **RY-INDRUK** Ons toets die Chinese se 'Jeep'
SLEEP JOU PADWA NAMIBIË TOE Vrystaters wys ons hoe | **EKSPO** Woonwabouers pronk in die Kaap

4x4-PROFESSOR

WEET WAARHEEN JY RY
 GPS-toestel of slimfoon-app?

Eswatini

Pak jou veldryer, mik oor die grens en gaan groet die bure

HOU KAMPNAWEEK TUSSEN DRIE PROVINSIES



9 771993 666009

07150

R110.00 (BTW ingesluit)
Namibië R110.00

Mobi Lodge

Continental



Skandeer om die video te kyk



★★★★★

Onvergelykbaar!

- ✓ Toegang tot Volle Badkamer Tydens Reis
- ✓ Aërodinamies
- ✓ Geen Seil Panele
- ✓ 360° Panoramese Uitsig
- ✓ Top Veldry Vermoë

Die **NUWE** Mobi XL



- ✓ Bykomende badkamer 6m²
- ✓ Aërodinamies
- ✓ Volledige Toegeruste Kombuis
- ✓ 360° Panoramese Uitsig
- ✓ Top Veldry Vermoë

Die rivier van vreugde

So 'n paar maande gelede is ek en my kind 'n paar dae saam in 'n kano op die Oranjerivier, saam met 'n klomp gr. 7-skoolmaats en dié se ouers. Ons het digby Noordoewer weggespring, stroomaf gevorder en uiteindelik vier dae later naby Aussenkehr uitgeklim.

Ek sal die eerste wees wat erken ek sou nie só iets uit my eie doen nie. Die brosjure sou nie eens my oog tref nie. Eerstens omdat niemand my ooit vir 'n roeier sou aansien nie, en tweedens omdat ek nooit sou dink dis iets wat my kind sou geniet nie. Dit wys jou wat ek weet.

Vriende van ons was verlede jaar op die einste uitstappie. Kort voor ons vertrek het ons saam met hulle middagete gaan eet om 'n paar wenke te kry. ("Pak meer bier. Nee, nóg meer!") Daarna was die opwinding in die huis tasbaar.

Die kilometers na die Namibiese grens het verbygesing. Ek het vir die mense in die kar gesê ek hoop nie daar is 'n bus op die grens nie. Maar almal van ons – 40 ouers en 40 kinders – het toe heel duidelik dieselfde tyd daardie oggend uit die Kaap vertrek en kort op mekaar se hakke by die grens opgedaag. Hier teen die halfuurmerk in die ry by doeane sê ek vir die pa wat saam met my ry: "Ons was verniet bang vir 'n bus... óns is die bus!"

Anderkant die grens was daar 'n aarseling in my. Ek het op 'n klein dorp in die Vrystaatse Goudveld grootgeword, en in daardie deel van die wêreld is daar nie kano's nie. 'n Praatjie van 15 minute oor die moets en moenies van kanoroëi verander my nie eensklaps in 'n roeier van formaat nie. Veral nie op die Oranjerivier nie.

Die eerste aand sit ek die rivier en gadeslaan en ek besef daar wag somer vroeg al 'n linksdraai wat wil lyk of hy problematies kan wees. My kind kon seker die kommer in my oë sien en sy vra mooi ons moet tog net nie op die eerste draai al ons naam met 'n plank slaan nie. Ek het haar die versekering gegee as ons aan die einde van hierdie vier dae nie één keer omgeslaan het nie, is dit blote geluk. Dit het absoluut niks te make met vernuf nie.

Ons is daar weg – genadiglik ongeskonde om die eerste draai. Trouens, het ons dit gemaak tot by die berugte Sjam-bok-stroomversnelling. Dit was eintlik 'n las van ons skouers



af toe die kano omtiep. Baie het voor ons omgeval en heelwat meer ook ná ons, maar daar het ons dit nou gedoen. Nou het ons kans gesien vir wat die rivier ook al oplewer.

Dit was 'n wonderlike ervaring – as ek vir 'n oomblik vergeet dat ek my gunstelinghoed êrens langs die pad verloor het. Die beste van alles was om te sien hoe die gr. 7-kinders soos... wel, kinders gespeel het wanneer ons in die middag kamp opslaan.

Ons ouers het almal opgemerk dat dit heerlik is om te sien hoe die kinders, wat almal tog so graag wil grootword, hulle net gate uit geniet in die natuur. Hoewel my kind agterna nie uitgepraat kon raak oor watter wonderlike ervaring dit vir haar was nie, het sy ook te kenne gegee dat een keer genoeg was vir haar.

Ek het nuus vir haar...

Veilig reis.

Schalk

REDAKTEUR

schalk.jonker@media24.com

Inhoud

#55 | Junie-Julie 2023



ROETES WAT ROEP 58



KAMPBESTEMMING 44



4x4-BESTEMMING 34



NAWEEKAMP 54



KAMP & KATROL 78



MY PLEKKIE 62

ELKE MAAND

3 REDAKTEURSBRIEF

8 POSBUS

14 kykNET-BUITE-EKSPLO

28 NUUS

32 NUWE RYGOED

64 MY WIELE

68 LESERSTORIES

80 RY-INDRUK

84 WOONWATOETS

88 4x4-PROFESSOR

92 TOERUSTING

96 KAMPKOS

113 BLOKRAAI


114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

118 NEELS SE STOEPENT

120 RUBRIEK

122 IETS ANDERS



#55 VOORBLADHOOFDOP – LEON BOTHA

“By Rivers End het jy nie net ’n fantastiese uitsig van jou kampplek af nie; die eienaars deel ook al die ruimte. Hier staan ons op een van die grootste staanplekke in die land, op ’n werklik lieflike grasperk. Anderkant Stanford, net ’n hanetree hiervandaan, het ons ook afgesaai by die Filicita Country-lodge. Lees die storie op bl. 44.”

Kameraverstellings Canon EOS 6D Mk. II; f9;
1/640ste van ’n sekonde; 35 mm-lens; ISO 400

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER schalk.jonker@media24.com

JOERNALISTE LEON BOTHA leon.botha@media24.com

CYRIL KLOPPER cyril.klopper@media24.com

UITLEGKUNSTENAARS DOMINIC WIENAND dominic.wienand@media24.com

OWEN WILLOUGHBY owen.willoughby@media24.com

TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD peter@subteks.co.za

KOSREDAKTEUR JOHANÉ NEILSON

MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 ISHMET DAVIDSON

HOOFBESTUURDER: LEEFSTYL EN NUUS MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOFBESTUURDER NERISA COETZEE

FINANSIËLE BESTUURDER JAMELAH CONWAY

BEDRYFSBESTUURDER EDWINA LYNERS

SIRKULASIEBESTUURDER ARMAND KASSELMAN

armand.kasselmann@onthedot.co.za

HOOF: PRODUKSIE JACQUES DU PLOOY

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: BORGSKAPPE EN KOMMERSIEEL NIKKI RUTTIMANN

nikkir@media24.com

HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL

danie.nell@media24.com 082 859 0542

KLIËNTEBESTUURDER SHARLENE SMITH

sharlene.smith@media24.com 083 583 1604

KLIËNTEBESTUURDER SANETHA MEINTJIES

sanetha.meintjies@media24.com 082 957 9747

MEDIA24 DIVERSE INKOMSTE LISE VAN BRED

lise.coetsee@media24.com

HOOF: DIVERSE PROJEKTE FRANCOIS MALAN

francois.malan@media24.com

KREATIEWE ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF MICHAEL DE BEER

BESTURENDE REDAKTEUR: KOMMERSIEEL GERDA ENGELBRECHT

BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com

TEKSREDAKTEUR: ADVERTENSIES BRIGITTE BLANCKENBERG

AANLYNWINKEL YUMNA TOFEY yumna.tofey@media24.com

KONTAK ONS

YUMNA TOFEY 021 406 2205 yumna.tofey@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000

STRAATADRES 19de verdieping, Media24-gebou,

Heeregracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146

STRAATADRES Kikuystraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

087 353 1300 | +27 21 065 0033 (internasionaal)

Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1333

SMS “diens” na 31069 | subs@media24.com



DRUKWERK CTP
Alle regte word voorbehou.



Ry & Sleep is ’n lid van
die Ouditburo vir Sirkulasie



SAFARI DELUXE BOOG TENT



JUNIOR SAFARI BOW
2.5m x 2.5m x 1.9m
R6 690⁰⁰
SENIOR SAFARI BOW
3.0m x 3.0m x 2.2m
R8 340⁰⁰

SAFARI BOOG TENT



RANGER SAFARI BOW
2.1m x 2.1m x 1.8m
R4 290⁰⁰

WANDERER BOOG TENT



JUNIOR WANDERER BOW
2.5m x 2.5m x 1.9m
R4 920⁰⁰
SENIOR WANDERER BOW
3.0m x 3.0m x 2.2m
R5 710⁰⁰

SENIOR BAOBAB EXT



7.3m x 3.0m x 2.2m
(Slegs die verlenging grootte)
R7 400⁰⁰

SENIOR DELUXE EXT



4.5m x 2.9m x 2.5m
(Slegs die verlenging grootte)
R10 140⁰⁰

DOUBLE BOW EXT



2.1m x 3.0m x 2.2m
(Slegs die verlenging grootte)
R6 470⁰⁰

**VERLENGINGS WORD AFSONDERLIK VERKOOP - BOOGTENTE NIE INGESLUIT NIE*

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.5m
R12 000⁰⁰

SAHARA DELUXE



6m x 2.9m x 2.5m
R16 310⁰⁰

SAHARA LODGE



8m x 2.9m x 2.5m
R22 170⁰⁰

FAMILIE SLEEPWA-TENT



Bladgrootte: 200cm x 140cm
Vloergrootte: 220cm x 400cm
R25 250⁰⁰

WAENTJIE NIE INGESLUIT NIE

DAKTENTE

- > 260gsm SAFARI RIPSTOP SEILMATERIAAL
- > ALUMINIUM LEER
- > 26 DIGTHEID SPONSMATRAS
- > VERSTERKTE EN BEHANDELTE LAAGBORD
- > REKKE AAN DIE BINNEKANT WAT DIE OPVOU VAN DIE TENT VERGEMAKLIK
- > SKADUNET-SAK BINNE DIE TENT – IDEAAAL VIR SLEUTELS OF SELFONE
- > BANDE OM DIE TENT STYWER TE TREK VOORDAT JY DIT MET DIE OORTREKSEL BEDEK
- > SLUIT EKSTRUSIES VIR INSTALLERING IN
- > PVC OORTREKSEL OM DIE TENT TE BEDEK

VANAF
R14 240⁰⁰



BESKIKBARE GROOTTES:
1.2 m x 2.4 m 1.6 m x 2.4 m
1.4 m x 2.4 m 2 m x 2.4 m

SWAARDIENS PVC OORTREKSEL INGESLUIT

ROOFTOP PRO DAKTENT



1.4m x 2.4m
R21 460⁰⁰

BUNDU-AFDAK

Opsionele symuur




2.7m x 3m
R1 730⁰⁰

FAMILIE DAKTENT



2m x 2.4m
R21 960⁰⁰

DIREKTEURSTOEL



Maks gewig: 150kg
R870⁰⁰

DIREKTEURSTOEL



STAINLESS STEEL
Maks gewig: 150kg
R1 010⁰⁰

FISHERMANSTOEL




Maks gewig: 150kg
R450⁰⁰

BIKINISTOEL



Maks gewig: 130kg
R320⁰⁰

DELUXE TOILETSTOEL



Maks gewig: 150kg
R870⁰⁰

TOILETSTOEL



Maks gewig: 130kg
R340⁰⁰

OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMPCLIMB

Kloppers

OUTDOOR WAREHOUSE

agra

Agri Land

LeisureWorld

AGRI-MARK

Riley's Garage

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





ALUMINIUM-DUBBEL-WASBAKSTAANDER

- > 128.5cm x 41cm x 86cm
- > ALUMINIUMRAAM
- > SYTAFEL
- > RAKKIE
- > KAN IN WERKBANK VERANDER
- > KOM MET WASBAKKE EN AFDROOGRAK
- > 5.2 KG



EXTREME-YSVERKOELER

- > SWAARDIENS-SILIKOONKNIPPE
- > RUBBER-VOETKUSSINGS
- > BOTTELOOPMAKER VAN VLEKVRYE STAAL
- > PU-SPONSVELSEL
- > RATEL-VASGORDELOPENINGE
- > RUBBERSEËLDEKSEL
- > SWAARDIENS-NYLON- GEVORMDE HULSEL
- > PLAT INPASSKARNIER
- > DUURSAME KONSTRUKSIE

BESKIBBARE GROOTTES:
20 L, 40 L, 60 L, 90 L, 120 L, 140 L



VANAF R1 999⁰⁰



OOK TE KRY BY:
NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF
E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleap@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeie dinge in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

Dis tyd vir ry!



Voor 'n onlangse wegbreek koop ek die Oktober-November 2022- en Desember 2022-Januarie 2023-uitgawe van *Ry & Sleep*. Dit is om te lees terwyl ons toer. Maar ek neem nie skoon papier saam nie en gebruik uiteindelik van julle tydskrifte vir notas.

Dis Januarie en die skole het pas heropen. Vir my en my vrou, Tracy, beteken dit tyd vir ry. Ons vat dus grondpad vir ons vyfdagreis: Nie langer as 3 uur of 250 km

van die huis af nie. Stofpaaie, riviere, berge, son en see en, die belangrikste van alles: Geen selfoonsein nie lê voor. Dit terwyl ons selfversorgend gaan wees.

Die berge net buite Kareedouw is ons eerste bestemming. Hier ontvang en verwelkom die stilte ons. Binne 10 minute is ons opgeslaan en geniet 'n yskoue bier – die Boeing is immers al oor.

Die volgende dag verwelkom 'n gloeiende rooi die nuwe dag terwyl die koffie aan die kook is. Ons soek vinnig 'n bietjie

oggendskaduwee, want die son bak al vroeg-groeg neer. Terwyl ons nog sit en teug aan die koffie, kom 'n loerie soos 'n skouduif van die duskantse kranse af oor die rivier gevlieg. Hy vind skuiling in ons koelteboom. 'n Uitgevete pofadder seil uit die oorkantse skaduwee tot in die son, maar verdwyn weer tussen die riete. Intussen kom stel 'n nuuskierige likkewaan ondersoek in na ons kano wat op die sandbank staan. >

BRIEFBRIEF



Paul wen 'n koelsak ter waarde van R220. Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 l-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel die helfte van dié grootte. Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvatsel wat bo-oor kom en met klitsrits heg, asook 'n skouerband as jy jou hande los wil hê.

winkel.weg.co.za





*Nuwe Swift-, Okto-, Stealth-karavane, Bush Lapa, Nayela-veldkaravane en bekendstelling van die Nuwe, sterk hoevlaktechnologie-polimeersamestelling, Edgeout Teardrop-grondpadsleepwa!
 *Talle goeie gehalte uitgesoekte, gebruikte karavane. *Kamp- en veldsleepwaens.
 *Dak- en sleepwatente, seil- en nylonkamptente. *Fabrieksgoedgekeurde werkwinkel.
 *Volle toegeruste LeisureWorld winkel met al jou kamp en karavaan toerusting en parte.

LeisureWorld

Loftus Caravan City

Tel: 011-792-1456

Trotse voorraadhouer van en goedgekeurde handelaar vir:

OKTO
CARAVANS

STEALTH
CARAVANS



SWIFT

Bush Lapa
allroad caravans

NAYELA
CC

EDGEOUT



Ons kyk of ons 'n byenes agter ons teen die krans kan sien, want daar is 'n gezoem soos die besige N2 daar naby ons huis wanneer al die binnelanders see toe skiet. Iets trek my aandag tussen die lang gras... en daar sien ek sowaar 'n bobbejaanspinnekop. Hy skiet soos 'n pyl uit 'n boog oor die gras op soek na ander skuiling. Ek voel soos 'n politikus om dit alles oor te vertel, maar dit is die reïne waarheid – alles op ons eerste oggend hier.

Ons het ook gaan roei. Ek word tot die uiterse beproef en vra vir Tracy op my mooiste manier om nie so paniekerig te wees nie en eerder voor haar te kyk. Anders vaar ons die rotse in... hemel alleen weet hoekom sy so vinnig wil roei en oral water spat. Ons oorleef dit en plant 'n sambreel in die vlak water sodat ons verder teen die son kan skuil. Soos ware skelms swem klein kurpertjies nader en kom knibbel sommer aan ons lyf.

Die Land Rover Defender se enjin staan en lui, en binne 'n oogwink is drie dae verby. Ons moet 'n steil bult uit, maar Tracy verkies om dit uit te stap, want sy hou nie van die gestamp en stoot nie – en hierdie is 'n lelike entjie. Dis boonop warm. Maar Tracy mik vooruit en ek pik haar aan die bokant op.

Ons maak weer 'n vinnige draai op Kareedouw en vul die ys, vleis en bier aan.

Anglers' Paradise naby Eersterivierstrand is volgende aan die beurt – hier bring ons twee onvergeetlike dae deur.

VER VAN ALLES EN NABY JOUSELF. Die Strydoms hou van kamplekke nie te ver van die huis af nie. Hoe meer afgesonder, hoe beter... terwyl die natuur sy gang gaan.



Ons spesifieke staanplek is afgesonder, en jy het 'n 4x4 nodig om hier uit te kom. Ons kamp langs die see.

Die son is weer vroeg-vroeg op sy stukke, maar die weer verander skielik en ons beland in 'n chaos van wind en reën. Die daktent én die tent se stoepdak staan hulle man, maar die kantseile word weggeskeur. Dit laat ons met 'n baie klein skuiling. Die water stroom letterlik uit die hemele en ons kom nat en modderig anderkant uit.

Bewolkte weer met 'n sagte reën groet ons in die nuwe oggend. Ons kom tot ons sinne en geniet die laaste dag van ons kort wegbreek. Ons kyk vir oulaas hoe die

kamikaze-voëls – wat lyk of hulle een té veel agter die blad het – die rowwe branders induik. 'n Mens wonder of hulle dit gaan maak, maar dan steek hy sy kop weer iewers anders uit, net om weer die “aanval” van stapel te stuur.

Terwyl ons staan en tande borsel, sien ons hoe 'n slang 'n paddatjie vang in die poel wat nie gister daar was nie.

Ons het 'n wonderlike tyd agter die rug, en ons was nie te ver of te lank van die huis af weg nie. Jy hoef nie ver te ry en diep sakke te hê om goeie tye te geniet nie.

Al wat ons weet, is dis tyd vir ry.

PAUL STRYDOM
Gqeberha >



-  Slegs B-lisensie nodig
-  Huisves 2-4 persone
-  Veselglaskappie & -bakpanele

K A M P E E R S L E E P W A



Kontakbesonderhede: 021 945 2142 (Kantoor/Michael)
sales@tongasa.com

www.tongasa.com

 Tonga Camping Trailer

Brugstr. 3, Triangle-plaas, Bellville 7530

TONGA



Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



KOMMENTAAR VAN DIE MAAND!

Na aanleiding van ons vraag op Facebook of jy 'n vinnige naweekwegbreek of 'n lang vakansie verkies by 'n plek wat jy sommer goed kan verken, klink dit of Agatha Ikking al lankal daar is waar baie van ons wil wees.

"Nee wat, ek is sommer op 'n wegbreek vir 'n paar jaar!"





Sleep klein,
kamp groot.



INVADER
Off-Road Campers



SCAN ME

www.invader.co.za



AAN DIE GANG!

ONE4ODYSSEY

One4Odyssey is 'n nuwe vervaardiger met twee soortgelyke boswoonwaens: Die Bush Chameleon 2 en 4. Soos 'n mens uit die naam kan aflei, het die onderskeie modelle slaapplek vir twee of vier mense.

Dit is onder meer die beddens wat die Chameleon unieker maak, want in die Chameleon 4 trek 'n bed soos 'n laai bo-oor die disselboom uit, met 'n tweede bed bo die regterwiel. Eersgenoemde is koningingrootte en die bykomende slaapplek die dubbelbed. In die Chameleon 2 maak die dubbelbed plek vir 'n eethoekie.

Die deur is agter – die boonste deel maak na regs oop en die onderkant slaan af in die vorm van 'n trappie. Die noodwiel is regs van die deur teen die romp.

One4Odyssey wyk nie veel af van die basiese uitleg van boswoonwaens nie. Die hele buitekombuis is aan die linkerkant. Dié paneel het nie minder nie as vyf deure wat oopmaak met die ys-vrieskas heel links. Die tweeplaatgasstoof is ook deel van die glyraam en is op die punt. 'n Laai met breekware en potte en panne trek onder die gasstoof uit.

Jou werkblad is bo die linkerviel met rakke agter dit in die romp, en die wasbak trek uit die kas heel regs. Die wasbak is dus deel van die glyraam, maar die los droograk het sy eie staanplek regs en pas aan die binnekant van die oopgeswaai deur. 'n Laai vir glase trek bo die wasbak



uit, en bo dit is 'n kas waarvan jy ook van binne af toegang het.

Die hele romp en onderstel is van vlek-vrye staal, en die binnekant, deure en die opwipdak van aluminium.

Standaarditems op die Chameleon sluit in die breekware, 'n braaipan en twee potte; die wasbak met sy kraan en droog-rak, 'n binnewasbak met 'n kraan en die storkop vir die buitestort; 150ℓ-watertenk (vlek-vrye staal) en -pomp; 6ℓ-gasgeiser; twee 105Ah-diepsiklusbatterye met sy

kragstelsel; 160W-sonpaneel en buite-en binne LED-ligte; twee gassilinders; die L-stoepdak en die binnekaste.

Die wa het 'n 2,5t-geremde as, 'n 2t-koppelstuk en 'n BVM van 1800kg.

Die Chameleon 4 se tarragewig is 1260kg en die Chameleon 2 s'n 40kg ligter.

Pryse Bush Chameleon 2 R475 000; Bush Chameleon 4 R495 000.

Kontak 082 762 9956

info@one4odyssey.co.za

one4odyssey.co.za >



GERIEF
WAT JOU VOLG!

STEALTH CARAVANS

SLUIT OOK NOU ONS B-LIENSIE CUB-REEKS IN

OVERLANDER
634 VOLLE VELD-
VOERTUIG

X-COUNTRY 594
4-BED / 533
3-BED EN 592
EN SUITE

BUSHLodge
XTREME GROND-
PADKARAVAN

OVERLANDER
574 GESINS-
KARAVAN MET
DUBBEL-SLAAP-
BANKE

CUB LIGHT

CUB
X-COUNTRY

BESOEK JOU NAASTE HANDELAAR VIR ONS HUIDIGE REEKS

www.stealthcaravans.co.za

f StealthCaravans



PRETORIA
caravans
& OUTDOOR



KEMPTON CARAVANS & LEISUREWORLD
Natal Caravans & Marine (est. 1960)
Newcastle LeisureWorld
CARA-CAMP

Loftus Caravan City
Middelburg Caravans



MANIAC 4x4

Maniac 4x4 fokus onder meer op gespesialiseerde en pasgemaakte 4x4-produkte, maar het nou ook 'n eie boswa bekend gestel: die Adventure Trailer. Dis 'n tipiese boswa met die daktent bo-op, maar daar's 'n paar nuutjies.

Die opsigtelikste hiervan is aan die agterkant. Twee plat laaie trek bo mekaar uit die agterkant, en hier pas nie minder nie as agt ammokiste in. Wat dit nóg meer besonders maak, is die wasbak van vlekvrystaal op die punt van die onderste laai. Hierdie wasbak is op 'n glyraam gemonteer en skuif kant toe tot langs die kombuis se werkblad. Dit is 'n slim manier om die kombuis te vergroot.

'n Eenplaatgasstoof staan regs op die werkblad en die kas agter dit in die romp is uitgevoer met spons en pasvorms. Hierin is plek vir koppies, glase, borde en eetgerei regdeur tot opsklepels en 'n kombuisskêr.

Reg langsaa trek jy die ys-vrieskas uit die romp en jy sit met 'n besonders luukse kombuis op 'n wa van dié grootte.

Die Adventure Trailer het 'n BVM van 1 500 kg en tarragewig van 630 kg en is toegerus met 16"-wiele. Die as is gegraadeer vir 1 600 kg en die koppelstuk vir 2 000 kg.



“ Die onderstel is van hoëgraadse staal en die bakwerk bestaan uit aluminium en vlekvrystaal. ”



Die onderstel is van hoëgraadse gegalvaniseerde staal en die bakwerk van aluminium en vlekvrystaal.

Die basiese wa kos R198 000, maar teen R156 500 kan jy hom ordentlik toerus. Die twee agterste laaie is R16 000 ekstra en die ys-vrieskas se glyraam R6 500. Die Victron- elektriese stelsel (R17 500) sluit die 105 Ah-diepsiklusbatterij, die ligte en verskeie kragpunte in. Die waterstelsel met 'n 170 l-aluminiumwattertenk, hoëdrukwaterpomp en vlekvrystaalwasbak met kraanmenger is R30 000; al die gaskomponente soos die 4,5 kg-gassilinder, reëlaar, gasgeiser en eenplaatgasstoof R13 500; noodwielrak wat kan swaai R12 000; die 270°-afdak R21 000; en die storthokkie insluit R40 000.

Prys R354 500 (toegerus).

Kontak 021 552 4477 • maniac4x4.co.za

>

BYBEHORE VIR JOU RHINOMAN



NUWE BYBEHORE BESKIKBAAR!



Ammo Box Rack



Utility Drawer - Full



40% Slide for Ammo Box Rack



60% Slide for Ammo Box Rack



Utility Drawer - Half



Small Lock Box for Ammo Box Rack



Large Lock Box for Ammo Box Rack




Utility Unit



Utility Drawer - Fold Down Tray




Full Slides for Ammo Box Rack



Load Box for Ammo Box Rack



Perforated Hanger for Utility Unit



Canopy Folding Table Hanger

+(27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | www.rhinoman.co.za

Beskikbaar by:





OVERLANDER

Dié naam was laasjaar een van die nuwe gesigte met sy Custom 590-model.

Dit is 'n luukse dubbelaswa wat uit glas-versterkte plastiek bestaan en waarmee jy die boendes kan invaar. Die Custom 490 was toe al in die pyplyn, maar die beoogde model is effens verander en het gestalte gekry in die splinternuwe Custom 500.

Hy het 'n enkelas, maar is bykans 'n kloon van die 590. Die breedte (2,1 m), hoogte (2,6 m), kophoogte (1,88 m) en wiel-spoor (1,67 m) is presies dieselfde, maar die lengte verskil: Die 500 is 90 cm korter as die 590 – 6,4 m teenoor 7,3 m.

Buiten die wiele is die plek van die yskas die ooglopendste verskil. Die 590 s'n staan links in die deur soos jy inklim, maar jy kry ook 'n ys-vrieskas ('n 50 l-National Luna) wat voor jou staan soos jy inklim. In die 500 skuif die yskas na waar die 590 se ys-vrieskas staan, en in die deur kry jy twee kaste met 'n mikro-



golfoond bo dit by. Die kragboks met al die stroombrekers skuif ook tot by die deur, in die kassie regs van jou. (In die 590 is dit in 'n kas net verby die bed.) Die stort is kleiner, en weerskante van die bed is ook 'n bietjie minder ruimte vergeleke met die 590, hoewel die beddens presies ewe groot is. Die 500 het twee buitewasbakke, maar hulle sit effens nader aan mekaar omdat daar nie 'n kleiner bakkie – soos op die 590 – tussen die twee is nie.

Ook die neus verander en word meer

gerond. Buiten dat dit help met windweerstand, gee dit ook meer kopruimte bo die wasbak in die badkamer.

Die 500 se BVM verskil met 'n 1000 kg teenoor die van die 590: 2000 kg vir die 500 en 3000 kg vir die 590. Die tarragewig is onderskeidelik 1790 kg en 2480 kg.

Pryse Custom 500 R775 146;
Custom 590 R874 420

Kontak 021 552 7752

info@overlander.life

overlander.life >

BEGIN JOU NUWE AVONTUUR IN DIE
NAYELA OKAPI, LUUKS
EN VEELSYDIG MET WATERDIGTE BAKWERK
EN INNOVERENDE, ESTETIESE ONTWERP.

VESELGLAS MONO-DOP BAKWERK.



OKAPI X



SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR

SONPARK CAMPING & LEISURE

013 492 2996
MYSTIC RIVER-SINGEL 3
RIVERSIDE PARK
NELSPRUIT 1200

LOFTUS KARAVANE

011 792 1456
REPUBLIEKWEG & RABIESTRAAT 150
FONTAINEBLEAU
RANDBURG 2023

PROQUICK LEISURE

082 666 5605
STEVE BIKOSTRAAT 1153
WONDERBOOM-SUID
PRETORIA

CARA-CAMP CARAVAN & OUTDOOR CENTRE

021 852 8215
SOMERSET-WES BUSINESS PARK,
NET AF VAN DIE N2 IN
SOMERSET-WES

TUINROETE WOONWAENS

044 695 2602, 082 377 3297
BOLTONSTRAAT 18, VOORBAAI,
MOSSSELBAAI

NAYELA

058 863 1027
SALES@NAYELA.CO.ZA
WWW.NAYELA.CO.ZA



BUSHWAKKA

Plaaslike kampeersers kry nou ook die geleentheid om Bushwakka se Fakawi-model uit Australië te oorweeg.

Bushwakka is 'n plaaslike vervaardiger en bekend vir sy taai boswone. Die Fakawi gee kopers dus 'n verdere keuse en hulle kan uit twee modelle kies: die H14 en H15. Die syfers verwys na die waens se lengte in voet, maar die slaapkonfigurasie verskil ook. Die H14 is vir 'n paartjie en die H15 het slaapplek vir tot 5 mense.

Die onderstel is van gegalvaniseerde staal en die rompraamwerk van aluminium, en die sintetiese panele het ook aluminium-lae oor. Die Fakawi's kom met elektriese remme, maar dit word plaaslik met inloopremme vervang. Die BVM is 2 330 kg en tarragewig 1 830 kg.

Ons het die H14 op die skou te sien gekry, en hy het onafhanklike vering met dubbele skokbrekers. Daar's onder meer 'n vierplaatgasstoof en ys-vrieskas in die buitekombuis, maar dan is daar ook 'n klein kombuis binne. Dis regs by die deur soos jy inklim: Die yskas is eerste met laaie langsaan, en bo dit is 'n werkblad waarin 'n wasbak versink is. Die mikrogolfoond staan dwars en 'n ent bo die yskas teen die paneel, en in die oorkantse hoek is 'n afgesonderde spatkamer.

Die wa het twee watertens (120 l en 80 l) en 'n gryswatertenk van 45 l. Die gas-elektriese geiser is 14 l en die kragstelsel sluit selfs 'n 2 000 W-omskakelaar in. Die kinders word nie oorgesien nie, want die 17"-TV-skerm is ook deel van die koop.

Prys Fakawi H14 R695 000;

Fakawi H15 R750 000

Kontak 023 342 3438

admin@bushwakka.co.za

bushwakka.co.za



ECHO

Echo het sy Echo 2 herdoop tot die Echo 2 Thunder. Jy kan dit skaars miskyk, want die naam "Thunder" pronk nou lewensgroot op 'n rooi plakker aan die agterkant.

Die vervaardigingsproses van die Echo se drie deure verander; dit word nie meer met 'n pers gevorm nie, maar eerder gevou – dieselfde geld vir die Echo 5-model.

Prys R114 950

Kontak 012 345 3333

of 021 910 3737

echoacc@echo4x4.co.za

echo4x4.co.za



EAST RAND CARAVAN WORLD

Hv/ Elizabeth & Noord Rand Weg * Boksburg

011- 025 7639



Adventure

Xtreme

Jou vakansie begin by ons!

SPARTAN



2-4 JUNIE

HOU DIE DATUM & VERSPREI DIE WOORD



NOMADIK

Nomadik is 'n nuwe kampwavervaardiger met Riaan Bekker aan die stuur. Dit volg op twee jaar se voorbereiding.

Die Nomadik is basies 'n "leë" boswa wat jy kan toerus soos dit jou pas. Hy kom standaard met 'n dakrak waarop 'n daktent pas, en 'n glyraam trek uit by die agter deur. Die noodwiel is op 'n swaairaam voor die agter deur.

Bo albei modderskerms is 'n kas waarvan die deur na onder oopmaak vir 'n werkblad, en agter die blad is twee rakkies elk.

Uit die kas links voor trek laaie wat jy tipies vir kruideniersware kan gebruik as jy jou buite-kombuis hier inrig. Jy kan iets soos 'n gasstoof op die blad hiernaas staanmaak. Maar as jy byvoorbeeld op 'n daktent met 'n kantvertrek besluit wat oor dié deel oopmaak, kan jy die laaie ook vir klere gebruik.

Die opvallendste van die nuwe siksens is die kleur. 'n Rooi, blou en oranje model was by



die skou te sien, maar Riaan sê die waentjies is in enige kleur beskikbaar.

Die tarragewig is 380 kg en die BVM 750 kg – dus sleepgereed vir 'n gewone rybewys. Die onderstel bestaan uit gegalvaniseerde staal en die aluminiumromp het 'n poeierverflaag. Die wa is 2,6 m lank, 1,8 m breed, 1,45 m hoog en het 'n 1,6 t-as met 15"-wiele.

Prys R80 000.

Kontak info@nomadiksa.co.za

f Nomadik Trailers **084 984 6785**



CUSTOM CANOPIES

Custom Canopies het twee van sy modelle aangepas. Die Moremi Lite én XLT se neuskas is weggedoen en word die staanplek vir die noodwiel, wat voorheen deel van die onderstel was. Die Lite se vaste paneel bo die linkerviel maak plek vir 'n werkblad wat platslaan. Die kas agter dit was voorheen 'n kas aan die binnekant. Die deur is aan die agterkant en het voorheen boontoe oopgemaak. Dit maak nou kant toe oop en sorg vir beter kosynhoogte. Die vloer waar jy inklim, is ook met 300 mm verleng, wat jou meer ruimte langs die bed gee. (Die bed is nou ingebou.) Net soos die Lite kry die XLT ook 'n kassie by, maar aan albei kante bo die wiele. Waar die battery voorheen in die neuskas gestaan het, kry dit nou plek in die regterkantse kassie.

Pryse Lite R145 000;

XLT R95 000

Kontak customcanopies4all.co.za >



MOREMI LITE



MOREMI XLT



110 jaar al? Oud maar nog nie koud!



1920s

1940s

1960s

110 jaar gelede het William Stanley Jr. die volstaal vakuumbottel uitgevind. Ons vier hierdie landmerk-herdenking in styl met ons nuwe Milestones Thermal Bottles-versameling.

Ons het in die argiewe gegrawe om inspirasie te neem uit die mees ikoniese en tydlose bottels van die 1920's, 40's en 60's, en kombineer hulle met ons beste isolasie-uitvinding nog - 4D Thermology®.

Hier's tot die volgende 110 jaar van Stanley. #BuiltForLife



STANLEY
SINCE 1913

Beskikbaar by alle vooraanstaande buitelug- en gekeurde onafhanklike winkels. **Awesome Tools** is die eksklusiewe verspreiders van Stanley-produkte in Suid-Afrika.

Tel +27 21 981 6672   www.awesometools.co.za



BADGER

Badger is veral bekend vir sy Extreme-model, maar vir die eerste keer kon voornemende kopers by die skou die Badger Lite te sien kry.

Badger het in der waarheid drie modelle, wat een tussen die Extreme en Lite insluit: die X-Over. Maar in wese is die veselglasbakwerk dieselfde.

Vir 'n wa van dié grootte ken die Badger geen gelyke wat betref ruimte as jy klaar opgeslaan het nie – danksy die unieke manier hoe die koningsgrootte bed uitslaan.

Die Lite is die enigste model wat jy met 'n gewone rybewys mag sleep (hy het 'n BVM van

750kg), maar hy het ook nie remme nie. Vergeleke met die ander twee se tarragewig van onderskeidelik 1240kg en 950kg is die Lite net 560kg. Op die ander twee word 16"- en 15"-wiele gebruik, maar die Lite kry 14".

Standaardtoerusting sluit in die 70ℓ-watertenk; 75ℓ-Flex-ys-vrieskas; die opwasplek; die tweeplaatgasstoof en gassilinder; LED-ligte, die Victron-laaier, DC-DC-laaier en 100Ah-litiumbattery.

Prys R249 000

Kontak 082 490 1117

☎ katie@badgercaravans.co.za

☎ badgercaravans.co.za



ELXV

Elite Luxury Off-road Vehicles het die kleinste van sy Ghari-reeks, die 3.7, ten toon gestel. ELXV het sy buiging op laasjaar se Woonwaskou gemaak en vanjaar by dieselfde skou 'n variant van sy Ghari 4.7 bekend gestel.

Dit is die eerste keer dat voornemende kopers die Ghari 3.7 in sy volle gestalte van nader kon sien. Die Ghari's kom deur die bank met 'n aluminiumonderstel wat ook Al-Ko se Enduro X-onafhanklike vering insluit.

Nie net is die Ghari 3.7 die kortste een van die lot (3,7m) nie, maar hy weeg ook minder. Die twee groter modelle het 'n BVM van onderskeidelik 2 000 kg en 2 100 kg, terwyl die 3.7 s'n 1 900 kg is. Leeg weeg die 3.7 1 300 kg (teenoor die ander twee se 1 400 kg en 1 500 kg). Die dravermoë van al drie is dus dieselfde: 600 kg.

Toerusting soos die kragstelsel (Victron); twee

325 W-sonpanele; twee 200 Ah-litiumsterfosfaat-batterie; 'n 12V-10 000 BTU-lugreëlaar en 14ℓ- Hansen-geiser word op al die modelle gebruik. Die 3.7 se binne-ykas staan regs in die deur en die lugreëlaar daarnaas met die spatkamer in die oorkantse hoek. Die koningin-grootte bed is in die voorkant ingebou met twee enorme vensters aan weerskante.

Prys R597 000

Kontak 084 550 2820

of 082 444 2850

☎ info@elxv.co.za

☎ elxv.co.za >



MADE IN
SOUTH AFRICA



DIS JOU WÊRELD VOEL TUIS



CAMPER - REEKS
Begin vanaf R9890.00



ADVENTURER - REEKS
Begin vanaf R4299.00



XT - REEKS
Begin vanaf R9499.00



Koop aanlyn – Gratis aflewering landwyd

Besoek ons vertoonlokaal of ontdek meer aanlyn
www.falksontents.co.za
+27 87 265 8114

Falkson
tents & outdoor



JAGUAR

Jaguar het sy Zazu 2-model vernuwe met onder meer 'n ander onderstel. Die Zazu was die laaste model wat nog 'n gegalvaniseerde onderstel en aluminiumromp gehad het, maar nou – net soos die res van Jaguar se modelle – word die hele wa van vlekvrystaal gebou. (Die opwipdak is steeds van aluminium.)

Die Zazu is gemik op slepers met die gewone rybewys, wat beteken sy BVM is 750kg (tarragewig 650kg). Jy het wel die opsie vir remme, wat die BVM opskuif tot 1600kg, en 15"-wiele. Die as is vir 1600kg gegradeer en die 14"-wiele is standaard.

Die spoorwydte is ook aangepas en is nou 1570mm vergeleke met die 1800mm van voorheen.

Die venster in die linkerpaneel maak plek vir 'n werkblad bo die wiel. Bo die blad is twee rakke in die romp wat ook twee 220V-sokke insluit.

Die glyraam met plek vir 'n ys-vrieskas van tot 90ℓ en gasstoof bly onveranderd en die afdak is ook deel van die standaardkoop.

Prys R258 750

Kontak 073 333 5554

jaguarcaravans.co.za



Pryse
het vir
die duur van
die skou gegeld
en mag verskil
van die pryse
in die gewone
handel.



COMFYCAMP

Die ComfyCamp, wat laasjaar sy buiging by hierdie skou gemaak het, is terug – met 'n paar veranderinge.

Die opwipdak kry gasstutte om te help met die oplig. Die dak staan 200mm laer as voorheen en daar is nou net 800mm tussen die romp en die dak.

Die tent is nou van Howling Moon, wat dit spesifiek vir die ComfyCamp aangepas het. Die 270°-swaaidak strek nou 1,5m verby die voorste hoek van die ComfyCamp.

Die groot oop kas in die middel van die romp het 'n rak bygekry en daar is nou 'n deur voor die kombuislaaie.

Die wa het 'n gegalvaniseerde onderstel en 'n romp van aluminium, en pleks van die poeierverf kry die wa 'n Raptor-laag.



Die BVM is 750kg, en afhangend van die variant is die tarragewig 495-555kg.

Die ComfyCamp is beskikbaar met slaapplek vir twee of vier mense, en albei het 'n Standard- en Executive-variant.

Prys R198 000-R246 250

Kontak iaan@comfycamp.co.za

comfycamp.co.za 083 256 7748

OVERLANDER

Die Overlander-veldkampeerder is spesifiek gebou as 'n luukse, gerieflike kampeerder wat vinnig opstel. Dit het onafhanklike suspensie, wat dit in staat stel om op enige terrein te gebruik te word.



OVERLANDER 590, DUBBEL-AS



OVERLANDER 500, ENKEL-AS



OVERLANDER 590 EN 500

Kontakbesonderhede: 021 552 7752 | info@overlander.life | www.overlander.life
Vierdestraat 12, Montague Gardens 7441



www.facebook.com/OverlanderCampers



www.instagram.com/overlander_campers



Twêe nuwe Chinese

Die Oosterse voertuigreus Chery het pas twee nuwe handelsmerke op eie bodem bekend gestel: Omoda en Jaecoo, en daar word gesamentlik na hulle verwys as O&J.

Die Omoda C5 is reeds in Suid-Afrika te koop by 'n verstommende 33 takke in 8 provinsies (daar's tans geen handelaar in die Noord-Kaap nie). Pryse vir die Omoda C5 begin by R447 900 en Jaecoo sal binnekort in die land aankom.

Volgens Zhang Guibing, hoofbestuurder van Chery Internasionaal, betree die O&J-handelsmerk die mark met die vierde geleentheidsvenster in die motorbedryf. Hierdie keer is die fokus op nuwe-energievoertuie en -tegnologieë en intelligente mobiliteit. Terselfdertyd verskuif die wêreld na sportnutsmodelle en kruisnutsvoertuie, met al hoe meer modelle in hierdie segment wat die wêreldwye Top 10-verkoopsyfers oorheers.

O&J sal spesifiek kopers in die kruisnuts- en sportnutsmark teiken, veral jong mense. Al die modelle in die O&J-reeks gaan glo 'n baie treffende ontwerp en 'n hoë vlak van tegnologie hê, word beloof.



Die twee handelsmerke sal verskil in terme van hulle ontwerpbenadering. Omoda sal fokus op moderne en sportiewe voertuie terwyl Jaecoo voertuie vir stedelike en veldry-entoesiaste sal aanbied. O&J het 'n teiken van 1,4 miljoen voertuigverkope gestel teen 2030.

Kontak 📞 omoda.co.za

Vaarwel, Land Rover

Die legendariese Britse vervaardiger Jaguar Land Rover gaan sy naam amptelik na JLR verander. Vier voertuigreekse gaan dan onder dié vaandel verkoop word: Jaguar, Range Rover, Discovery en Defender. Die naam Land Rover gaan nie meer gebruik word nie.

"Ons is gaande oor Land Rover, maar daar is nie soveel waarde in daardie naam as in Range Rover nie, en Defender groei toenemend," sê Gerry McGovern, ontwerphoof by JLR.

"Die werklikheid is dat Range Rover sy eie handelsmerk is, en so ook Defender. Klante sê hulle besit 'n Range Rover. Duidelikheid is belangrik wanneer dit by luukshede kom. Land Rover Range Rover SV Autobiography is te vaag," voeg McGovern by.

Die einde van die Land Rover-naam is nie al wat die maatskappy in die mou voer nie: JLR gaan al sy Jaguars uitsluitlik met batterye laat ry. Adrian Mardell, uitvoerende hoof van JLR, sê dit is iets wat vir hom "baie persoonlik" en 'n "onafgehandelde taak" is, nadat hy oorspronklik 32 jaar gelede by Jaguar aangesluit het. "Die Jaguar van 32 jaar gelede is waarheen ons teruggaan – en dit is die regte plek vir ons om te wees."



Ranger kraai koning

Vogens Naamsa, die organisasie wat die verkope en uitvoere van nuwe voertuie monitor, is verkope van nuwe voertuie 0,2% laer as dieselfde tyd verlede jaar. Die daling is grootliks weens swak ekonomiese vooruitsigte en omdat swaar voertuie en busse vanjaar aansienlik minder verkoop het as verlede

jaar. Ligte kommersiële voertuie soos bakkies het egter goed verkoop – en die gewildste onder dié voertuigsoort was die nuwe Ford Ranger. Volgens Naamsa het die verkope van elektriese en hibriede voertuigverkope met 62% toegeneem. Die top 5-verkopers vir April 2023 is soos volg:


Ford Ranger	2 201
Toyota Hilux	2 187
Volkswagen Polo Vivo	1 510
Toyota Corolla Cross	1 281
Suzuki Swift	1 216 >






ULTIMATE Routes

JOU VENNOOT IN ROETE-ONTWERP & -BESPREKINGS



**OORGRENS REISPLANNE VIR
SELF-RY AVONTURE**



**KAMPPLEK- &
LODGE BESPREKINGS**



**4X4-VOERTUIG- &
TOERUSTINGHUUR**

Ultimate Routes is 'n trots Suid-Afrikaanse maatskappy; spesialiste in **reis-bepanning & -besprekings**, volgens jou voorkeure vir **Botswana, Namibië, Zimbabwe, Zambië & Suid-Afrika.**

KLANTE IS MAL OOR ONS:

- ✓ vaardigheid in Afrikaans & Engels
- ✓ kennis oor roetes & akkommodasie
- ✓ gedetailleerde reisplanne & kaarte
- ✓ toegewyde & spoedige kommunikasie



UltimateRoutes



ultimate_routes

www.ultimateroutes.co.za | hello@ultimateroutes.co.za | +27 71 471 4900

Sportage kry 'n diesel



Die jongste Kia Sportage is in September verlede jaar bekend gestel. Die Sportage was aanvanklik slegs in 'n 1,6ℓ- turboaangejaagde petrolenjin beskikbaar, maar 'n 1,6ℓ-turbodiesel is in Mei vanjaar by die reeks gevoeg.

“As 'n vlagdraer van die Kia-handelsmerk het die nuwe Sportage die aandag getrek onder die media en kliënte,” sê Gary Scott, uitvoerende hoof van Kia Suid-Afrika. “Ons is verheug dat die Kia 'n finalis in die 2023 Suid-Afrikaanse Motor van die Jaar-kompetisie is – sulke toekennings bevestig dat die Sportage werklik die beste stedelike sportnutsvoertuig is.”

Die nuwe turbodieselenjin is beskikbaar met 'n verbeterde weergawe van Kia se 7 spoed-dubbelkoppelaar-ratkas (DCT). Die 1582 cc-dieselenjin lewer 100kW krag teen 4000 r.p.m. met 320Nm wringkrak beskikbaar tussen 2000 r.p.m. en 2250 r.p.m. Kia sê sy diesel-Sportage versnel van 0-100 km/h binne 11,4 s en het 'n topspoed van 180 km/h.

Kontak 📞 kia.co.za

Van Johannesburg af Kaap toe met 1 tenk

Isuzu Suid-Afrika en Engen SA het onlangs saamgespan om die eentenk-uitdaging aan te durf. Die uitdaging behels om van Johannesburg af Kaapstad toe te ry met slegs een tenk brandstof. Altesame 10 joernaliste en beïnvloeders het in vyf Isuzu D-Max-bakkies uit Waterval, Johannesburg, vertrek en 1452 km later op Vlaeberg in Kaapstad stilgehou.

Die bakkies is voorberei op Isuzu se verkoopstandaard, hoewel die bande tot op die maksimum druk gepomp was. Die D-Max wat die beste gevaar het, was 'n enkel-kajuit-handratmodel wat slegs 5,5 ℓ/100 km gebruik het – dit is 18,2 km/ℓ.

“Geen sypieëls, luggrade

of enige ander items is uit die voertuie verwyder nie. Die brandstofvlakke is nagegaan en die tenks is onder onafhanklike toesig verseël. Wielbalansering en -belyning is nagegaan om te verseker dat dit binne die aanbevole spesifikasie is,” het Grant McCleery, voormalige renjaer en instrukteur by Isuzu, bevestig.

Hoewel die hoofdoel van die Eentenk-uitdaging was om die doeltreffendheid en bruikbaarheid van die D-Max ten toon te stel, is die geleentheid ook gebruik om bestuurswenke te gee en bestuurders sodoende met die nodige vaardighede toe te rus om die beste werkverrigting en waarde uit hulle voertuig te kry.



Jeep beste klein motor

Die splinternuwe volledige elektriese Jeep Avenger is as die beste klein motor van 2023 aangewys in Brittanje.

Jules Tilstone, besturende direkteur by Jeep in Brittanje, sê: “Ons is verheug om te sien dat die Avenger se uitsonderlike kliënteaanbieding in die kompakte motorsektor erken word. Die Avenger is nou in kompakte vorm beskikbaar, met geen kompromieë in die binne-ruim nie. Ons ploeg voort met die volgende geslag elektriese Jeep-voertuie, en die Avenger is aan die voorpunt van dié opwindende nuwe hoofstuk.”

Die nuwe Avenger is 'n battery-aangedrewe kompakte sportnuts wat net 4 m lank is en in die snelgroeiende B-sportnuts-segment geposisioneer is. Jeep sê die voertuig is gemik op mense wat op soek is na 'n sport-

nuts met kompakte afmetings, en die Avenger het baie ruimte en pakmoontlikhede. Jeep voeg by dat die Avenger van nuuts af ontwerp is as 'n ware Jeep.

Die Jeep Avenger het 'n reikafstand van 400 km en kombineer 'n nuwe elektriese aandrywingsstelsel, 'n unieke 400 V- elektriese motor met 115 kW en 260 Nm wringkrak saam met 'n nuwe 54 kWh-battery.

Die bekendstelling van die Avenger in Europa is die begin van die volgende fase van die elektrifisering van die Jeep-handelsmerk. Teen einde 2030 sal die Jeep-handelsmerk in Europa slegs as elektriese voertuie beskikbaar wees. Dit is tans onduidelik of die Jeep Avenger na Suid-Afrika gaan kom, maar dit is 'n sterk moontlikheid gegewe die groeiende plaaslike aanvraag.

gocamp

NO EXCUSES

CAMPING EQUIPMENT RENTALS



Veldsleepwaens



Daktente & afdakke



Grondtente & gazebo's



Yskaste & verkoelers



Batterye & elektronika



Staptoerusting



Herwinningstoerusting



Kappies



Kombuis toerusting



Avontuur toerusting

Hoekom by ons kamptoerusting huur?

- ✓ **Belê in die ervaring**
Finansieel slim kampeerders wat ons toerusting huur, bestee minder aan eienaarskapkoste en meer aan die ervaring.
- ✓ **Rus jou ten volle uit**
Ons verkry, toets en voorsien die jongste gehaltekampeer- en buitelugtoerusting vanaf topverskaffers. Jy kan seker wees dat die toerusting wat ons verhuur, dieselfde toerusting is wat ons gebruik.

- ✓ **Spaar tyd & geld**
Jy hoef jou nie te bekommer oor berging, instandhouding of versekering nie, en boonop sorg ons span vir die installering en verwydering van groter items op en van jou voertuig.
- ✓ **Probeer dit uit voor jy koop**
As jy by Go Camp huur, gee dit jou die geleentheid om dit uit te probeer voor jy koop, sodat jy presies weet wat om te verwag voor jy in 'n produk belê.



WWW.GOCAMP.CO.ZA

Die kat kom weer

SUZUKI GRAND VITARA



Suzuki se Grand Vitara is ná 'n afwesigheid van drie jaar terug, en dié slag deel hy sy DNS met 'n ander Japannese motorvervaardiger, sê Cyril Klopper.

Suzuki verkoop tans 15 verskillende voertuigmodelle in Suid-Afrika waarvan drie die naam Vitara dra: die kompakte Vitara Brezza en die gewone Vitara – ons het oor albei geskryf in vorige uitgawes – en nou die blinknuwe en groter Grand Vitara.

Met die bekendstelling van die jongste Grand Vitara op George in die Wes-Kaap het ons die in-treevlakmodel, die 1.5 GL met 'n handratkas, én die vlagskipmodel, die 1.5 GLX Hybrid AllGrip met 'n sesspoed- outomatiese ratkas gery, en jy sal dalk verras wees oor watter een ons verkies.

Wat het ons hier?

As die Grand Vitara vir jou bekend lyk, is dit omdat hy en die nuwe Toyota Urban Cruiser feitlik dieselfde voertuig is. Albei is deur Suzuki ontwikkel en word in Toyota se Kirloskar-aanleg in Indië gebou.

“Die vorige geslag Grand Vitara was baie gewild en het daarom 'n besonder lang lewensiklus in Suid-Afrika gehad. Die nuwe model is 'n hervertolking van die Grand Vitara-konsep en is vokome herontwerp – met die fokus op styl, tegnologie en ritgerief,” sê Brendon Carpenter, bemarkingsbestuurder van Suzuki Auto Suid-Afrika.

Binnelangs

Die GL-model kry materiaalstofferings vir sy sitplekke terwyl die duurder GLX leersitplekke het. Die GLX het 'n 9 duim-raakskerm in die



SPESIFIKASIES

Model	1.5 GL
Enjin	1 462 cc-petrolenjin
Krag	77 kW @ 6 000 r.p.m.
Wringkrag	138 Nm @ 4 400 r.p.m.
Ratkas	5 spoed-handrat
Aandrywing	Voorwiel
Grondvryhoogte	210 mm
Brandstofverbruik	7 ℓ/100 km
Tarragewig	1 150 kg
Afmetings	4 365 (l) x 1 795 (b) x 1 645 mm (h)
Veiligheidsgradering	★★★★ (GNCAP 2022, Toyota Urban Cruiser)
Waarborg	5 jaar/200 000 km
Diensplan	6 jaar/90 000 km
Prys	R339 900

EVOLUSIE. Dit is duidelik dat die Grand Vitara deur Suzuki ontwerp is, hoewel hy deur Toyota gebou word. Die bakwerk se lyne herinner sterk aan die vorige Grand Vitara s'n.



VAN DIE MEDEDINGERS
Kompakte sportnutse met 'n klein-kapasiteit-enjin en handratkas



R347 400 Toyota Urban Cruiser 1.5 XR

Hy is effens duurder as die Suzuki en hy't 'n korter waarborgtydperk.



R437 900 Hyundai Creta 1.5 Premium

Dis 'n lekker ryding, maar hy kos R100 000 meer!



R436 995 Kia Seltos 1.6 EX

Die Seltos is ook heelwat duurder as die Grand Vitara.



middelkonsole terwyl die GL 'n effens kleiner 7 duim-weergawe kry – nie dat die verskil so opvallend is nie.

In die GLX word inligting soos snelheid en ratkeuse op die windscherm voor die bestuurder geprojekteer. Dit is na ons mening 'n foefie, maar dit dra wel by tot jou veiligheid omdat jy jou oë op die pad kan hou. Iets wat nie 'n foefie is nie, is die glasdak, wat slegs in die GLX beskikbaar is. Dis lekker om op reën-dae ekstra lig in die kajuit te hê.

Hoe ry hy?

Ons het die grondpaaie oor die Outeniqua-berg getakel en 'n bietjie vinniger gery as wat 'n mens eintlik moet, maar die voorwiel-aangedrewe Grand Vitara het aan die grondpad geklou soos 'n neet. Wanneer die wiele wel vasstrap verloor – en dit het min gebeur – tree die vasstrapbeheer vlugtig in om orde te skep. Die vering is ook nommerpas vir grondpad en die elektriese kragstuur reageer flink. Dit is egter die GL-model se handratkas wat ons die meeste beïndruk het. Ons het lanklaas so 'n lekker koppelaar onder die voet gehad – die ratgange is net die regte lengte en hulle wissel akkuraat.

Toe ons later die GLX AllGrip toetsbestuur, was ons minder beïndruk, want die handrat het ons bederf. Die vlagskipmodel se outo-

matiese ratkas werk gaaf, maar die enjin voel lui en oninspirend vergeleke met die handratmodel. Die GLX is beslis 'n gawe ryding, maar die handratmodel is soveel meer pret om te bestuur.

Die mededingers

Suzuki sê hy ding mee met die Toyota Corolla Cross eerder as die Urban Cruiser, en ons begryp waarom die maatskappy so voel. Wat weeldes betref, is die Grand Vitara inderdaad beter daaraan toe as die Urban Cruiser, veral die GLX AllGrip, hoewel die twee 'n bakwerk en enjin deel. Die Grand Vitara se ander mededingers is die Hyundai Creta en Kia Seltos, wat albei net in die voorwiele aangedryf word.

Dan ding die Grand Vitara natuurlik ook mee met sy eie stalmaats. Moet jy die Vitara Brezza of gewone Vitara koop? Is die hibriede Grand Vitara AllGrip beter as die voorwiel-aangedrewe Grand Vitara? Hoewel ons die GLX se foto's hiernaas gebruik, is ons keuse die doodgewone voorwiel-aangedrewe Grand Vitara GL met 'n handratkas. Hy kos R160 000 minder as die vlagskipmodel, maar hy ry ewe lekker – selfs lekkerder – en ons kan klaarkom sonder katoeters soos die induksielaaier vir jou selfoon en 'n truspieëltjie wat self verdof wanneer die ligte van 'n kar agter jou daarop skyn.

Savubona, Eswatini!

Die ou Swaziland is 'n plek waarvan ons min hoor, ondanks dié land se ligging binne Suid-Afrika se grense. Kom ry saam deur berge en dale om uit te vind hoe dit deesdae daar gaan.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**





Nuus uit Eswatini was nog altyd maar dun gesaai – dis nou buiten die sporadiese bedenklike gedrag van koning Mswati III. Veral ná die Covid-19-inperking voel dit asof dié koninkryk amper heeltemal van ons radar af verdwyn het. Ons gaan loer in om te sien of alles nog in die haak is met ons bure.

Ons spring weg op Badplaas, 'n Forever-oord sowat vyf uur se ry uit Johannesburg. Ons kies hierdie beginpunt omdat dit die laaste kampplek is voor jy die grens Eswatini toe oorsteek.

Van hier af ry ons met die R541-streekpad, ook bekend as die Diepgezetpad, op pad na een van die stilste grensposte wat ons nog gesien het. Die eerste 40km van die Diepgezetpad is geteer voordat dit grondpad word. Skaars 20km later sal jy die spookdorp Diepgezet aantref.

In die November 2018-uitgawe het ons oor dié verlate myndorpie geskryf wat aan die lewe gehou word deur Alan en Liz Eltze. Diepgezet het nes ander asbesmyn-dorpe in 2003 leeggeloop en die huise was aanvanklik in 'n skaflike toestand, selfs tot in 2018. Vandag is daar egter amper niks van die dorp oor nie. Al die geboue >





“

Die eerste dorpie wat jy in Eswatini teëkom, is Bulembu. Dit is 'n pragtige plekkie wat in die jare dertig ontstaan het as 'n asbesmyn.

”

is gestroop van deure, vensters, matte en metaal. Selfs die dakke is weggedra, met die gevolg dat plantegroei die dorp heeltemal verswelg. Die koördinaat is S26.00511 E31.07635, ingeval jy wil sien wat oor is van dié eens pragtige plekkie.

Van Diegezet af is dit 15 km tot by die Josefsdal-Bulembu-grenspas (tye 08:00-16:00). Dis 'n piepklein grenspas wat min verkeer sien, en dit gaan niks langer as 10 minute neem om alles af te handel nie. Onthou jou voertuigregistrasiedokument (of jou bank se grensbriëf), want die Suid-Afrikaanse doeane gaan jou nie daarsonder deurlaat nie. Aan die Swazikant van die grens betaal jy 'n padfonds van R100 per voertuig.

Die eerste dorpie wat jy in Eswatini teëkom, is Bulembu. Dit is 'n pragtige plekkie wat in die jare dertig ontstaan het as 'n asbesmyn. Daarna was dit 'n spookdorp, maar anders as wat met Diegezet gebeur het, het die Swazilandse regering die dorp gerestoureer, en die ou mynhuisies huisves deesdae kinders wat hulle ouers weens MIV/vigs verloor het asook hulle versorgers. Hulpbehoewende Swazi's wat andersins sou moes bedel, woon ook hier en werk by die plaaslike melkery,



heuningplaas, fonteinwaterbotteleringsaanleg, bakkerij en saagmeule. Hier is ook 'n museum op die dorp en 'n lodge waar jy kan aanbly as jy Eswatini se hoogste spits, Emlembe (1862 m), wil uitklim – 'n betreklik maklike 5 uur se stap uit die dorp.



Van Bulembu af volg jy 'n gawe bosboupaadjie deur Eswatini se berge tot op die dorp Piggs Peak, genoem na die prospekteerder William Pigg, maar die inwoners noem hulle pragtige dorp

Spiggy-Speegy, of sommer net Spiggy. (Volgens oorlewering het Pigg se seun glo met 'n nooi Hogg getrou...) Dié dorp, wat in 1884 ontstaan het as 'n goudmyn, is silwerskoon, en gesnoeide vormbome versier die hoofstraat – terloops, netheid is algemeen in Eswatini.

By die Tintsaba-kunsvlytmark kan jy geweefde plekmatjies uit sisal aanskaf. Jy kan ook 'n toer deur die sisalfabriek doen om te sien hoe dié vesels uit geringbome geoes word (R50 p.p.).



SKOON. Piggs Peak se strate (links onder) is werklik skoon en Swazi's word deur kennisgewings (inlas) herinner om nie rommel te strooi nie. Besoek gerus Nsangwini se Boesmantekeeninge (onder) en die suikerrietmuseum.



Nou ry ons suid met die MR1-hoofpad tot jy groot 'n saagmeule aantref – draai hier links op die MR32. Die afdraai (S25.98528 E31.23930) het nie 'n padpredikant nie, maar daar is 'n naambordjie vir die Magugadam. Volg die teerpad vir 7 km en draai af by die aanwyser vir die Nsangwini-Boesmantekeeninge. Na nóg 7 km op 'n slegte grondpad wat amper verg dat jy viertrek inhaak, sal jy by 'n strooihut met die woorde "Rock Art" aankom. Jy't skaars stilgehou of 'n gids verskyn uit die bosse. Jy betaal R70 p.p. en dit neem 15 minute om die bakkrans met die Boesmantekeening te bereik. Die voetpaadjie is erg klipperig en jy moet oppas vir enkels swik.

As jy vanoggend om 08:00 uit Badplaas vertrek het, behoort dit nou rondom 12:00 te wees, en daar lê sowat 100 km vir die dag vir jou voor. Ry 2 km terug op die slegte grondpad wat jou hierheen gebring het, en draai dan skerp regs (S26.05064 E31.29668) op 'n breë grondpad.

Ons ry nou deur landelike dele met derduisende bestaansboerderye. Jy gaan gereeld moet stilhou en wag dat 'n herder 'n trop beeste oor die pad jaag. Iets wat ons opval, is dat 'n mens nie juis honde in Eswatini sien nie, en ook nie bedelaars nie. Kinders sal soms vra vir lekkergoed, maar hulle aanvaar dit wanneer jy nee sê. Trouens, hulle sal dan die Engels wat hulle op skool leer, met jou wil oefen deur te vra van waar jy kom en oor allerlei koeitjies en kalfies gesels.

Die breë grondpad steek mettertyd die Komatirivier oor – jy's vanoggend naby Diepgezet ook oor hom – en mettertyd sluit jy by die geteerde MR6-streekpad aan. Die MR6 word 4 km later die MR5 en jy volg dié pad verby die Sandrivierdam waarna dit die MR24 word. Moet jou nie te veel steur aan die pad se naamsveranderings nie; bly bloot op die teerpad sonder om af te draai.

Sowat 60 km nadat jy op die teerpad geklim het, sal jy 'n padteken vir 'n suikerrietmuseum kry. Gaan loer gerus in as jy meer oor dié gewas te wete wil kom en stroopsoet suikerrietsap wil proe. Ons is nou in die pylvak van dag 1 in Eswatini.

Jou bestemming is die Mbuluzi-wildreservaat. Toegang is gratis as jy kamp en die ontvangsgebou het 'n yskas met koeldrank, maar geen ander proviand nie. Die kampplek het twee ruim krale onder koeltebome, elk met 'n kraan, maar sonder elektrisiteit. Hier is ook ander staanplekke, maar hulle is oop en sonder krag en water. Die ablusiegeriewe is skoon, en as jy warm wil stort, moet >


jy die donkie stook. Die kampterrein is nie omhein nie, en buiten krokodille in die Swart-Mbuluzirivier is die gevaarlikste dier in die Mbuluzi-wildreservaat 'n hiëna. Jy hoef dus nie saans vir jou lewe te vrees nie, maar hou 'n oog op jong kinders as julle in die veld gaan stap.

Die volgende oggend doen ons 'n wild-kykrit deur drie natuureservate wat styf teenaan mekaar lê. Eerste aan die beurt is die Mbuluzi-wildreservaat waar ons gisteraand geslaap het. Die veldwagter by ontvangs gee vir jou 'n kaart waarop die roetes deur die reservaat aangedui word. Indien jy 'n boswa hierheen gesleep het, moet jy dié eerder in die kampplek los en hom kom haak wanneer jy klaar is met jou wildrit. Met ons besoek was sommige paaie in die wildreservaat gesluit weens reënskade en die veldwagter het die verbode paaie op ons kaart met sy pen doodgekras.

Ons kon noord mik na die Shewula-uitkykpunt op die Swart-Mbuluzirivier, maar nie verderaan met die Shangani-sirkelroete ry nie. Daar is omdraaiplek by die Shewula-uitkykpunt, maar dis té knap as jy 'n boswa sleep. Ons kon ook die Lubombo-uitkykpunt besoek – jy moet viertrek inhaak om hierdie bospaadjie te ry – en die sirkelroete na die Mhohlo-voëlskuiling was só erg toegegroei dat ons voertuig se bakverf gekras het. Omtrent 80% van die paadjies deur die park was begaanbaar met ons besoek, en jy kan verwag om onder meer kameelperde, waterbokke en sebras te sien.

Verlaat die Mbuluzi-wildreservaat soos jy hom binnegeery het en draai links op die teerpad. Ons volgende kuierplek is die Mlawula-natuureservaat. Hierdie park se grondpaaie is begaanbaar met 'n gewone stadsmotor, maar met ons besoek was 'n paar van die paaie só erg beskadig deur onlangse reën dat ons eerder 'n viertrekvoertuig sou aanbeveel. Ook hier is die gevaarlikste dier 'n hiëna, en besoekers word aangemoedig om deur die park te stap eerder as ry. Daar's etlike wandelroetes in die park, en die enigste manier om besienswaardighede soos die Mbuluzi-ravyn en Khabane- en Watervalgrotte te sien is te voet. Besoek gerus die Magadzavane-lodge aan die bopunt van die reservaat. Hier is 'n swembad, restaurant en kroeg met lieflike uitsigte. 'n Dag-besoek aan die park kos R70 p.p.

Ry terug soos jy Mlawula binnegeery het





“

Ons kon ook die Lubombo-uitkykpunt besoek – jy moet viertrek inhaak om hierdie bospaadjie te ry...

”

WILD. Die meeste van Eswatini se reservate laat jou toe om jou motor te verlaat omdat daar nie eintlik roofdiere soos leeu is nie – dié word in kampe aangehou. Maar wees tog baie versigtig vir grootwild soos renosters en kameelperde. Voëlkykers kan hulle verlei in 'n groot verskeidenheid spesies.





en draai links op die MR3-streekpad – ná 8 km sal jy die Simunye-buiteklub aantref. Hier is 'n groot supermark indien jy proviand wil aanvul – en ook 'n vulstasie om jou trokkie se tenk vol te gooi.

Net 'n kort entjie suid van Simunye betree ons Eswatini se grootste bewarea: die Koninklike Hlane- nasionale park. Hlane is die persoonlike eiendom van die Dlamini-koningsgesin, en die grond waar die tradisionele *butimba* – of koninklike jag – plaasvind. Jy mag die park besoek terwyl koning Mswati III elders is en jy jou tent by Hlane se kampplek opslaan.

Wat wildkykgeleenthede betref, is Hlane meer op oorsese toeriste gemik. Die selfryoetes was met ons besoek beperk tot slegs twee paaie; indien jy meer van die park wil sien – en ook die omheinde leeuuil wil besoek – moet jy opdok vir 'n rit in een van die park se wildkykvoertuie (pryse begin by R150 p.p. afhangende van die duur).

Ons hou egter daarvan om ons eie voertuig te bestuur. As jy dieselfde voel, moet jy jou boswa afhaak en op jou staanplek los. Een selfryoete loop suid uit die kamp na die Mahlindza-watergat en die ander is die Tambotipad wat jou na die noorde van die park neem. By die Mahlindza-watergat mag jy uit jou voertuig klim en jou lenskamera na die voëlskuiling neem om voëls en seekoeie te kiek. Die Tambotipad neem jou deur 'n groot aasvoëlkolonie wat op die droë takke van hardekoolbome vergader. Sommige van hierdie bome is 'n duisend jaar oud en deels die rede vir die stigting van die park.

Hier is ook heelwat renosters. Ons moes sowaar voor 'n veglustige bul vlug wat ons ryding met sy horing wou bydam! 'n Mens sien gereeld gewapende veldwagters op patrollie wat stropers soek.

Jou wildbesigtiging is nou eers verby, want dis tyd om langs 'n kampvuurtjie uit te span. Maar as jy gou eers jou mense by die huis wil laat weet jy's veilig, kan jy die wifi by ontvangs gebruik – dit kos R50 vir 500 MB.

Die kampplek by Ndlovu het geen elektrisiteit of water nie, maar jy kamp op gras en in die koelte van groot bome. Die personeel sal saans 'n lantern in die ablusieblok aansteek en die storte maak staat op gasverwarmers. Snags hoor jy die nurk van seekoeie in die watergat skaars 100m van jou tent af. Toemaar, Hlane se kampplek is omhein... al is dit net effens dunnerige skaapdraad. >

Op die derde dag van ons reis deur Eswatini ry ons deur die sentrale deel van die koninkryk. Sodra ons deur die hek is, draai ons regs op die geteerde MR3 en ry heelpad teerpad tot op die dorp Manzini, sowat 70km van Hlane af.

Manzini is in die jare sewentig deur Suid-Afrikaners bewoon, veral ingenieurs en hulle gesinne, en sommige van die dorp se strate dra steeds die ou Afrikaanse vanne: Daar's 'n Villiers-, Martins-, Louw- en Du Toitstraat.

Volg Dr. David Hynde-straat deur Manzini en sluit mettertyd by die MR9-streekpad aan – 17 km nadat jy die MR9 bereik het, draai jy dan regs op die D8- ondergeskikte pad. Die pad-predikant is soek, maar daar's 'n groot advertensiebord vir die Nkonyeni-lodge-en-gholflandgoed. Die pad loop verby die landgoed, waarna dit die D14 en later grondpad word.

Dis 'n interessante grondpad wat jou met steil bergpasse deur 'n bergagtige landskap neem. Ons moes in 'n stadium viertrek inhaak, wat beteken dis glad nie geskik vir 'n gewone sedanmotor nie. Op een verruklike plato het ons op 'n kudde nguni's afgekom wat deur 'n malutihond opgepas word, 'n ras soortgelyk aan 'n Anatoliese herdershond, maar meer geskik vir Eswatini se warmer klimaat. Kort daarna is ons verby 'n groep huise met 'n naambord wat lui "Royal Kraal". Dalk een van Mswati III se vele beesplase?

Die grondpad loop uiteindelik dood in die geteerde MR4-streekpad waar jy regs draai in die rigting van Mankayane (hier is 'n padpredikant). Ons ry nou 38 km noord tot op die dorp Malkerns.

Malkerns is bekend vir sy kersfabriek, Swazi Candles, waar jy interessante kerse en seep kan koop as

geskenke vir jou mense by die huis óf vir jouself as aandenking. Hier is ook 'n ope-lugmark waar jy geweefde mandjies en bont lappe kan aanskaf teen toerismepryse. Swazi Candles lê op die buiterand van die dorp, langs die MR18-streekpad, en is elke dag oop van 08:00 tot 17:00.

Keer terug na die middedorp en volg die MR27 vir 6 km noord tot jy by die MR103 uitkom. Draai hier links by die bordjie vir die Mlilwane-wildreservaat, Eswatini se oudste bewarea. By Mlilwane betaal jy toegangsgeld van R80 p.p. by die hoofhek. Hier is 'n gedenksaal vir koning Sobhuza II, Mlilwane se eerste beskermheer, asook plakkate wat erkenning gee aan die Reilly-familie wat hulle Mlilwane-plaas omskep het in die wildreservaat wat later sou volg.

Ry nou deur 'n breë vleiland waarop rooibokke, vlakvarke en sebras wei, en oor 'n damwal tot by 'n laning

“

Die Tambotipad neem jou deur 'n groot aasvoëlkolonie wat op die droë takke van hardekoolbome vergader.

”



AGTERPAD. Die D14-grondpad (bo) neem jou deur treffende landskappe hoog in die berge. Moenie skroom om die bosboupaadjies rondom Malkerns (onder) te verken nie, want dit neem jou na interessante besienswaardighede soos die Engwenyameni-waterval.

Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Ja, pasop net vir diere, veral beeste wat los rondloop.

Hoe lank? Die roete soos ons hom hier bespreek, is 700 km lank en duur min of meer 5 dae indien jy slegs een aand op 'n plek oorbly.

Waarmee moet ek ry? Van die grondpaaie is erg modderig as dit gereën het, en ander paaie is klipperig. Daarom stel ons voor jy ry met 'n viertrekvoertuig.

Hoeveel brandstof het ek nodig? Vulstasies is volop en petrol kos R3 per liter goedkoper as in Suid-Afrika.

Mag my hond saamry? Die reservate laat ongelukkig nie troeteldiere toe nie.

Watter noodtoerusting moet ek pak? Die wet vereis 'n glimbaadjie en nooddriehoek. 'n Bandherstelstel is altyd nuttig.

Kan ek met 'n motorfiets hier ry? Jy kan inderdaad. Die reservate is huiwerig om motorfietse in te laat, maar hulle maak soms 'n vergunning as dit 'n groot avontuurmotorfiets is.



bome waaragter Mlilwane se ontvangslê. (Die dam is vol krokodille.) As jy gister nie al jou wifi-data by Hlane gebruik het nie, kan jy dit hier klaarmaak, want dis dieselfde netwerk met dieselfde wagwoord. Hier's 'n restaurant, swembad, winkel en rondawels.

Ons mik egter kampplek toe met sy toringhoë bome. Hier's geboude braai-plekke en elektrisiteit, en elke drie staanplekke deel 'n kraan en vullisdrom. Die ablusieblok is netjies met skottelgoed- en klerewasgeriewe. Moenie jou boeglam skrik as jy laataand 'n geritsel in die bosse hoor nie; dis die njalas. Hulle is só mak dat 'n buurman geskerts het hy wens een klim op sy rooster om homself te braai...

Die laaste been van ons toer is slegs 100 km, maar dit gaan jou heeldag besig hou. Verlaat Mlilwane soos jy die plek binnegery het en draai links op die MR103-streekpad. Vandat jy gedraai het, is dit 1,6 km tot op die dorp Lobamba waar 'n padteken jou na regs stuur, na die Nasionale Museum en die Koning Sobhuza II-gedenkpark.

Die gedenkpark bestaan uit 'n saal waarin die ou koning se lewe in foto's uitgebeeld word – en drie van sy ampsmotors staan hier geparkeer: twee Buics en 'n Cadillac. Die tweede gebou is 'n mausoleum waarin die koning se oorskot 'n tyd lank in staatsie gehou is. Die derde bousel is 'n koepel waaronder 'n standbeeld

van die koning staan. Jy mag foto's van alles neem buiten die mausoleum – uit respek – hoewel die Dlamini-koningsgesin se graftombe eintlik in die Mbilaneni-berg in die suide van die land geleë is.

Oorkant die pad van die gedenkpark is die Nasionale Museum waar jy alles en nog wat oor die Swazi's se kultuur en geskiedenis kan leer. Hier staan nóg motors wat deur Sobhuza II besit is, en in 'n klein saaltjie staan opgestopte diere met glasoë. Dit kos R150 p.p. vir toegang tot die gedenkpark én museum.

Verlaat die museum en ry 1 km verder noord met die MR103 tot by 'n padpredikant vir Matenga – draai hier links. Volg die teerpad tot by die ingangshek van >

Nuttige sêgoed in Swazi


Skoolonderrig is in Engels, en daarom kan feitlik alle Swazi's ouer as 7 jaar dié taal praat – trouens, ons ervaring is dat Swazi's graag hulle Engels wil oefen.

Dit tel in jou guns as jy 'n polisieman in sy huistaal kan groet. Ons het ook gevind dat Swazi's graag groet met: "Hello, how are you?" en dan word daar verwag jy moet ook uitvra oor hoe dit met hulle gaan.

Hallo	Sawubona
Hoe gaan dit?	Unjani
Dankie	Ngiyabonga
Los my uit!	Ngiyekele!
Ek verstaan nie	Angiva
Praat jy Engels?	Uyasatiyini siNgisi?



KULTUUR. Die Matengakraal (bo) bied daaglikse dansvertonings aan – as jy dit misgeloop het, is daar altyd die Matenga-waterval wat beïndruk. Sluit jou middae af met 'n yskoue Sebebe-bier wat genoem is na die wêreld se grootste granietrots (middel regs).





Hier het ons gebly

Forever Badplaas

☎ 017 844 8000

✉ badplaas@foreversa.co.za

🌐 foreverbadplaas.co.za

Prys R950 per rondawel

Mbuluzi-wildreservaat

☎ 00 268 7625 9380

✉ mbuluzireception@gmail.com

🌐 mbuluzi.com

Prys R150 p.p. om te kamp

Hlane- nasionale park

☎ 00 268 2528 1000

✉ reservations@biggameparks.org

🌐 biggameparks.org

Prys R145 p.p. om te kamp en

R80 p.p. toegangsgeld

Milwane-wildreservaat

☎ 00 268 2528 1000

✉ reservations@biggameparks.org

🌐 biggameparks.org

Prys R145 p.p. om te kamp en

R80 p.p. toegangsgeld

Malolotja-natuurreservaat

☎ 00 268 2444 3241

✉ culturalvillage@sntc.org.sz

🌐 eswatininaturereserves.com

Prys R570 per selfsorgeenheid



die Matenga-kraal. Toegang kos R150 p.p.

Twee pieke wat die Borste van Skeba gedoop is – koning Salomo se liefdesbelangstelling – troon bo die tradisionele kraal uit. Die “bors” direk bo die kraal staan ook bekend as die laksmanrots... omdat mense wat van hekserij verdink is, destyds hier afgegooi is.

Kleurryke tradisionele danspassies wat die *sibhaca* genoem word, vind elke dag om 11:15 in die kraal plaas – iets waarvoor busse vol toeriste opdaag. As dit nie jou soort ding is nie, kan jy die pad langs die Lusushwanarivier verder die Myonyaneberge in volg tot by die pragtige Mantengawaterval. Die waterval is die grootste van sy soort in Eswatini, en hier is 'n gawe piekniekplek naby die onderpunt – pasop net vir bobbejane en blou-apies wat graag jou toebroodjies wil gaps.

Ons keer terug na die MR103 en volg die pad tot by die MR3-snelweg – 'n breë en haastige teerpad – tot in Eswatini se hoofstad, Mbabane. Neem die hoofstraat, Mahlokohlastraat, tot in die middestad en volg hierna Gwamilestraat tot aan die buitewyke van Mbabane.

Net 8 km buite die middestad is die Sibebe-rots, die wêreld se grootste granietrots wat 1488m hoog is met 'n oppervlakte van 165 km². Slegs Australië se Uluru-rots is groter, maar hy's van sandsteen. Eswatini se plaaslike bier, Sibebe Lager, is na die rots genoem. Daar is 'n aftrekplek onder die Sibebe-rots by die koördinaat S26.25847 E31.16747.

Keer nou terug na Mbabane en volg die MR3 tot by die afdraai vir Piggs Peak, Motjane en Sigangeni – hier verlaat jy die snelweg. Ry met 'n duikweg onderdeur die MR3 in die rigting van Sigagani, en draai onmiddellik links na Motjane-Wes. Hierdie pad neem jou na Ngwenya en spesifiek Ngwenya Glass. Dié glasfabriek vervaardig die mooiste drinkglase en blomvase. Langs die fabriek is Ngwenya Glass se eie winkel, 'n restaurant, jenewerhandelaar en 'n kunsvlytmark.

Nadat jy aandenkings gekoop het en iets te ete gehad het by die restaurant, is dit tyd om na jou laaste oornagplek te mik. Ry met die MR3 terug in Mbabane se rigting, maar neem die heel eerste afdraai na die MR1-streekpad. Sy padpredikant

stuur jou na Piggs Peak – 18 km nadat jy van die MR3 afgedraai het, is jy dan by die hoofhek vir die Malolotja-natuurreservaat, ons laaste oornagplek in Eswatini.

Malolotja is 'n stappersparadys – hier is meer as 300 km se wandelpaai – en daar word nie eintlik voorsiening gemaak vir private voertuie nie. Jy mag ry tot by die kampplek en lodge, en dis al. Dit is egter 'n aangrypende plek met golwende heuwels en 'n skynbaar oneindige grasvlakte. By die lodge is 'n klompie selfsorghuise en 'n restaurant met 'n kroeg. Die kampplek is 300 m van die lodge af en die staanplekke is pragtig. Die ablusieblok kort wel aandag – as dit nie was vir 'n stukende toilet aan die mans se kant en die geskeurde stortgordyne nie, sou ons dit moontlik as die beste kampplek op hierdie toer kon beskou.

Vanaand sit jy langs 'n kampvuur en dink terug aan hoe vriendelik en innemend Eswatini se mense is. Hier is nie twis tussen etniese bevolkingsgroepe, beurtkrag of woekerende misdaad nie. Maak 'n plan en besoek jou vriendelike buurland. Jy sal nie spyt wees nie. 🌟



Vind rus in die *Overberg*

Aan weerskante van Stanford is twee nuwe kampplekke waar 'n mens kan stil raak in die natuur terwyl die ywer weer in jou ontwaak.

Teks en foto's **Leon Botha**



R43
nus



Om in die natuur te kamp bly maar net die beste medisyne teen die lewese dolle gejaag. En vir sommige is die afwesigheid van besige waterwurms, rye mense voor 'n kosstalletjie en niemand wat reg teen jou kamp opslaen nie, ook so na aan hemels as kan kom. Jy maak jou woonwadeur oop en die dag se stilte neem oor. Salig.

'n Mens kan Stanford sekerlik ook so beskryf. Die dorp se karkater lok toeriste wat die rustigheid verkies bo bedrwyge bestemmings soos die nabygeleë Hermanus.

In Hermanus se rigting kan jy 6 km buite die dorp by die Rivers End-plaas afsaal en jou kampstoel staanmaak langs die Kleinrivier-strandmeer. Jy kan ook 10 km binneland toe koers kies en by die Filicita Country-lodge uitspan langs 'n klein dam met 'n natuurlike tuin waaraan 'n mens jou kan verkyk.

Ons ry eerste hiernatoe.

FELICITA COUNTRY-LODGE 'n Woud van ander hout

By die Filicita Country-lodge kamp jy langs en onder merkwaardige melkhoutbome. Die natuur het spontaan bygedra tot 'n lieflike kampplek, maar jy moet eers hier uitkom.

Net meer as 4 km buite die dorp draai jy af op 'n breë grondpad, en 3,4 km verder draai jy weer regs af op 'n kleiner grondpad. 'n Derde afdraai is net 450 m verder waar 'n plaashek wag. By die hek staan 'n bord met 'n pyl wat wys na die hek toe, en doer op die oorkantse horison loop die Kleinrivierberg sterk op pad Hermanus toe. Voor die hek is twee lae muurtjies weerskante van die ingang gebou, en dit laat die ingang smaller lyk as wat dit is. Gelukkig is die smalste punt van die hek op die kop 3 m, wat beteken jy kan met enige woonwa hierdeur pas.

Jy staan nou op 'n tweespoorpaadjie, en dit gaan beter wees as jou sleepding mooi agter jou in die spore kan draf, veral 'n entjie verderaan. >



Die tweespoor loop oor 'n bult deur 'n wattelbos en dan 'n bloekompos. Dis net hier waar jy moet wakker slaap met 'n voorwiel-aangedrewe voertuig en 'n wa op die haak. Die paadjie word sanderig en 'n mens moet momentum behou om nie vas te val nie. Ons is hier deur met die nuwe Mahindra XUV700 en 'n Invader Duo X op die haak – dit kán dus gedoen word. Dis ook hier waar die selfoonseins jou miskyk, maar gelukkig is die hele paadjie net 1,5km tot by die eintlike hek van die kampplek.

Jonas Makathi, die kampbestuurder, wag ons in met sy rooi T-hemp en verduidelik ons moet weer af teen die bult en stilhou op die grasperk 70m verder. Jy staan nou teen 'n muur van melk-houtbome, maar wat jy nié kan sien nie, is die dam agter dit. Daar's 'n lieflike grasperk rondom en op dele daarvan kan jy kamp opslaan. Jy mag ook hierin swem, en as jy van die swartbaars vang, moet hulle weer terug.

Op die verste punt anderkant die water is 'n lekker oop stuk gras – dié deel het 'n effense helling, maar jy sal 'n hele paar tente hier kan opslaan. Om tot hier te kom moet jy oor die dam se wal ry wat omtrent net so breed is soos jou voertuig. Jy gaan nie 'n hoë woonwa hier deurkry nie, want van die bome staan te naby. 'n Boswa wat mooi agter jou sleepvoertuig weggroep, sal maklik deurkom.

Die naaste kragpunt met sy huisprop is ongeveer 30m weg onder die melk-

houtbome, en die grasperk self is oop sonder koelbome.

Jy kan ook aan die ander kant kamp. Hiervoor ry jy verby die grasperk waar jy afgetrek het, en dan swaai die paadjie skerp links. In die eerste draai is die sand mooi los – ons moes teen 'n stewige spoed deurry. Gelukkig is Jonas byderhand met sy ou Land Rover Discovery met 'n "TD1"-kenteken op sy stert.

Jy staan nou aan die ander kant van die grasperk, ook langs die water. Hier is genoeg gras vir tot twee groterige waens, maar dit is ook waar 'n ou groengeverfde woonwa staan. Al sy kentekens is toegeverf, maar hy dateer waarskynlik uit die vroeë jare tagtig. Die oordmense noem dit die Varacan en jy kan bespreek om daarin oor te bly. Dis gaaf as jy vriende wil saamnooi wat nie hulle eie kampgoed het nie, en jy kan dan sommer langsaan opslaan. Dié kant van die dam het geen kragpunte nie, behalwe as jy krag aanlê van die Varacan af.

Die Varacan se binnekant is ordentlik opgedollie met 'n skaakbordvloer en al. Daar's selfs 'n mikrogolfoond, klein yskas, gasstoof plus breekware en 'n oop hangkas. Aan die voorkant is 'n deursigtige veselglasafdak opgesit met 'n groen grondseil wat nogal soos gras lyk. Voor die deur is 'n ou staaltrappie wat lyk of dit deel van die wa se oorspronklike toerusting kon wees.

Agter die wa is die buitestort wat heel privaat is met gruisklippies op die grond en 'n stortkop in die takke. Dis net die



UITGEVAT. As jy nie 'n woonwa het nie, kan jy die Varacan probeer. Dis 'n ou model wat netjies opgedollie is met al die nodige geriewe binne. Dit sluit 'n badkamer uit wat jy met die res van die kampeerders deel.





“

Jy staan nou teen 'n muur van melkhoutbome, maar wat jy nie kan sien nie, is die dam agter dit.

”



ding in die somer, want dis koue water...

Oorkant die Varacan is daar reg langs die water 'n redelike koelteboom met een bankie onder dit. Hier kan jy rustig raak en oor die dam uitkyk.

Filicita se unieke eienskap lê weggesteek in die bos tussen die twee kampkante. Die twee houtdeure wat jy regs op die rand van die bos sien, is in der waarheid die twee storte. Die onderste deel van die struktuur is met dakplaat bedek en aan die bokant met hout afgerond.

Die twee storte is eenders, maar die regterkantse een is deels oop na die bosse toe – hier stort jy dus as 't ware in die natuur.

Selfs al word die twee storte gelyktydig gebruik, bly die waterdruk sterk genoeg

– én daar's genoeg warm water vir almal te danke aan die gasgeiser. Jy staan op 'n paar betonblokke op die vloer met gruis-klippies rondom. Die wêreld is sanderig en die water dreineer blitsig.

Aan die storte se rugkant is 'n soort wendyhuys waarin twee toilette is, en buite die vertrek is 'n wasbak met een koue kraan vir die skottelgoed.

Van hier af strek 'n enorme stuk aarde onder die melkhoutbome uit. Hierdie grond is skoongemaak met 'n tweede sink-struktuur. Dié is in die vorm van 'n kroegie met 'n toonbank en drie swaaië voor dit om op te sit. 'n Kroeg en swaaië is waarskynlik nie goeie maats nie, maar jy kan die werkblad ook vir opskepplek gebruik as julle onder die blaredak kom kuier.

'n Paal met 'n skakelaar staan omtrent in die middel van die oop ruimte. Van die paal af loop 'n elektriese koord bolangs deur die takke met gloeilampe elke ent – dit lyk byna soos 'n string pèrels wanneer jy dit aanskakel.

Daar is ook ligte in die “kroeg”, en agter die toonbank is 'n kragpunt (ook vir USB). Die skakelaar vir die tuinligte skakel ook die lig in die stort aan.

Gelukkig gaan jy nie sukkel met 'n wisselagtige kragtoevoer nie, want Filicita gebruik sonkrag en gas.

Hier staan nog 'n houtbankie en tafel of twee, maar niks keer jou om die kampstoele nader te dra vir 'n lekker kuier rondom die vierkantige vuurput wat ook hier gebou is nie – dit het 'n los rooster. >



STILLE WATERS. Op die verste punt van die dam is 'n bruggie. Jy mag in die water swem én hengel. Vir die kleintjies is hier 'n skaalmodel-plaasdam waarin hulle kan plas. Dis aan die kant van die Varacan op pad na die badkamers toe.





Stap 'n entjie verderaan met die inry-pad en kyk of jy van die plantegroei in die omgewing kan eien. Ons is geen kenners nie, maar met behulp van 'n foon-app kon ons die *Erica versicolor*-struik identifiseer – en ook die grootgeelbos, geelrankspeldekussing, hondegesiggies en ligene wat die bome vol groei.

Hier is geen tekort aan wilde diere nie, en ons praat nie van Queenie, die hondmak volstruis, wat hier rondloop nie. Wees ook op die uitkyk vir molslange. Ons het 'n bielie raakgekoop in die spoor van ons voertuig in die sand. Dit verklaar dalk al die molshope... As jy in jou kampstoel stilsit, kan jy sien hoe van hierdie hopies groei soos daar gemyn word.

Ons was ongelukkig om 'n draai te maak net toe die perdevliegseisoen aanbreek. Dié pestilensies het geen einde nie en is selfs knaender as muskiete. Blykbaar is dit net die wyfies wat byt, maar daardie monddele saag omtrent deur jou vel en jy sit maklik met 'n bloedkol. Jou insekweerder is dus 'n moet.

As jy 'n rukkies stilsit op die houtbankie langs die dam, kan jy dalk gelukkig genoeg wees om te sien hoe mikstertbyvangers soos kamikazes op die water afpyl, met 'n groot gespartel rondplas en dan weer uitvlieg tot op die naaste tak om die vere reg te skud.

Dis laatmiddag en ons sit terug in die kampstoele. Soos die son besgee, hoor ons 'n gebrul wat die bloed laat stol. Hier is sowaar leeus, maar hulle is op die bure se plaas sowat 400 m weg. Die eerste nag het die ouens knaend 'n brulgesprek gevoer, maar die tweede aand was dit stiller. >



Kortliks | Felicita Country-lodge



Kampplek 'n Grasperk rondom 'n kleinerige dam waarop jy kan kamp opslaan waar jy wil. Hier is plek vir hoogstens 15 kampeers, maar as jy bespreek, is die plek joune. Jy mag in die dam swem én daar's 'n klein "plaassinkdam" vir die kleintjies. Die selfoonsein is wisselvallig.

Ablusiegeriewe Amper spartaans, maar netjies genoeg om weer te kom. Een van die 2 storte is deels oop in die natuur.

Prys R300 p.p.p.n. en R700 p.p.p.n. vir die Varacan.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak 📧 guest@felicita.co.za

📞 felicita.co.za ☎ 084 594 9999

Naaste dorp Stanford 9,8 km.

Hoe lyk die pad? Daar's 5,4 km goeie grondpad, maar die laaste 1,5 km daarvan is effens sanderig.

GPS S34.447376 E19.531454

Ry & Sleep sê Felicita se kampplek is splinternuut. Die naam verwys na die Romeinse godin Fausta Felicita, volgens die oordmense. "Felicita" beteken glo "geluk, 'n toestand van goddelik geïnspireerde seën en saligheid".



SLANG IN DIE GRAS. Jy kamp in die natuur, wat ook die blyplek is van allerhande ongediertes, waaronder natuurlik slange. Maar as jy hom nie pla nie, pla hy jou nie – hou net die oë oop.

RIVERS END-PLAAS Plat op die aarde

Rivers End het vele dinge in gemeen met Filicita Country-lodge, maar die kampervaring verskil. Rivers End is meer in die oopte en hier is ook meer plek vir verskillende groepe kampeersers.

Om hier uit te kom moet jy terugry Stanford toe en deur die dorp ry, anderkant uit. Direk ná die dorp begin die grondpad, maar met ons besoek was daar padwerk aan die gang om dit te teer.

Ná die padwerk het jy nog net 'n kilometer of twee grondpad tot by Rivers End, maar in die geheel is die bestaande grondpad nie te onaardig nie – dis hier en daar sinkplaat gery.

Die hek is net 6,4 km buite Stanford. Soos jy die dorp verlaat, kronkel die Kleinrivier langs jou in die rigting van Hermanus totdat dit in die Kleinrivierstrandmeer begin opdam. Rivers End is net hier – vandaar die naam – en jy draai regs af met nog sowat 400 m voor jou om tot by die hoofkamp te kom. Dit voel of die Kleinrivierberg nou op jou voorstoep is waar dit agter die water uitroon.

Die ingang het nie 'n hek nie en jy ry tussen twee gepleisterde mure deur met die plek se naam daarop. Regoor die ingang is 'n kleiner ingang waarvan die paadjie in die rigting van 'n rantjie loop. Hierdie is ook deel van Rivers End se grond, en 'n paar kolle is tussen die fynbos skoongemaak sodat jy daar kan opslaan. Maar hier is geen geriewe nie en jy moet 100% selfversorgend wees. (Hier is

geen kragpunte nie.) Terloops, Rivers End het ook hulle eie kragvoorsiening – die woord beurtkrag bestaan nie hier nie.

Net voordat jy afry na die hoofkamp toe, let op na die ry bloekombome wat sowat 300 m voor jou dwars staan. Die eerste groep staanplekke, Blue Gums, is onder dié bome uitgelê, met nog 'n paar, Wetlands, anderkant dit. Dan volg seker die grootste staanplek in die land: Guinea Fowl, ook anderkant die bome.

Tussen die indraai en die bloekombome is Corner Camp links af, wat soos die staanplekke teen die rantjie is. Hier is ook geen geriewe nie, maar jy is nader aan die badkamers (sowat 350 m).

Die badkamers is op die regterkantse punt van die bloekombome, wat beteken dis ook die naaste aan die staanplekke onder die bloekombome.

Dit is 'n netjiese baksteengebou met vier private badkamers – een op elke hoek met 'n buitewasbak vir skottelgoed aan elke kant.

Jou badkamervertrek het 'n oop stort met 'n ronde keramiekwasbak langs aan bo-op 'n gemesselde blad, 'n groot spieël daaragter, en 'n toilet. 'n Gasgeiser sorg vir warm water.

Hier is vier staanplekke by Blue Gums – die eerste een is onder die bome heel links soos wat jy aanvanklik gesien het met die inry, en die res volg verderaan in gelid. Soos met die res van die staanplekke slaan jy kamp op op 'n skoongemaakte stuk grond, maar hier is ook >





SPASIE VIR DIE NASIE. Hier is verskeie groottes staanplekke, maar min indien enige in die land kan by die Guinea Fowl-staanplek kers vashou. Dit is ongeveer 35 x 25 m groot en daar's 'n ordentlike grastapyt maar geen koeltebome nie.





plek langsaan – 'n los braaier wat 'n rooster insluit. Jy het 'n onverbeterlike uitsig op die waters waar tientalle bleshoenders ronddryf en omtrent vir mekaar blaf met daardie hees roep van hulle.

Albei die staanplekke is ruim genoeg vir van die grootste waens met 'n tent. Dis ook waar ons oulike sampioene gesien het. Dit kan moontlik wolhaarinkmus-sampioene wees – die Engelse naam is

“Lawyer's wig”...

Guinea Fowl is dalk die naasbeste staanplek as jy kyk hoe ver dit van die badkamers af is, maar jy het 'n enorme grastapyt wat geen gelyke ken nie. Op dié stuk van 35 x 25 m kan jy staan waar jy wil, maar die kragpunt is in die hoek die naaste aan die badkamers. In dieselfde hoek is ook 'n skadunet, wat vergoed vir die afwesigheid van koeltebome. Voor jou,

“

Op dié stuk van 35 x 25 m kan jy staan waar jy wil, maar die kragpunt is in die hoek die naaste aan die badkamers.

”



een koord in die takke met gloeilampe aan. Jy sit dus nie in die stikdonker soos by die ander staanplekke nie. Ons het 'n kragpunt (huisprop, nes die res) naby die eerste staanplek gesien, en nog een omtrent in die middel van die ry staanplekke. Hier staan ook van die los staalbraaiers wat Wetlands het, en jy kan dit dra tot waar dit vir jou gerieflik is vir die aand se braai.

As jy naby die water wil opslaan, kan jy tussen die twee staanplekke by Wetlands kies. Jy draai voor die bloekombome links af en die pad krul weer regs, terug na die water toe. Jy is nou omtrent 200m van die badkamers af. Die staanplekke is redelik gelyk met gras, en daar is omtrent 20m tussen die twee staanplekke met fynbos tussenin. Dis ook hier waar die kragpunt en kraan vir die verste een van die badkamer af is. Maak dus seker jou verlengkoord is ingepak.

Die staanplek hiernaas het 'n koelteboom wat 'n goeie skerm is teen die oggendson, en die kragpunt is ook nader. Hier staan – net soos soos op die staan-





aan die water se kant, staan hoë struik, maar plek-plek is daar oop kolle waar jy oor die water kan uitkyk.

Ander verblyf is ook beskikbaar: Daar's die groot houthuis langs Guinea Fowl, en 'n omskepte bus tussen Guinea Fowl en Wetlands... maar dié is ook die tuiste van ander gediertes. By die staanplekke oorkant die pad staan 'n bordjie wat waarsku teen slange en bosluise – ons het hoeka weer 'n molslang naby die badkamers gesien. En een wat soos 'n skaapsteker gelyk het, is inderhaas oor die pad.

Die perdevlieë was ook hier, maar om langs een van die mooiste natuurtonele in die land te sit, is dit 'n geringe prys om te betaal vir die voorreg.



Kortliks | Rivers End-plaas



Kampplek Staanplekke met verskeie opsies: van eenkant en selfversorgend, onder bloekombome met krag en lig, langs die water met krag tot 'n staanplek met lowergroen gras met min gelyke, ook met krag.

Ablusiegeriewe 4 netjiese en private badkamers vir almal se gerbuik.

Prys Afhangende van die seisoen R250 p.p.p.n. of R300 p.p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00 (aanpasbaar).

Kontak 082 550 3702 of 082 775 0410

johannesfruits@gmail.com

riversendfarmstanford.com

Naaste dorp Stanford 6,4 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 6,4 km tot by die hek is 'n grondpad met sinkplaat hier en daar, maar 'n groot deel daarvan word eersdaags geteer, dan is daar net sowat 1,5 km grondpad.

GPS S34.430801 E19.386791

Ry & Sleep sê Hier is nie 'n kantoor nie, maar Simbarashe Sibanda staan gereed om jou by die kampplek te verwelkom.

Raak weg in *die verlede*

Skaars 'n hanetree van die plek waar drie provinsies bymekaarkom, kan jy by 'n klein kampplek gaan uitspan op die oewer van die Kliprivier. Verken dan dié deel van die land met sy ryke geskiedenis en mooi landskappe.

Teks en foto's **Helenus Kruger**

Die Oos-Vrystaat se landskappe is omtrent bekoorlik. Die golvende groen heuwels van die somer verkleur tot 'n warm goudgeel in die winter – dan herinner die kaal wilgerboomtakke 'n mens aan die flieks van Tim Burton. Dié deel van die Vrystaat kan selfs sneeu kry.

Ongeveer 40km oos van Vrede lê André en Ansie Podges se Oppi Rooi-plaas-kampterrein knus tussen die Kliprivier en 'n klipkoppie. Die Kliprivier vorm die grens tussen die Vrystaat en Mpumalanga, en hoewel die kampplek in Mpumalanga lê, lyk die suidelike punt

van dié provinsie pure Oos-Vrystaat. As jy dus op soek is na 'n klein en intieme wegbreekplek met geen selfoonsein nie (daar is swakkerige sein sowat 800m van die kamp af), is Oppi Rooiplaas die plek vir jou. Ansie sê sy neem nooit besprekings vir meer as 20 mense nie, en dan ook hoogstens vier waens. Sy sal mense wat mekaar nie ken nie, saam laat bespreek, maar die ideaal is as vriende of familie die hele kamp bespreek. Selfs 'n gesin kan die hele plek bespreek.

Jy is ver van enige dorpsligte af, en op 'n maanliglose aand is dit stikdonker. Dan hang die Melkweg en sterre soos 'n koepeldak bo jou.

Die kampterrein het drie terrasse – twee waarop jy kan tent opslaan en een waar jy reg langs die rivier met jou oggengkoffie en beskuit die dag kan begin. Die rustigheid is byna voelbaar.

Die terrasse is breed genoeg vir jou wa en stoeptent, en loop effens skuins na die rivier se kant toe. Onder jou voete is 'n mat van kikoejoegras, maar ongelukkig is hier geen koeltebome nie.

Hier is ook nie krag nie; dus gaan jy jou sonpanele en batterystelsel moet inpak. Naby die ingang is twee sonkragliggies op pale wat die kamp verlig – hulle skyn nie te sterk nie en steur 'n mens glad nie.

Die kamp het twee krane, groot



braaidromme met roosters en vullisdromme by die opwasplek.

As die somerson begin neerbak, kan jy jou gaan tuismaak in die boma met sy klipbankies en braaiplek in die middel. Dit lê teen die rivier, en daar's 'n reuse-wilgerboom wat van die middel van die dag af skaduwee gooi. Ook hier is 'n sonkragliggie.


Die ablusiegebou lê aan die kant van die kamp, naby die ingang. Hier is twee badkamers, Windpomp en Trekker, en elkeen het 'n stort in 'n sinkhokkie, 'n seepprakkie van klip asook 'n wasbak, spieël, hakies, 'n klipbankie en toilet. 'n Gasgeiser maak die water warm en 'n LED-sonkragliggie maak lig.

Die skottelgoedopwasplek is aan die voorkant van die gebou, onder dak en geplavei – en groot genoeg om ook as 'n kombuis gebruik te word. Bring net jou tafel saam. Hier is 'n ronde kroegtipe tafeltjie en stoele wat van boomstompe gemaak is. Die plek word verlig deur 'n sonkragliggie met 'n bewegingsensor.

Soggens rondom 09:00 kom Busi Tsotetsi die badkamers, skottelgoed-opwasplek en jou braaier en rooster skoonmaak, en teen R30 sal sy ook jou skottelgoed was.

Pak die bergfietse, stapskoene, visgerei, verkykers en voëlboek. Of gryp 'n binneband en reddingsbaadjie – dis gratis – en vaar op die rivier. Jy kan ook vir Woef saambring mits jy vooraf met Ansie reël.

Vir diegene wat rowwer wil kamp, is



STILTE. Ná 'n dag van veldslae, grafte en gedenktekens, is dit terug na die kampplek se rustigheid op die oewer van die Kliprivier.



hier vyf boskampe verder stroomop waar jy heeltemal selfversorgend moet wees. Hier is ook 'n permanente woonwa met slaapplek vir vier mense. Die wa is volledig toegerus; jy moet net jou eie beddegoed bring.

Afhangende van watter kant jy af kom, is Vrede of Volksrust die laaste plekke waar jy voorrade kan aanvul. Jy kan wel hout (R30) en ys (R20) by Ansie kry.

Vir mense wat nie te lank kan stilsit nie, is hier heelwat grondpaaië deur mooi landskappe, verby plase met mielie-

en sojaboonlande, 'n vleiland, 'n ou karaktervolle hotel en 'n goeie skeut oorlogsgeskiedenis om te verken. Pak die piekniekmandjie en maak vol die koffiefles en vat die pad.

Jou eerste stilhouplek is by kmdt.-genl. Piet Joubert en sy vrou se laaste rusplek in die familiebegraafplaas op die plaas Rustfontein (S27.37274 E29.60938). Dit is sowat 9km van Oppi Rooiplaas af, op die R543. Volg die paadjie van Rustfontein se hek af tot jy die begraafplaas 3km verder aan jou regterkant kry (S27.34784 E29.61149). >

“

Die Oos-Vrystaat se grondpaaie roep jou en die horison wag. Jy kan kilometers ver ry sonder om 'n ander mens of voertuig te sien.

”



SLOERTOER. See-koeivlei het drie voëlskuilings en kan manklik 'n daguitappie op sy eie wees. Pak 'n tjoppie en broodjie en braai by die kampplek. Drie van genl. Piet Joubert se kinders is langs sy sarko-faag begrawe.



Joubert was op sy tyd adjunkpresident van die destydse Zuid-Afrikaansche Republiek (die ZAR) en aanvoerder van die Boeremagte in die Eerste Vryheidsoorlog en die begin van die Anglo-Boereoorlog. Hy is op 27 Maart 1900 in Pretoria oorlede, en die sarko-faag wat gebou is met klipblokke wat soos 'n legkaart in mekaar pas, is in 1904 opgerig.

Hierna ry jy terug tot by die R543 waar jy links draai, weer in die rigting van Volksrust. Ná omtrent 9km is jy by Allemansnek (S27.38720 E29.69817).

Voordat jy aanstoot Volksrust toe, draai eers regs op die Memel-grondpad en ry 1,6km tot by die gedenkteken (S27.39974 E29.69202) ter nagedagtenis aan die 15 boerekrygers wat hulle lewe verloor

het in die Slag van Allemansnek. In dié bloedige geveg het genl. Redvers Buller se Britse magte op 11 Junie 1900 deur die Boerelinies gebreek en Volksrust en Charlestown beset.

Draai terug op jou spoor en neem die teerpad tot op Volksrust, klim op die N11 in die rigting van Newcastle, en hou vinnig stil vir 'n bietjie geelvet-biltong by Snowy-biltong langs die N11 in Charlestown (S27.40547 E29.87499).

Van hier af ry jy verder in Newcastle se rigting. Ná 4,5km draai jy regs by die Kwaggasnekbord (S27.44320 E29.86397) en ry 4km bult-op met die grondpad na Majubaneek. Dit is hier waar die Boere op 27 Februarie 1881 die Majubaberg uit is en die Kakies op hulle herrie gegee het.

Die Majuba-terrein (S27.46629 E29.83955) was nie oop met ons besoek nie, maar gaan loer op die webwerf majubaberg.co.za watter aktiwiteite hulle het en hoe jy moet maak om toegang te kry.

Van hier af neem die pad jou tot by die Seekoeivlei-natuurreservaat, 34km verder. Maar hou eers by die gedenk-teken (S27.479928 E29.828640) sowat 2km verder stil – dit is opgerig ter nagedagtenis aan Fannie Knight en G. Roets wat op 6 Mei 1927 deur die Boer Stephanus Swart vermoor is terwyl hy van die polisie gevlug het. Die *Johannesburg Star* het destyds berig Swart was 'n rowwe kalant wat gereeld met die gereg gebots het. Nadat hy agt mense



RUSTIG. Oppi Rooiplaas se kampplek mag dalk klein en basies wees, maar dit beteken nie jy moet sonder die luukse van 'n warm stort klaarkom nie. Die Kliprivier se water wat hier verbyvloei, is op pad Seekoeivlei toe.



doodgeskiet en drie gewond het, het Swart sy eie lewe geneem.

Majubaberg lê agter jou soos jy verder ry – daar is heelwat plekke waar jy 'n mooi uitsig op dié geskiedkundige berg kan kry.

Die vleilande van die Seekoeivlei-natuurreservaat (S27.60452 E29.60661) net noord van Memel is beslis 'n besoek werd. Dit is glo die habitat van 'n kwart van die Vrystaat se bedreigde spesies. Die vleiland is ook die broeiplek van die witbaardsterretjie, bloukraanvoël, mahem én die bedreigde lelkraanvoël. Dit is hier waar die Kliprivier begin – die een wat voor jou Oppi Rooiplaas-kampplek verbyloop.

Hier is voëlskuilings en paadjies waarop

jy kan ry, maar maak net eers seker by die kantoor voor jy ingaan. In die reënseisoen is van die paaie naby die skuilings 'n modderpappery en vassit is waarskynlik jou voorland.

Met ons besoek was daar nie padkaarte of inligtingsbrojures beskikbaar nie, en die kaartmasjien het gesukkel om 'n sein te kry. Neem dus eerder kontant saam. Toegang is R40 p.p. (ook vir kinders) en die tyd 07:00-16:00.

Die aftrekplek van die dag se padvat is by die 109 jaar oue Memel-hotel waar 'n koue bier of lang pienk jenewer en 'n kroegete op jou wag. (Die aangewese bestuurder moet maar by die vaste versings hou...)

Uit Memel draai jy wes by die kruising

Kortliks | Oppi Rooiplaas



Kampplek 'n Oop terrein met geen afgebakende staanplekke nie. Daar's plek vir 4 waens. Hier is gras maar geen skaduwee nie.

Ablusiegeriewe 1 ablusiegebou met 2 badkamers.

Prys Hoofkamp: R100 p.p.p.n (R50 vir kinders o.12 jaar). Boskamp: R75 p.p.p.n. (R50 vir o.12's). Woonwa: R150 p.p.p.n. (R75 vir o.12's). Dagbesoekers betaal R50 p.p.p.d.

Kontak 082 227 4195

ansie.podges@yahoo.com

oppirooiplaas.com

Aankoms- en vertrektyd Geen spesifieke tye nie.

Naaste stad Johannesburg 250 km.

Hoe lyk die pad? Uit Gauteng is dit snelweg, daarna 'n sekondêre teerpad tot by Vrede, waarna dit 40 km grondpad is tot by die kamp.

GPS S27.361418 E29.520983 (plaashek); S27.371718 E29.509023 (kampterrein)


Ry & Sleep sê Die R543-grondpad is nie geskik vir gewone woonwaens nie – en as jy met 'n lae kar ry, gaan jy dit mooi stadig moet vat.

van Voortrekker- en Eufesstraat (by die Volksrustbordjie; S27.679370 E29.566028) en neem die grondpad wat wes van Seekoeivlei verbyloop.

Jy het twee regsdraaie op dié pad: Die eerste is 24km buite die dorp (S27.49878 E29.45040) en dan weer 14km verder om weer om op die R543 te kom (S27.38351 E29.42765). Nou is dit net 15km tot by die kamp.


Hierdie sirkelroete van 180km kan jou maklik agt uur neem, veral as jy heelwat stilhou en tyd by Seekoeivlei deurbring. Maar jy hou mos naweek – vat dit dus rustig en geniet die natuurskoon en die geskiedenislesse. Jy het nie 'n viertrekvoertuig nodig nie, solank jou ryding 'n hoë grondvryhoogte het.

'n Wye Karoo-draai



Vat die pad saam met ons deur die Groot-Karoo, oor die Swartberg tot in die Klein-Karoo.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Jonathan Crawford**



Ons roete begin by die Tankwa-padstal op die R355-grondpad tussen Ceres en Calvinia.

Dit het jou drie uur geneem om van die Kaap af hierheen te ry en jy's seker al rasend honger. Gelukkig sit die padstal heerlike etes voor; oorweeg gerus die roosterkoekburgers met tjips – die UFO-burger (R160) wat ons gehad het, was heerlik.

Neem dan die grondpad wat agter die padstal verbyloop in die rigting van Sutherland. Dis 'n pad wat betreklik min gery word, en daarom moet jy eers by die padstal hoor of dit begaanbaar is. Met ons besoek was daar reënskade, maar ons konvooi van Kia Seltos-sportnutse kon die mas opkom, al was dit so hittete.

Ná 19km sluit ons aan by die R356-grondpad wat goed onderhou word, en 60km later bereik ons die geteerde R354 en Verlatenkloofpas. Ons volgende stop is die Sterrewag en Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT) buite die dorp Sutherland waar ons 'n begeleide toer na die teleskope gaan doen – onthou om vooruit te bespreek vir die toer. Besoek hulle

webwerf by tours.saa.ac.za of bel 023 570 2436. Dit kos R100 p.p. (halfprys vir o.12's en gratis vir die kleintjies o.5). Toere vind Maandae tot Saterdag plaas tussen 10:30 en 14:30. Nagtoere is ook beskikbaar op aanvraag.

Die dag staan einde se kant toe. Daar is heelparty gastehuse en 'n kampplek op die dorp, maar ons mik na die Rogge Cloof-gasteplaas langs die R354 suid van Sutherland. Verblyf wissel van selfsorg-eenhede tot luukse suites – pryse wissel van R1100 p.n. per kamer tot R4600 vir 'n huis met slaapplek vir 8. Die gasteplaas het onlangs wingerd aangeplant en beoog om binnekort hulle eie wyn te maak. Die restaurant sit fantastiese kos voor.

Die volgende dag ry ons verder suid met die R354 tot op die dorpie Matjiesfontein. Hier drink ons 'n lekker beker koffie by die Lord Milner-hotel en besoek die Transportmuseum met sy veteraan-motors, 'n regte Penny Farthing-trapfiets en selfs 'n stel treinwaens.

Ná ons kuiertjie op Matjiesfontein volg ons die N1-snelweg tot op Laingsburg. Sodra jy oor die Buffelsrivier ry, kyk regs >





Wat jy moet weet



Maksimum aantal voertuie? Dis 'n openbare pad en almal wat wil, kan saamry.

Kry ek 'n kaart? Nee, maar die pad word op kaarte aangedui.

Sal my voertuig krap? Nee, dis hoogs onwaarskynlik.

Moet ek 'n kompressor neem? Ja, en ook 'n bandherstelstel.

Kan ek halfpad braai? Ja, daar is braai-plek op hierdie roete.

Kan ek halfpad omdraai? Ja.

Is daar selfoonsein? Die sein is wisselvallig, veral in die berge en klowe.

Beste tyd om te gaan? Heeljaar, maar in Februarie is dit erg warm.

Kan ek my gesin saamneem? Ja, beslis.

Mag my hond saamgaan? Ja, jou hondekind is welkom.

Hoe lank neem dit? Die roete duur minstens 2 dae.

Is daar ablusiegeriewe? Op die dorpe, ja.

Aanwysings Die roete begin by die Tankwa-padstal op die R355 tussen Ceres en Calvinia.

Prys Dit is 'n openbare pad en die roete kos jou dus niks nie.

na die gedenkmuur wat wys hoe hoog die 1981-vloedwater afgekom het.

Draai regs in Van Riebeeckstraat op die Ladismithpad (die R323). Ná 71 km swenk die pad na regs en neem jou deur Seweweekspoort. Met ons besoek het ons egter reguitaan gehou om die Bosluiskloofpas te ry en die Bosch Luys Kloof-lodge te besoek waar ons middagete geniet het. As jy ook die lodge wil besoek, bel 023 581 5046 of bespreek aanlyn by boschluyaskloof.co.za.

Met 'n smaaklike middagete agter die blad ry ons deur Seweweekspoort, een van Suid-Afrika se indrukwekkendste klowe, tot op die tweeling-sendingstasies Amalienstein en Zoar. Hier draai ons regs op die R62-streekpad en ry deur Ladismith tot by die bekende Ronnies Sex Shop. Loer gerus in en ondersteun vir ou Ronnie, al koop jy net 'n koeldrank.

Ons eindbestemming is Barrydale, maar voor ons die toer afsluit, trek ons af by Diesel & Crème vir die lekkerste melkskommels wat jy jou kan voorstel. Parkeer daarna jou toertrokkie voor die Karoo Art-hotel – jou slaapplek vir die aand. Die hotel het selfs kamers waar jou hond welkom is. Pryse in hierdie boetiekhotel wissel van R770 tot R1000 p.p. Sluit jou reis af in die hotel se gewilde kroeg waar die dorpsmense saans kuier – en vra dan sommer oor die Birrydale 365. Ons wil nie die verrassing vir jou bederf nie, maar dit behels 'n verfrissende ontwaking...



“

Dit is 'n pad wat betreklik min gery word, en daarom moet jy eers by die padstal hoor of dit begaanbaar is.

”





KAROO-GASVRYHEID. By Sutherland se Sterrewag staan die indrukwekkende Suid-Afrikaanse Groot Teleskoop (links), en na 'n goeie nagrus op Rogge Cloof-gasteplaas (bo) ry ons die treffende Bosluiskloofpas (onder). Sluit jou reis af op Barrydale by Diesel & Crème (middel onder) waar jy 'n heerlike melkskommel kan geniet.



Hiermee het ons gery

Kia Suid-Afrika het ons genooi om 'n naweek saam met hulle deur te bring. Die vervaardiger het vir alles betaal en die voertuie verskaf. Die Kia Seltos waarmee ons gery het, was die 1,4ℓ -turbopetrol met 'n dubbelkoppelaar- outomatiese ratkas. Kraglewering is 103 kW en die wringkrag syfer 242 Nm teen 1 500 r.p.m. Die vering het ons beïndruk op die grondpaaië, en hoewel die voertuig nie oor allewiel aandrywing beskik nie, het die gawe grondvryhoogte gehelp dat ons deur diep verspoelings kon ry. Pryse begin by R437 000 vir die 1.6 EX-basismodel met 'n handratkas tot die 1.4T DCT GT-line waarmee ons gery het wat jou R533 000 uit die sak sal jaag.

Kontak 📞 kia.co.za





'n Klein juweel

Toe hulle die Anysberg-natuurreservaat vroeër vanjaar die eerste keer besoek, het hulle nie geweet wat om te verwag nie, vertel **Piet en Magda Janse van Rensburg** van Villiersdorp.



“ Ons het voorheen nog net van Anysberg gehoor. Toe ons dus besluit om in die laaste naweek van Maart vanjaar soontoe te gaan, het ons nie 'n benul gehad wat op ons wag nie. Ons het net vir mekaar gesê ons gaan kyk, kom wat wil.

HOE LYK DIE PAD?

Met ons besoek was die 78km grondpad van Touwsrivier af in 'n goeie toestand en ons kon goed vorder. Ons moed het egter 'n bietjie in ons skoene gesak kort nadat ons deur Anysberg se toegangshek is. Die gevoel was dat as die kampplek soos die pad lyk, Is die kans op 'n heerlike belewenis skraal.

Kom ons sê maar net dit het ons ongeveer 'n uur geneem om die 28km van die hek tot by die kampterrein te ry. Dis nie dat die pad noodwendig so sleg is nie, maar daar was plekke waar ons deur drif-fies moes ry en dit het baie tyd geneem. Ons was ook dankbaar dat ons nie met 'n sedan gery het nie. Ek kan nie dink hoe jy die paal sal haal nie.

Weens die onlangse oorstromings in die omgewing was daar nogal baie skade aan





die paaie, maar ek is bly om te kan sê van hulle was met ons besoek al netjies reggemaak. Ons kon wel nie op al die paaie in die reservaat ry nie, want van hulle was nog nie herstel nie.

VERTEL ONS MEER OOR DIE KAMPTERREIN.

Die kampplek het ons aangenaam verras. Die ontvangsgebou het 'n nuwe wit verflaag en lyk baie spoggerig. Die ablusieblok is pynlik netjies en skoon en dit is ook duidelik dat iemand daaglik hier kom skoonmaak.

Die staanplekke – net vyf van hulle – is eweneens netjies en elkeen is behoorlik afgekamp en privaat. Met ons besoek was daar kampeerders op al die staanplekke. Elkeen het 'n braaier, vullisdrom en tafel met bankies en 'n sonsambreel. Die braaiers en vullisdromme word vroeg soggens

skoongemaak deur vriendelike personeel.

Die natuurskoon hier is iets ongeloofliks. Ná die heerlike reën wat in die tyd voor ons besoek hier uitgesak het, was die Karoo absoluut pragtig. Die sonsondergange wat ons beleef het, sal ons lank bybly. Ons wil die bestuur en personeel – én natuurlik Kaapse Natuurbewaring – komplimenteer en bedank vir 'n wonderlike bestemming wat uitstekend bestuur word. Dit is voorwaar 'n juweel.

WAARMEE HOU 'N MENS JOU BESIG?

Die hoofaktiwiteit vir gaste hier blyk stap en fietsry te wees; dus is hier heelwat roetes om te verken. Hier is ook 'n pragtige groot dam waar 'n mens kan gaan afkoel as jy in die warm maande hier kom kuier.

Ons het heelwat diere gesien, waaronder gemsbokke, rooihartbeeste, 'n duiker, koedoes en verskeie voëlspecies. Ons het ook op 'n voetspoor afgekom wat lyk of dit dié van 'n luiperd kan wees. In die kampterrein het 'n gemsbok kom inloer en weggelê aan die gras. Hier is ook perde wat die reservaat se mense vroeg soggens kampterrein toe bring. As jy lus het om te gaan perdry kan jy met hulle reël.

WAT MOET 'N MENS NOG ONTHOU AS JY HIER KOM KAMP?

Weens die bedreiging wat die stompkopkewer vir die plantegroei inhou, mag jy nie jou eie hout saambring nie. Ons het houtskool gebring om mee te braai, maar jy kan ook hout by die ontvangskantoor koop.



WEN Piet en Magda wen 'n Camp Cover Bundu-sak van R400.

Gaan kyk na hulle puik beskermende oortreksels op die webwerf campcover.co.za



Kontak

087 087 3036 capenature.co.za
reservation.alert@capenature.co.za
 GPS S33.463528 E20.588528

'n Gelukkige 13 saam met Lady

Daar is motors wat bekend is en daar is motors wat legendaries is, sê **Danie Pienaar** van die Strand. Hy vertel van sy 1984 Land Cruiser FJ60 met sy 4,23 l-sessilinderpetrolenj.

“**E**k wou so een hê en niks anders nie. En sy moes die Verenigde Nasies se UN-kenteken op die deur hê. Niks minder nie.

Ek het amper vier jaar na haar gesoek en uiteindelik op Windhoek se lughawe gevind – eensaam en sonder 'n baas. Sy was glo een van sestig Land Cruisers wat in die destydse Suidwes-Afrika aangekom het. Dit was in die tyd toe die Verenigde Nasies 'n ogie oor die vredesproses en verkiesing kom hou het. Blykbaar het ses van hierdie Land Cruisers met hulle aankoms iewers tussen Walvisbaai en Windhoek 'verdwyn'.

Ek het R50 000 vir haar betaal. Sy was soos 'n kind met 'n vuil gesig en dit was tyd om 'n waslap nader te trek.

Dié Cruiser was eintlik nie 'n gewone voertuig nie. Sy het bladvere voor én agter gehad, en sy kon korte mette maak van vandag se slagatpaaie. Sy het gewone 4x4-aandrywing sonder 'n ewenaarslot gehad, en die enigste elektronika was die radio. Die ruite moes jy met 'n slinger op- en afdraai, en die sypieëls is só groot jy kon omtrent tot in die vorige geslag sien. Ek kon 'n volle een ton bagasie in en op haar laai en in die pad val na plekke waar min mense dit sou waag.

Ek het baie tyd met haar deurgebring. Alles wat losgeskroef kon word, is uit-, af- of uitmekaargehaal en gerestoureer of vervang – soms met onderdele uit Japan. Ek het elke Saterdag wydsbeen oor die enjin gaan sit en gevra: 'Nou wat haal ons vandag uit?' Sy het nie lugreëling gehad nie, maar eerder iets wat jy as die



“

Ons het feitlik oral aangeklop: Alles suid van die Kongo en die horison was ons mikpunt.

”



VOORBLADNOOI. Die nederige Lady het stil-stil haar merk gemaak. Sy het stadig maar seker die suidelike uithoeke van Afrika verken en diep spore agtergelaat.

verkoelingsaanleg kan beskryf. 'n Mens se brein het omtrent gevries! Sy het ook nie kragremme gehad nie; eerder 'n soort vertragsinstallasie. Wanneer jy rem getrap het, moes die ou sitplekgordels hard werk om jou gesig van die windscherm af te hou.

Letterlik alles in Lady is herontwerp, maar die enjin het onaangeraak gebly. In ons 13 jaar en 750 000 km saam is die enjin nooit oopgemaak nie.

Ek het destyds ook bydraes aan die ou *Buite-Burger* gelewer. Destyds was daar nie juis buitelewetydskrifte nie, en jy moes lank en ver ry om navorsing te doen oor 4x4-roetes en kampplekke. Baie van die plekke wat vandag algemeen bekend is, was destyds totaal ónbekend. Die Cruiser het my sorgeloos teen die uitdagendste 4x4-bergroetes in ons land uitgeneem,

en elke Dinsdag kon ons die koerantleser op datum bring.

Met die koms van GPS-toestelle het die vlaktes vir ons oopgegaan en ek het die handgetekende kaarte van die bekende Jan Joubert ál minder geraadpleeg. As vlieënier het ek aanvanklik probeer om 'n vlug-GPS in te span, maar dit het nie gewerk nie. Ek onthou hoe my vriend Niel de Kock van De Doorns die 'nuwe geslag' GPS op ons lang tog oor die Liuwavlake op die proef gestel het, en selfs toe het ons verdwaal.

Omdat my Land Cruiser so in almal se hart ingekruip het, het Megan Herselman, 'n medejoernalis, haar Lady gedoop.

Só het my pad met Lady oor 'n tydperk van dertien jaar gestrek. Ons het feitlik oral aangeklop: Alles suid van die Kongo en die horison was ons mikpunt.

Op 'n dag het Bun Booyens, die eerste redakteur van *Weg*, ons bymekaargeroep en gesê daar behoort 'n Afrikaanse buitelewetydskrif te wees. (*En die res is geskiedenis! – Red.*) Toe was dit tyd om ernstig aan die werk te spring.

Die gesig van Lady het herhaaldelik die buiteleweblaai gehaal. Vandag sit ek met deernis en blaai deur 'n dik album vol artikels waarin sy verskyn het.

Die herinnering neem my op 'n pad van vele ervarings. Lady was die dertiende voertuig wat deur die Mata-Mata-grenspos is nadat dit oopgestel is. Daar was dae toe ons gewonder het of Lady dit in die sagte sand van die Khaudum gaan maak – dan het sy eenvoudig haar wiele bak gemaak en haar neus laat sak soos 'n bul wat storm – en voortgebeur. >



Hoe lyk jōu wiele?

Stuur 'n e-pos na rysleap@weg.co.za en vertel ons van jou ry- en sleepding.



EENVOUD IN VEELVOUD. Lady het nie veel van 'n blikbrein gehad nie behalwe die radio. Sy het ook geen einde geken nie, maar die dag sou aanbreek wanneer sy moes groet. Vandag pronk haar nommerplaat teen 'n braaikamermuur.



Daar was tye wat sy nie gehuiwer het om aanhou te swem nie, al het haar ligte skaars bo die waters van die Moremi uitgesteek. Op pad na Lüderitz het 'n sandstorm die verf van die onderstel afgeblaas, en 'n ander keer in Botswana het sy heen en weer en dwars in die bos gedraai soos sy onder die modder verdwyn het – skaars herkenbaar. Sy was beslis 'n dapper motor wat haar staal by uitstek getoon het.

Wanneer ek en Lady 'n hele Saterdag tyd saam deurgebring het, was sy só blink sy kon met vrymoedigheid langs die nuutste en modernste staan.

Tog was sy nie 'n voorbarige motor nie;

eerder die onaansienlike kar wat ontwerp is om te dien – soms het ek gevoel die Cruiser is te 'dom' om te breek. Elke keer as ons swaargelaai die pad gevat het, het dit gevoel soos 'n skip wat by die hawe uitvaar. Elke toer was 'n ervaring, en elke keer as ons ver van die beskawing af by ons kampvuur gesit het, het sy getrou in die agtergrond gewag. Al ons vriende was lief vir haar en almal het gesweer ons sal eendag saam begrawe word.

Met die koms van die boswa-era het dit duidelik geword haar 96kW-enjin se asem gaan opraak op die langpad. Ons het vir oulaas die dakrak gepak en met al ons kampgoed, twee yskaste en doelgemaakte rakstelsel vir Lady tot in die Sentral-Kala-

hari geneem om afskeid te neem. Asof 'n paar leeus gemeen het Lady gaan nie weer hier by die Deception-vallei uitkom nie, het die maanhare teen haar wiele kom lê terwyl donderwolke oor ons hang.

Dit was met groot hartseer dat ek moes kyk hoe sy om die straathoek hier in die Strand verdwyn – my vrou, Susan, het haar kar gevat en dorp toe gery, want sy wou nie by wees nie.

Nou ry ons 'n magtige 4ℓ-kar wat ons boswa óf woonwa lag-lag kan sleep. Buiten al die mooi herinneringe het net een ding van Lady oorgebly: Haar nommerplaat wat teen die muur van my braaikamer pronk.




HOU JOU RATTE GEOLIE

As die oop pad of die grondpad roep,
moet jy seker maak jou toerusting
is in die beste kondisie.

Dieselfde geld vir jou liggaam. Om optimaal te funksioneer, insluitend seksueel, moet jy al die elemente van jou urinêre-, voortplantings- en bloedsirkulasiestelsels in orde hou. Vascamen, 'n daaglikse kruieaanvulling wat spesiaal vir mans geformuleer is, kan help om juis dit te doen.

Wanneer die volgende avontuur wink,
en jy kies om jou liefde vir jou maat
te vier, kan jy seker maak
alles loop klopdisseelboom.



W. Y.M. 10/21

Vascamen tablette  Komplementêre medisyne; Kombinasieprodukt.

Elke tablet bevat *Cratogeomys pinnatifida* Bunge (Haagdoorn), *Epimedium brevicornu* Maxim (Geile bokkruid), *Ginkgo biloba* L (Vrekboom), *Tribulus terrestris* L (Duiwelsdoring), *Serenoa repens* (W. Bartram) Small (Soagpalm), Sinksulfaat, Selenium ACC 2%, Likopeen, Laktose en Fruktose. Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA geëvalueer vir die kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik daarvan nie.



Beskikbaar by alle apteke,
Dis-Chem en Clicks.





Namibië toe met 'n wa op die haak

Dit is moontlik om met jou padwa deur Namibië te toer – as jy noordmik en hoofsaaklik op die uitstekende teerpaaie hou, wag 'n reis duisend op jou, sê **Pieter van der Merwe** van Riebeeckstad.

Ná 'n jaar of twee se deeglike beplanning (en spaar) staan ses egpare van Riebeeckstad gereed vir 'n toer van 25 dae en 6000km na Namibië: Jurie en Adriana Blom, Sarel en Ester Griesel, Pedro en Elize Erasmus, Frank en Desirè Korb, Gert en Christien Viljoen en Pieter en Annette van der Merwe. Daar's 'n hele klompie boswaens in die groep – twee Bush Lapas, 'n Conqueror Companion, 'n Sprite Tourer en 'n LeBusha – maar ook 'n Sprite Swing en 'n Gypsy Rapsody. Pieter vertel.

“Ná die skof van 330km op die eerste dag kom ons by die Riverside-lodge naby Ritchie aan waar Hansie en Elize Bekker van Parys hulle by ons aansluit.

Die kampplek hier is 'n gawe en netjiese oornagterief langs die Renosterrivier en die beste een wat ons naby Kimberley kon opspoor.

Met hanekraai – ja, 'n klompie van ons het langs die hoenderhok gestaan! – breek die tweede dag aan wat ons oor Griekwastad en Groblershoop na Oranjerus neem, 'n juweel naby Kanoneiland wat langs die Oranjerivier lê. Deur die Groen-Kalahari anderkant Groblershoop golf die pad met vaste reëlmaat.


Die Oranjerivier, wat verby Oranjerus op hoër vlakke as normaal vloei, is 'n indrukwekkende gesig. Dis 'n pragtige oord met groot grasperke, heelwat bome en uitstekende ablusiegeriewe. Dis 'n gawe staanplek as jy sommer ook die wynlandskap

van die Oranjerivier-omgewing wil verken.

Vroegdag op die oggend van die derde val ons in die pad na die Suid-Afrikaanse grenspos by Nakop om Namibië by Ariamsvlei binne te gaan. Ons ry verby die indrukwekkende versamelvoëlneste wat aan die telefoonpale hang.

Dit is 'n goeie wenk om nooit haastig te word by die grens nie. Aanvaar maar dit gaan 'n ruk neem en behou jou humorsin. Dan sal jy die kennisgewing by die grenspos se “grasperk” geniet: “Bly van die gras af!” (Dit is seker 1m² gras... in 'n blombak!)

As jy skrikkerig is vir koringkrieke, moet jy maar versigtig trap – hier hardloop hulle flink rond. Hou jou paspoort, jou voertuig se registrasiedokumente en 'n paar honderd rand kontant gereed, dan verloop



is tipies Namibiese klipwoestyn en die geriewe is basies maar skoon met warm water en skoon toilette.

Hiervandaan stap jy na die bekende kokerboomwoud – 'n entjie verder wag die Speelplek van die Reuse. By dié unieke landskap sien jy reuseklippe wat lyk asof dit deur reuse opmekaar gepak is – 'n moetsien as jy op pad is noorde toe.

As jy teen 17:00 by die plaasopstal naby die kampterrein aanmeld, wag 'n paar interessante feite oor jagluiperds én jy kan gaan kyk hoe hulle gevoer word.

Die volgende 500km neem jou op die vierde dag verby Mariental en Rehoboth voordat jy Windhoek bereik. Hier kan jy jou kamp staanmaak by die Arebbusch-woonwapark, 'n luukse-oord met chalets, konferensiegeriewe, 'n swembad en restaurant. Die staanplekke lê in twee nabygeleë terreine: die een klompie op gras en met skadunetafdakke; die ander langs die spruit op sanderige grond, maar met koeltebome. Almal gebruik dieselfde moderne en skoon ablusieblok.

Windhoek is 'n pragtige skoon stad met moderne geboue in 'n verskeidenheid van moderne boustyle. Vertoef gerus 'n dag of twee hier en oorweeg 'n begeleide stadtoer. So hoor jy van die Duitse geskiedenis en besoek onder meer die oudste gebou in die stad, Alte Feste.

Ter viering van die Namibiese onafhanklikheid is verskeie geboue deur Noord-Koreane opgerig, en by die Parlementsgebou is standbeelde van onder andere die vryheidsvegter Hendrik Witbooi.

Die begeleide toer neem jou ook na Katatura ("die plek waar ons nie wil bly nie") met sy etniese woonbuurte as oorblyfsel van die apartheidsdae.

As jy die Oshetu-gemeenskapsmark besoek, kry jy 'n interessante blik op die gemeenskap se sakebedrywighede. Hier is 'n groot verskeidenheid kos en ander ware, alles in 'n netjiese en skoon gebou. Koop 'n stukkie braaivleis van die rooster af en geniet dit op heerlike vars roosterkoek >

dinge glad. Wees ook gereed om jou voertuig en woonwa oop te maak vir 'n doeane-inspeksie. Maak dus seker van die reëls en regulasies oor die vervoer van rooivleis, want dan gaan jy nie skade ly nie.



Die groot vlaktes van Namibië lê onder 'n wit kometers van wuiwende grassade ná die goeie reën. Van die klipwoestyn is min te sien. Karasburg en Grünau lê later agter ons nadat ons ook 'n klompie kilometer "rooipad" gery het – waar miljoene rooi sprinkaanvoetgangers die pad oorsteek.

Ons eerste staanplek in Namibië is by die Quiver Tree-woonwapark naby Keetmanshoop. Om daar te kom moet jy ná sowat 500km teerpad (van Oranjerus af) nog 13km goeie grondpad aandurf, maar dit is die moeite werd. Die kampterrein



of vetkoek. As jy waagmoedig genoeg is, kan jy selfs aan 'n droë mopaniewurm of vissie knibbel.

Moenie vergeet om by Joe's Beer House te gaan eet nie. Dis 'n à la carte-restaurant en voorwaar 'n sonderlinge ervaring.

Na twee dae se rondrits in Windhoek beur ons verder noord, verby Okahandja, Otjiwarongo en Outjo. As jy nie by Outjo se bakkerij met sy heerlike brode en pasteie inloer nie, is jou reis onvolledig.

By Etosha slaan ons ná 'n rit van 440km kamp op by Okaukuejo ("Die plek waar vroue elke jaar 'n baba kry"). Etosha het 'n bekoring van sy eie. Alles is regtig wit: die staanplekke in die kampterrein, die paaie én die pan self.

By die kampplek is 'n watergat waar diere kan kom suip, maar ná die goeie reëns van die 2022-seisoen is water volop, wat minder diere hier beteken. Ons ry dus 'n bietjie rond om diere te sien en die natuurskoon te geniet.

Die plek is waarlik 'n salwing vir die gees: Die absolute stilte in die nag, die gebrul van 'n leeu, die skreehuil van 'n jakkals, die helderste sterre denkbaar en die roesrooi sonsondergange en -opkomste... Ná vier salige nagte in Etosha maak ons 'n U-draai en mik in 'n suidwestelike rigting na die pragtige Swakopmund. Dis weer terug deur Outjo en Otjiwarongo, waar jy wegdraai op die C33, 'n goeie teerpad wat jou deur Omaruru na Usakos neem. Daar sluit jy weer aan by die B2 Swakopmund toe.

Die rit van net meer as 500km word die moeite werd as jy deur die wit klipwoestyn begin ry en uiteindelik die juweel van Namibië bereik. As jy rondom 07:00 by Etosha in die pad val, kan jy lag-lag teen 16:00 in Swakopmund wees. 'n Mens verstaan dadelik waarom dié dorp al die TV-program Kwêla se Dorp van die Jaar was.

Op Swakopmund moet 'n mens vir seker 'n hele paar dae vertoef – hier is baie om te doen en sien. Alte Brücke is 'n luukse woonwagpark met pragtige staanplekke op gras. Daar's teerstraatjies en private ablusiegeriewe vir elke staanplek – teen 'n billike tarief.

Verken gerus die dorp met sy wye, oop en silwerskoon strate. Loer in by die oulike winkeltjies, skitterende koffiewinkels, puik restaurante en die Kristalmuseum. Of ry net deur die strate en bewonder die pragtige Duitse boustyle, veral in die ouer deel.

Dis die moeite werd om die Kristalmuseum te besoek – al die unieke halfedelstene van Namibië is hier te sien, waaronder pietersite, wat uniek is aan Namibië en nêrens elders voorkom nie. As jy 'n paar Suid-Afrikaanse rand of Namibiese dollar in jou sak het, kan jy selfs van die pragstukke aanskaf.

Hier maak jy uiteindelik kennis met die sandwoestyn – as jy met die teerpad van Swakopmund af verby Langstrand na Walvisbaai ry ('n rit van sowat 30km) met die see feitlik teen die pad aan jou regterkant en die duine van die Namib ewe knus teen jou aan die linkerkant.

Om die duine in hulle volle glorie te beleef moet jy minstens die volgende oorweeg: 'n quadfietstoer oor die duine en dalk ook 'n kameelrit in die woestyn, 'n begeleide toer met 4x4-voertuie (deur 'n toeroperateur verskaf) op soek na die Namib se klein vyf wat skuil onder die oppervlak van die sand.

Ons was gelukkig om vier van die vyf wegkruipertjies op te spoor. Daar was twee soorte akkedissies, een met pote en een daarsonder, en 'n piepklein slangetjie wat rats oor die sand swiep en net so vinnig in die sand verdwyn – as jy weet hoe om te kyk, sal jy sy kop net-net bo die sand sien uitsteek of sy duidelike sandspoor sien. Ook 'n pragtige kleurryke geitjie het sy opwagting gemaak wat só deurskynend is dat jy sy rugstring kan sien. 'n Interessante eienskap van dié gedierte is dat hy op die punte van sy tone iets soos 'n lepelvormige bakkie het wat hom in staat stel om rats op die sand te kan vastrap en ongelooflik vinnig oor die sand te kan hardloop. In paartyd vreet die mannetjies mekaar se tone af sodat net die vinnigstes (met die bakkies aan hulle tone) by die wyfies kan uitkom.

En dan, les bes, het ons toegekyk hoe 'n verkleumannetjie sy tong blitsvinnig uitrol en 'n sprinkaan vang en opvreet.

'n Besoek aan Duin 7 naby Walvisbaai, die hoogste duin in Namibië, is 'n unieke ervaring. Die fiksse klim tot bo en die minder fiksse vorder net 'n entjie of neem foto's.

Moet ook nie 'n bootrit in Walvisbaai misloop nie. Hier spring mak robbe op die boot vir 'n vinnige kuier en 'n happie vis. Terug in die water swem hulle dan flink langs die boot en ry die golf langs die boot om energie te spaar.

'n Klompie pelikane maak ook hulle opwagting en ry vol selfvertroue saam >



EINDELOSE SKATTE. Hou jou oë wawyd oop, want Namibië se natuurprag (groot én klein) staan gereed om jou te verras – daar's enigiets van groot kokerbome wat die horison mooier maak tot klein geitjies wat die woestyn hulle tuiste noem.





“

Om die duine in hulle volle glorie
te beleef moet jy 'n quadfietstoer in
die woestyn oorweeg.

”





om ook hulle visbederfie te ontvang. As jy gelukkig is, sien jy selfs dolfyne en 'n walvis of twee.

Ry van Swakopmund af sowat 70km noord, Hentiesbaai toe. Hier sien jy weer die klipwoestyn – en jy wonder hoe mens en dier hier oorleef. Henties het beslis 'n karakter van sy eie. Heelwat produkte van robleer en -pels is hier te koop, en daar's 'n restaurant waar jy heerlike vars vis kan kry.

Naby die pad, nie te ver van die afdraai na Bennie se rooi lorie nie, is daar 'n skeepswrak. Die interessante is dat die oostewind uit die woestyn die sand die see inwaai – die woestyn dryf dus die see geleidelik terug. (Dis is blykbaar waarom sommige skeepswrakke nie meer in die water lê nie.)

As jy van Swakopmund af terug mik Vrystaat toe, lê daar ongeveer 2300km voor jou. Om die langpad op te kikker

en meer van Namibië te beleef moet jy by nog op 'n klompie plekke oorstaan vir 'n dag of twee. Hiervoor is Gross Barmen naby Okahandja, die Hardapdam naby Marienatal en die Withuis naby Grünau goeie keuses.

Gross Barmen is deel van Namibian Wildlife Resorts en spog met moderne geboue en geriewe. Hier en daar kan die instandhouding 'n bietjie verbeter, maar die ontspanningsgeriewe soos 'n groot swembad, onderdakwarmwaterswembad en mooi restaurant vergoed daarvoor.

Die Hardapdam was 'n groot verrassing: Dit is regtig 'n besonder groot dam in die middel van 'n droë stuk aarde. Dis byna ondenkbaar dat so iets moontlik kan wees. Maar moenie dié dam se vermoë onderskat nie – as hy uit sy nate bars, is Marienatal sommer diep in die moeilikheid.

As jy deur die wildkamp wil ry, moet jy nie te laat begin nie – die hekke sluit





DIE MOOI HOU NIE OP NIE. Swakopmund, met sy kleurrike geskiedenis, pragtige ou geboue en magdom doendinge behoort op jou lys van bestemmings wanneer jy Namibië besoek. En jy kan boonop jou padwa hierheen sleep.



reeds om 16:00. Die ablusiegeriewe in die kamp is skoon, netjies en modern en word gereeld skoongemaak.

Sorg dat jy skoene met dik sole in die woonwapark dra. Hier lê 'n tapyt van droë duwweltjies (as jy by die ablusie instap klink dit of jy rugbystewels dra). Selfs plakies is nie veilig nie.

Die Withuis naby Grünau is 'n oulike oorslaapplek met chalets en staanplek vir 'n klompie waens. Hier word rooskwarts gemyn – as jy nog 'n paar Namibiese dollar in jou beursie het, kan jy dit hier op 'n paar halfedelstene uitgee.

Die plase in die omgewing is groot – tot 30000 ha – en daar word hoofsaaklik met wild, skape en beeste geboer.

Omdat die Oranjerivier weer in vloed was met ons ons terugkeer, besluit ons om

ook Augrabies aan te doen. Ná 'n vinnige kuier by die Pienk Padstal by Kakamas staan ons verstom voor die skouspel by die waterval. Wat 'n belewenis!

Dit was vir seker die paar ekstra kilometer se ry werd. Diegene wat die omgewing ken, sal verstaan as ons sê jy kon die sproei van die waterval tot by die parkeerterrein by die ontvangskantoor voel. (As jy nie lus is vir skottelgoed nie, kan jy gerus by hulle restaurant gaan aansit vir uitstekende kos.)

Die laaste twee skofte, eers weer na Ritchie se Riverside-lodge en dan huis toe, sluit hierdie onvergeetlike ervaring van 25 dae af. Maar ondanks al die heerlike nuwe ervarings wil ons tog ook sê: **”**

Oos wes, tuis bes!



Pieter wen 'n Camp Cover Bundu-sak ter waarde van R400. Dié veeldoelige sak is só ontwerp dat jy hom as 'n noodhulp- of smuktas kan gebruik. Gaan kyk na Camp Cover se beskermende oortreksels op die webwerf campcover.co.za



WEN



Kamp sal sy kamp!

Die buitelug is goed vir liggaam én siel en sy kamp sonder ophou, al voel sy nie elke dag op haar beste nie, sê **Gretha Schoonraad** van Brackenfell.

Teks **Leon Botha**

Gretha se verhaal is vir iedereen 'n inspirasie, des te meer nog vir kampeerders. Sy leef haarself behoorlik uit terwyl sy teen klierkanker veg. Sy sit nie op 'n hupie eenkant en kry haarself jammer nie: Sy het selfs vir die dokter gesê hy moet wag, want sy gaan nou eers kamp.

Sy het haar eie kampgoed en slaan self kamp op. Tietiesbaai sien haar gereeld en dan word daar ernstig saam met al haar vriende gekamp. Gretha vertel.

“ Ek het die slegte nuus vier jaar gelede gekry: My een been het lelik opgeswel en die uiteinde was 'n kankerdiagnose. Ek het egter in 'n kamphuis grootgeword en gou besluit ek gaan nie





DIE LEWE GAAN AAN. Gretha is 'n kampeerder in murg en been, en niks hou haar weg uit die kampplek nie. Sy pak self, sleep self, en slaan self op. Dis ook nie vreemd as sy eerste by die kampplek aankom en reeds vir haar vriende staan en wag nie. Dan volg 'n belangrike roetine: Kamp, kamp en nogmaals kamp!



dat hierdie besigheid my onderkry nie. My pa, Billy Laurence, was 'n wynboer op Stellenbosch en ons het gereeld die wit Pontiac gepak, die wa gehaak en in die pad geval Strand toe. Daar was plek vir almal. Ek, my ma, Elsa, en my suster en broer, Marlize en James. Trouens, James kamp vandag nog saam met my en al die ander vriende.

Ek het my beroep as haarkapper op Stellenbosch begin en gedurende my getroude lewe gereeld op Stilbaai gekamp. Ons het met 'n Echo 4-boswa oor die weg gekom, maar ongelukkig het die huwelik uiteindelik tot 'n einde gekom. Die Echo-boswa was te groot vir my en het het vir my 'n Wilderness-sleepwa met 'n tent bo-op aangeskaf.

Intussen nooi 'n klomp vriende my

om saam te kom kamp by Gert du Toit se Baai anderkant Koekenaap. 'n Jaar of twee later nooi James my om saam te kom kamp by Tietiesbaai, en daar begin die instelling.

Ons kampgroepie het al tot meer as 10 vriende aangegroei en het selfs vir ons een spesiale T-hemp laat maak wat sê 'Ons wil net kamp'.

James sê hulle vriendegroep kamp altyd heerlik saam, maar hy kan nie uitgepraat raak oor Gretha se paella nie.

"Ek duik die mossels uit en Gretha maak die hoenderborsies gaar. Dié gereg is een van haar gunsteling en almal kom eet lekker saam. Sy geniet kamp só baie dat sy selfs al nie-kampeerders oorreed het om saam te kamp. Sy slaan self op;

ek sal dalk help met die tent se bouseil as dit nodig is. As jy weer kyk, sit sy met die hamer en slaan die tentpenne in of draai die slinger om die hoekstutte te laat sak.

Sy sal stoksielalleen 175 km Tietiesbaai toe ry en eerste daar aankom – en dan staan en wag tot ons ander opdaag. Ek haal my hoed af vir haar."

Malcolm King van Somerset-Wes is ook deel van die vriendekring en was selfs op 'n keer 'n vennoot in die salon-onderneming. Hy sê hulle het al wyd en syd saam gekamp. Hulle ken mekaar die afgelope dekade of wat en hy sê Gretha se positiewe ingesteldheid is 'n groot deel van wie sy is.

"Dis alles oor Grietjie [Malcolm se noemnaam vir haar] se menswees. Sy het ontsettend baie vriende en is geliefd >



onder almal. Dis oor haar eerlikheid en opregtheid. Sy is soos 'n versamelvoël en hou daarvan om al haar vriende rondom haar gelukkig te sien. Sy lewe eenvoudig voluit: Kamp, kuier en braai."

Die slegte nuus het net ná Paasnaweek in 2019 gekom en die dokters het dadelik met behandeling begin. Desember breek aan en Gretha sê vir die dokters hulle moet eers wag, want sy wil gaan kamp. En so gaan dit nou jaar ná jaar. Die hospitaal se mense sê glo in hulle lewe het hulle nog nie só 'n pasiënt gesien nie.

Soms is sy swak, maar sy probeer om alles self in die kampplek te doen – ja, selfs braai. Sy pak haar sleepvoertuig self en dieselfde met haar nuutste Wilderness. Intussen het sy ook al een woonwa en 'n tent gehad, maar die Wilderness werk vir haar.

"'n Mens moet positief wees," sê Gretha. "As jy stilsit, sal jy doodgaan. By Tietiesbaai sit jy byvoorbeeld in die seelug – jy gaan lê nie bedags in die woonwa nie; nee, ek geniet die buitlug en die vuur – dié moet sonder ophou brand!"

Gretha het op 'n kol al haar hare verloor, maar dit het haar min geskeel. Terwyl sy kamp, keer niks haar om sommer om te sien na medekampeersers se kapsels nie, want haar haarsnytoerusting gaan oral saam.

"Die kanker is geneesbaar en ek maak een maal 'n maand 'n draai by die dokter. Al sit ek met die siekte, is dit iets wat ek nou het. Mense moet my nie jammer kry nie, want ek voel andersins normaal soos enige mens. Ek sal kamp tot ek nie meer kan nie," sê sy. "Ek gaan nie lê nie."

MENSE-MENS. Wie kamp alleen as jy soveel vriende het? Gretha deel haar liefde vir die buitlug saam met al haar vriende in die kampplek.



CAMP COVER
www.campcover.co.za

Gretha wen 'n Camp Cover Bundu-sak ter waarde van R400. Dié veeldoelige sak is só ontwerp dat jy hom as 'n noodhulp- of smuktas kan gebruik. Gaan kyk na Camp Cover se beskermende oortreksels op die webwerf campcover.co.za





Word 'n joernalis, maak 'n verskil –
in **Afrikaans!** Hier's jou kans...

NUUT!

Netwerk24-studiebeurse: **R130 000** vir finalejaar-
en **R170 000** vir nagraadse studente.

Oop vir alle studierigtings, solank jy in
Afrikaanse joernalistiek wil werk!



DOEN SÓ AANSOEK:

Besoek [netwerk24.com](https://www.netwerk24.com) en klik op "Jeug" vir meer inligting.
Stuur jou aansoek na netwerk24beurse@media24.com;
aansoeke sluit om 12:00 op 26 Junie 2023.



HENGELGEREI



Wie spartel so?

Roofvisse in strandmere en vars water sal moet ligloop vir Adrenalin se Mad Whirler-kunsaas. Dis 'n aas wat die aandag trek, maar met sy twee trippelhoeke is daar geen weggomkans nie.

Die Mad Whirler herinner nogal aan die klassieke spinner, want die agterste deel van die kunsaaslyf draai in die rondte soos jy katrol. Dit laat die water spat, maar veroorsaak ook 'n borrelspoor agter die aas.

Die aas werk dus soos dit moet terwyl dit beweeg en is bedoel om op die oppervlak doeltreffend te wees. Ander opper-

vlaklaas is geneig om doeltreffender te wees in die oggend of laatmiddag, maar die Mad Whirler werk net so goed deur die dag.

Omdat die aas se vorm vaartbelyn is, maak dit jou korrel makliker as jy dit op 'n spesifieke plek wil ingooi. Dit werk goed vir swartbaars, maar 'n tiervis, elf of leer-vis sal ook nie die neus optrek nie.

Dis beskikbaar in twee groottes, 9mm en 130mm, en vyf kleure.

Prys Vanaf R120.

Kontak In hengelwinkels landwyd – ook in Namibië. 📧 catches@4adrenalin.co.za 📞 adrenalinfishing.co.za




Haak 'n gele

Anderkant Vanderbijlpark is 'n kampplek wat pas opgedollie is. Dis 'n plek waar jy op die oewer van die Vaalrivier kamp – kyk of jy 'n bielie of twee aan die lyn kan haak.

BANJA DREAMS PAK AF LANGS DIE WATERS

Dié hengelplek was voorheen bekend as Geelvis-Paradys, maar die nuwe eienaars het dit tot Banja Dreams herdoop. Een van die eienaars, Hector Macpherson, sê hulle het die nuwe elektrisiteitspunte aangelê, die vrouebadkamer is opgeknep, 'n gesinsbadkamer het bygekom en daar is 'n nuwe afdak langs die swembad.

Banja Dreams is net buite Vanderbijlpark en op die oewer van die Vaalrivier. Hier is drie groepe staanplekke waarvan twee aan die rivierwater grens. Die een groep op die oewer het vier staanplekke bymekaar en die ander groep ses. Sewe van die ander staanplekke is sowat 25m van die water af en ook nader aan die badkamers. Hier is geriewe vir mans en vroue én daar's 'n nuutgeboude gesinsbad-



kamer met onder meer 'n bad en 'n blad waar jy 'n baba kan versorg. Die warm water kom uit 'n sonkraggeiser. Hier is nog twee staanplekke, maar hulle het nie krag soos die ander nie en is tussen die huisies en chalets. Elkeen van die standaardstaanplekke het 'n kragpunt en 'n gemesselde braaiplek. Die krane staan lukraak rond

GEBRAAIDE SNOEK Soja, dis mos lekker!

Dié snoek oor die kole kry 'n lekker Oosterse kinkel danksy die vinnige marinade.

Jy benodig

(genoeg vir 4-6)

- 1 heel snoek (1,2 kg) sonder die kop, gevele
- 4 sprietuie, gekap of in dun skyfies gesny
- 1 eetlepel geroosterde sesamasaad
- 1 ekstra suurlemoen, in skyfies of wiggies gesny om voor te sit

VIR DIE MARINADE

- 2 eetlepels olyfolie
- 3 eetlepels laesout-sojasous
- 1 opgehoopte eetlepel fyn appelkooskonfyt, gesmelt
- 1 teelepel geroosterde sesamolie
- sap van 1 klein suurlemoen
- 1 teelepel fyn varsgerasperde gemmer

Só maak jy

1 Maak vuur, maar moenie dit te vroeg aansteek nie – jy het warm kole nodig om die snoek te braai.

2 Spoel die vis goed af en klad dit binne en buite droog met kombuispapier.

3 Klits al die marinadebestanddele saam en verf die vis oraloer daarmee. Laat dit vir 15 minute marineer.

4 Braai die vis in 'n toeknyprooster wat jy liggies met olie verf – die kole moet taamlik warm wees – tot die vleis vlok en gaar is. Dit neem gewoonlik sowat 15 minute, maar hou eerder die vis dop as die horlosie. Ek braai die vis se velkant eerste tot dit mooi bros is en die vleis bo-op begin gaar word om die rande. Dan draai ek dit om en braai die vleiskant vir nog 2-5 minute. As jy dit verkies, kan jy tussendeur van die marinade oorverf soos jy omdraai.

5 Garneer die gaar vis met die dungsnyde



sprietuie, sprinkel die geroosterde sesamasaad oor en sit dit voor met die ekstra sitrus. Dis heerlik saam met soetpatat.

Ry & Sleep sê 'n Bietjie ekstra seesout is 'n goeie idee om die smaak selfs beter te maak.



en die stuk waar jy afsaal, is op grond met 'n bietjie gras.

Hier is twee swembaddens: 'n Gewone een vir grootmense en 'n plonspoel vir die kleintjies. Hier is ook 'n minigholfbaan met nege putjies wat R20 per rondte kos. Die winkel het vars goed soos melk, brood en vleis plus hout en houtskool. Hier staan

ook 'n klouterraam vir die jong klomp en daar's 'n nuwe vlugbalbaan.

Die Vaalrivier is natuurlik die tuiste van onder meer karp, modderbek en baber, maar as jou vliegengel op peil is, staan jy ook 'n kans om 'n geelvis uit te trek – onthou net, wat jy aan die hoek kry, moet jy weer vrylaat.



Kortliks | Banja Dreams



Vis Baber, karp, modderbek en geelvis.

Kampplek 19 staanplekke in drie groepe met krag (2 daarvan langs die water) en 2 staanplekke eenkant sonder krag.

Ablusiegeriewe 1 badkamergebou met 'n nuutgeboude gesinsbadkamer.

Prys R150 p.n. per staanplek plus R20 p.p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 07:00 en 19:00.

Kontak  banjadreams@gmail.com

 Banja Dreams  061 181 5069

Naaste dorp Vanderbijlpark 21 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2,8 km is grondpad.

GPS S26.730776 E27.631210

Ry & Sleep sê 'n 15 kg-baber en 'n geelvis van 7 kg is onlangs hier uitgetrek.

Lyk bekend, of hoe?

Ons het 'n week lank deur die koninkryk van Eswatini gery met 'n Chinese produk wat dikwels met 'n ander handelsmerk verwar is. Hier volg ons indrukke.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**



BAIC B40 PLUS

Hoewel dit 'n betreklik onbekende naam in Suid-Afrika is, is BAIC op vyf na China se grootste voertuig-vervaardiger. Die handelsmerk het in 2016 op eie bodem aangeland en in 2018 'n aanleg in Gqeberha opgerig. BAIC Suid-Afrika bied tans net twee modelle te koop aan: die Beijing X55 en die BJ40 Plus wat ons hier bespreek. 'n Derde ryding, die B80, is op pad – dié lyk baie soos 'n Mercedes-Benz G-klas, terwyl die B40 Plus wat jy hier sien, jou dalk aan 'n ander soort voertuig herinner...

Wat het ons hier?

Die B40 is beslis geïnspireer deur Jeep se Wrangler, en nie op 'n bedrieglike manier nie – BAIC het die Wrangler-konsep in die vorige dekade wettig bekom by General Motors, vóór die Jeep-handelsmerk deur Stellantis oorgeneem is. Dit is om dié rede dat die bagasieruim se deur op dieselfde manier oopmaak en die modderskerms, deurskarniere, remligte en selfs die sierrooster eenders lyk – hoewel BAIC sê die vyf gleuwe in die sierrooster (en nie sewe soos met 'n Jeep nie) is deur China se Groot Muur geïnspireer. Die dak kan ook verwyder word, nes 'n Jeep s'n.



Die B40 Plus is beskikbaar in vyf afwerkingsvlakke en twee enjinkeuses: 'n 2 l-petrol en 2 l-diesel wat albei deur 'n turbo aangejaag word. Alle weergawes van die B40 Plus het deeltydse viertrek, maar jy kan kies tussen 6 spoed-outomaties of 6 spoed-handrat.

Ons toetsvoertuig was die B40 Plus Champion-vlagskipmodel met 'n turbopetrolenjin en outomatiese ratkas.

Binnelangs

In 'n verrassende wending lyk die instrumentepaneel glad nie soos die Jeep s'n nie, maar eerder soos dié van 'n Mercedes-Benz. BAIC vervaardig inderdaad die C- en E-klas namens Daimler AG vir die Chinese mark onder die handelsnaam Beijing Benz. Dit is waarom die komende B80 soos 'n G-klas lyk.

Die binneruim vertoon en voel luuks en daar's oorgenoeg skouer- en beenruimte. Hier is dubbelsone-klimaatbeheer, 'n elektroniese handrem, aansitterknop, kruisspoedbeheer, elektriesverstelbare sitplekke vir die bestuurder, en USB-sokke. Die materiaalstoffering vir die sitplekke voel duursaam en is gemaklik.

Wat veiligheid betref, kry jy sluitweerremme, elektroniese remkragverdeling, stabiliteitsbeheer, vastrapbeheer, lugsakke vir die voorste passasjer en bestuurder, 'n banddrukmonitor, parkeersensors en 'n trukamera.

Die bagasieruim kan van 532 l tot 965 l vergroot word deur die agterste sitplekke plat te slaan. Die bagasieruim het ongelukkig nie 'n deksel om jou kampgoed weg te hou van nuuskierige oë as jy jou voertuig alleen moet los in 'n parkeerterrein nie. >



BEKEND. Die wielboë van die B40 is smaller as 'n Jeep s'n, met die gevolg dat dié BAIC se binneruim ook groter voel.



Hoe ry hy?

Die 2 ℓ-petrolenjien trek heel sterk en die versnelling is gaaf vir 'n voertuig wat meer as 2 t weeg. Die vering is goed verstel sodat jy gemaklik voel op 'n slegte grondpad, en bakwieg deur die draaie van 'n teerpad is glad nie sleg nie. Die 17"-bande het ook genoeg rubber tussen die padoppervlak en die velings sodat jy deur slaggate kan ry sonder dat dit voel of jou rugwerwels gaan kraak.

Ons is nie gaande oor die outomatiese ratkas nie. Die blikbrein maak vreemde besluite soos om in 'n spesifieke rat te bly wanneer jy eintlik wil hê hy moet oorskakel. Ander kere wissel die ratte terwyl jy eintlik in dieselfde rat wil bly. Dié aardigheid steek gelukkig net kop uit as jy tegniese terrein in tweewielaandrywing takel. In normale rytoestande is dit nie juis 'n probleem nie. BAIC is bewus van daarvan en toekomstige modelle kry almal 'n ZF-ratkas.

Soos ons reeds genoem het, is die ritgehalte goed en in die week wat ons agter die stuur bestee het, het ons nooit voos gevoel nie. Die BAIC se kajuit is verbasend stil vir 'n ryding met so 'n hoekige bakwerk, en die Bluetooth-radio se klank is duidelik hoorbaar

op snelwegspoed.

Wat 4x4 betref, het ons Eswatini se modderige bosboupaai gery wat geveer het dat ons laestekratte inhaak. Die veelterreinbande het gesukkel om greep te kry in diep modder, maar die viertrekselsel het hom goed van sy taak gekwyt. Ons het ook klipbanke getrotseer en die grondvryhoogte is goed genoeg vir die meeste 4x4-roetes.

Die B40 het geen ewenaarslotte nie en hy maak eerder staat op sy elektroniese vastrapbeheer om wieltol in bedwang te bring. Dit werk goed en ons het nooit gesukkel nie.

Die B40 se Achilleshiel is sy brandstofverbruik. Teen snelwegspoed het die naald deurentyd op 13 ℓ/100 km gelê, maar in Eswatini waar die spoedgrens selde bo 100 km/h is, kon ons die verbruik afbring tot 12 ℓ/100 km. Dit is na ons mening aan die hoë kant vir 'n 2 ℓ-enjin.

Die mededingers


Dit is moeilik om 'n mededinger vir die BAIC B40 Plus te identifiseer, want hy's 'n unieke ryding. Prysgewys is die Mahindra Scorpio-N min of meer sy eweknie, maar die Mahindra

“

Die B40 het geen ewenaarslotte nie en hy maak eerder staat op sy elektroniese vastrapbeheer om wieltol in bedwang te bring.

Dit werk goed en ons het nooit gesukkel nie

”

**SPESIFIKASIES**

Model	B40 Plus Champion
Enjin	1 999 cc-viersilinder-turbopetrol
Krag	160 kW @ 4 000 r.p.m.
Wringkrag	320 Nm @ 1 800 r.p.m.
Ratkas	6 spoed-outomaties
Aandrywing	Deeltydse viertrek
Grondvryhoogte	210 mm
Nader- en vertrekhoëke	37° en 31°
Oorbrughoek	23°
Tenk	75 ℓ
Brandstofverbruik	12,8 ℓ/100 km (getoets)
Standaardbande	265/65R17
Gewig	2 110 kg
Afmetings	4 645 (l) x 1 925 (b) x 1 871 mm (h)
Sleepvermoë	Onbekend
Veiligheidsgradering	Nie getoets nie.
Waarborg	5 jaar/120 000 km
Diensplan	4 jaar/60 000 km
PRYS	R649 500



MAAK OOP! Die voorste dakpanele word maklik verwyder deur 'n paar knippe te draai. Indien jy die hele dak wil afhaal gaan jy gereedskap en tyd nodig hê. Sig deur die agterruit is beperk, maar die trukamera help om te sien wat agter jou aangaan wanneer jy terugstoot.

is groter en het sewe sitplekke. Die Jeep Wrangler Rubicon is die naaste mededinger as dit gaan oor gees, maar hy kos aansienlik meer as die B40 Plus en die Jeep se veldryvermoë is strate beter danksy 'n ooraanbod van ewenaarslotte en ander 4x4-affêrings.

Die Toyota FJ Cruiser en Hummer H3 sou kandidate kon wees, maar daardie voertuie word nie meer vervaardig nie, en die vyfdeur-Suzuki Jimny wat eersdaags aanland, is te klein om 'n ernstige vergelyking te tref. Dit laat ons met die Toyota LC76-stasiewa – 'n ander unieke ryding wat 'n raps onder 'n miljoen kos.

In kort: die BAIC B40 Plus het nie 'n klaarblyklike mededinger nie, selfs al herinner hy jou aan ander rygoed.

Slotsom

Die BAIC B40 Plus is 'n eiesoortige ryding wat 'n nismark vul. Dis 'n heel mooi voertuig en die ritgehalte is gemaklik. Die vervaardiger is nog nie lank genoeg in die land om 'n uitpraak te lewer oor betroubaarheid nie, maar die bietjie wat ons ervaar het, is dat die B40 Plus goed aanmekaar gesit is.

Ons voorspel nie die B40 Plus gaan in groot getalle verkoop nie, maar as jy op soek is na "iets anders", kan jy hom gerus oorweeg. 🚗



Van die mededingers

Vierdeurveldvoertuie met Jeep-inspirasie, plus 'n regte Jeep



R590 000

Mahindra Scorpio-N Z8L

Vir R60 000 minder kry jy baie meer kar vir jou geld.



R992 300

Toyota Land Cruiser 76

Hy's oud, maar beslis nog nie koud!



R1 099 900

Jeep Wrangler Rubicon

As jy 'n Jeep-agtige ryding soek, moet jy dalk 'n regte Jeep oorweeg.

'n Dubbel, asseblief

As 'n goedtoegeruste kombuis en luukshede soos jou eie storttent vir jou belangrik is, is die Armadillo XTR312 kampgereed vir 'n paartjie wat die bosse wil invaar.

Teks en foto's **Leon Botha**



ARMADILLO XTR312

Boswoonwaens het gewoonlik 'n uitslaanbed, maar dan kry jy waens soos die Armadillo XTR312 (met slaapplek vir twee) waarin die bed 'n groot deel van die binnekant beslaan. Sommige kampeerders verkies dit. Dis tot 'n mate veiliger omdat jou kokon nie van seil is nie, maar van soliede panele.

Die Armadillo XTR312 het boonop 'n paar unieke eienskappe wat die lewe nóg makliker maak in die kamplek – kyk maar na die twee gas-silinders en aparte stoof. Selfs die storttent met sy dubbele kante is 'n gerief wat 'n mens nie op enige boswa sien nie.



'n Kombuis duisend

Die kampstoof is die middelpunt van jou kombuis, en dis gewoonlik by die werkblad. Party is losstaande terwyl ander gemonteer is of selfs oor die blad uittrek. Hoe ook al, dit neem waardevolle plek op die werkblad op.

Nie in die Armadillo nie. Die tweeplaatgasstoof trek op sy eie laai uit die regterkantse kas by die stert. Die oop kas deur dien dan terselfdertyd as 'n ordentlike windscherm. Die laai met al die eetgerei trek onder die stoof uit, en bo die stoof – agter in die romp – is 'n rak waarop 'n klein pan of twee, kosblikke of jou houers beskuit kan pas. (Jy het ook die opsie om die stoof na die binnekant van die deur te skuif van waar dit dan platslaan.)

In die toetsmodel moet jy die stoof se los gaspyp by 'n gassok in die romp druk sodra jy die stoof uitgetrek het, maar nuwe modelle het 'n vaste verbinding. Die pyp loop van die gassilinder af – wat om die hoek naby die dak in sy eie kas staan. Die Armadillo het twee gassilinders en 'n stelsel wat jy nie sommer op enige wa sien nie. Albei silinders staan in een kas en is aan dieselfde reëlaar gekoppel – jy kies met die toevoerklep watter silinder gebruik moet word.

As die een dus leeg is, skakel jy moeiteloos oor na die ander. Naby die reëlaar is nog 'n klep wat jy kan toedraai om seker te maak daar is geen gas in die pype terwyl jy sleep nie. Dis 'n dubbele voorsorgmaatreël, want dis bo en behalwe die gassilinders se eie kleppe.

Die werkblad met 'n vlekvrystaalafwerking (1 000 x 570 mm) slaan soos baie boswaens s'n plat bo die linkerwiel met die gebruiklike oop kassies daaragter in die romp. Binne is

sponsvorme waarin al die borde, glase en bekere pas om dit op stamperige paaie te beskerm. Hier is selfs plek vir die koffiepot en ketel. Die blad self is glad sonder 'n rand, wat beteken hier is nie opgaarplek vir krummels nie. 'n Dubbele driepuntprop (220V) is links bo in die kas, ook met twee USB-sokke en die Hella-sok, mooi gerieflik naby vir die ketel of broodrooster wat op die werkblad kan staan.

Laastens trek die ys-vrieskas uit die voorste kas. Met die laai

uitgetrek staan die ys-vrieskas by die romp, en langs dit – aan die ander kant – is 'n pottelaai. Hierdie laai trek uit na regs, en die bokant van die kas is plat en staan gelyk met die ys-vrieskas. Dit is 'n praktiese neersitplek langs die ys-vrieskas.

'n Los raam vir die wasbakke en droograk haak op die punt van die ys-vrieskas se glyraam in. Die hele spulletjie vou op. Water vir die wasbak kry jy met 'n los sproeikop wat uit die romp trek.




Klim in

Die Armadillo het twee deure regoor mekaar. Die hoofdeur is aan die kombuis kant – aan die oorkant slaan die storttent langs die deur uit. 'n Los trappie pas onder albei deure in. Daar is nou 'n effense gang voor jou wanneer jy by die hoofdeur in klim. Links is 'n klompie kaste, met die bed wat oor die hele breedte loop.

Die kaste is eerder rakkies wat met seilteurtjies toemaak,

maar daar's meer as genoeg plek vir twee mense. 'n Dubbelsok-kragpunt is in die eerste kas, wat ook groot genoeg is vir 'n mikrogolfoond.

Die bed is 1 900 x 1 520 mm (koningingrootte) met die venster links. Die venster kan oopmaak, maar het ook 'n soliede blinding en gaas. Regs teen die hele lengte van die bed af is 'n oop kas met >





Ry & Sleep sê


Die vervaardiger benadruk dat die onderstel bestaan uit 'n volledig gesweisde onderstel wat dompel-gegalvansiseer is – wat 'n stewige onderstel tot gevolg het. Die skuimbinnekant van die panele is 30 mm dik en bied goeie isolering in die winter én somer.

verskeie afskortings. 'n Kragpunt (220V) met plek vir 'n twee- en driepuntprop en twee USB-sokke is in die eerste vakkie. Bo dit is die skakelaars vir die ligte en die waterpomp plus 'n voltmeter. Die hoofskakelaar vir die krag, smeltdrade, sonpaneelreguleerder, laaier en stroombrekers is in die volgende afskorting – jy kan dus met een oogopslag sien of daar iewers 'n elektriese probleem is.

Langs die tweede deur is die gesigwasbak teen die bed se voetenent. 'n Smal blad langsaan slaan van onder af op om plek te maak vir die wasbak. Langs dit trek 'n diep laai onder die bed uit – gaaf vir iets soos ekstra linne.

Soos ons reeds genoem het, maak die tweede deur in die storttent oop – so ook die kas met die inlyn-gasgeiser. Die tent het twee hokkies: 'n oop ruimte waar die deur oopmaak, en die stortdeel op die punt. Die tent span met verstelbare pale en staan stewig nadat jy die seilpaneel met tentpenne geanker het. Die een kant van die tent kan wegrits as jy dalk nie weer deur die woonwa wil uitklim nie.

'n Vierkantige wasgoedlyn slaan oop by die stert – ook aan die stortkant. Daar's selfs 'n dakkie om te keer dat voëls dalk hulle sit op jou klere kry of jou wasgoed natreën. (Nuwer modelle kry onder die wasgoedlyn ekstra pakplek wat oor byna die volle breedte van die wa strek.)



Tyd vir ry

Die Armadillo het 'n afswaai-hoekstut op elke hoek. Wanneer jy dit optrek, draai jy weer die poot effens uit tot waar dit teen 'n plaat vasskop. Nie net maak jy só dubbel seker die poot swaai nie per ongeluk af in die ry nie, maar verminder ook die geraas van iets wat knaend skud as jy byvoorbeeld op 'n slegte sink-plaatgrondpad sleep.

Nog 'n slim plan is twee klein trappies weerskante van die neuskas. Dis mooi groot genoeg vir jou skoenpunt en net die plek om te trap om die knippe van die opwipdak by te kom. Die dak lig 'n goeie 610 mm.




Wat kom saam?

Onder die standaardtoerusting tel die nood-wiel; 100 l-watertenk en 50 l-spaartenk (albei van vlekvrystaal); ys-vrieskas-glyraam waarop 'n National Luna van tot 90 l pas; tweeplaatgasstoof; skottelgoedrakraam met skottels; verskeie 220V-krappunte en USB-sokke; LED-ligte (buite en binne); 'n storttent met stortkopverlenging; 'n wasgoedlyn; 160W-sonpaneel met Victron-reguleerder; 'n Brad Harrison-koppelpunt om batterye te laai terwyl jy sleep; 'n bankie en tafel wat inpas as die matras (110 mm hoëdigtheid-geheuespons) wegvou; loodgieterwerk; 'n rak binne by die deur waarop 'n 20 l-mikrogolf-oond kan pas; beheerpaneel binne vir

die waterpomp (10 l/min.), voltlesing en watervlak; 105 Ah-diepsiklusbattery (litium) met Victronlaaier; gas met 'n ritsluiser voor albei deure; 'n keuse tussen 'n 270°- of 3,5 x 3 m-stoepdak; en twee 3 kg-gassilinders en die inlyngasgeiser (6 l/min.).

Van die opsionele ekstras is 'n Thule-fiets-rak vir 2 op die neuskas; neuskasbeskerm; kamptafel (1 250 x 612 mm); skuiwers; opgradering tot 17"-wiele; 'n gereedskapkas; jerrykanhouer; 90 l-National Luna-ys-vrieskas; breekware; opgradering tot 'n 108 Ah-litium-battery (wat 'n Victronlaaier kan insluit).



SPESIFIKASIES

Vervaardiger.....	Metalian
Model	Armadillo XTR312
Slaapplek.....	2
Grootte	5,45 x 1,94 x 2,1 m
Wiele	16"
As	2 t
Tarragewig.....	1 130 kg
Dravermoë.....	770 kg
BVM	1 900 kg
Onderstel.....	Gegalvaniseer
Romp	Dubbelgeïsoleerde aluminium
Prys	R540 000

HANDELAARSNETWERK Verkope uit die fabriek in Kaapstad en Sonpark Camping & Leisure in Mbombela.

Kontak ☎ 021 981 2992 ✉ armadillo@metalain.co.za 🌐 xog.co.za



R540 000 ARMADILLO XTR312 BVM 1 900 kg

VAN DIE MEDEDINGERS

Boswonaans vir 2 (sonder uitslaanpanele)



R589 000 AFRISPOOR WILD CAT 2 SLEEPER BVM 1 950 kg

Gegalvaniseerde onderstel, romp van vlekvrystaal en aluminium, en 15"-wiele.



R379 500 JAGUAR SABOR BVM 1 600 kg

Vlekvrystaalonderstel en -romp, en 15"-wiele.



R490 000 BUNDU X BVM 1 800 kg

Gegalvaniseerde onderstel, romp van sintetiese heuningkoekpanele, en 15"- of 16"-wiele.

* Standaardpryse. Hoe modelle toegerus word, verskil van vervaardiger tot vervaardiger.

Ry & Sleep het die Armadillo by die vervaardiger geleen.

Selffoon of GPS?

Jou slimfoon het Google Maps en 'n mens kry boonop navigasie-apps vir jou selffoon wat werk sonder 'n selffoonsein. Waarvoor het 'n mens dan 'n GPS-toestel nodig?

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Getty Images**



Toe ons onlangs 'n toetsmotor in ontvangs neem en 'n GPS-toestel aan die voorruit vassit, sê die vlootbestuurder – stomverbaas – hy het darem lanklaas so een gesien. Dit het ons laat dink: Waarom is 'n selffoon met 'n navigasie-app nie voldoende vir veldryers nie?

Diegene van ons wat na

afgeleë plekke reis waar selffoonsein gebrekkig of heeltemal onbeskikbaar is, sal steeds baat vind by 'n GPS-toestel wat meer betroubaar is en meer gereeld aan die satellietnetwerk koppel as 'n selffoon.

Nuwe selfone het inderdaad 'n ingeboude GPS-skyfie wat satellietseine kan ontvang, en daar's selfs selfone soos die jongste iPhone 14 wat noodboodskappe via die satellietnetwerk kan stuur, hoewel

hierdie diens nog nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

Waarom sou 'n mens dan 'n GPS-toestel oorweeg as jou nuwe slimfoon dieselfde ding kan doen?

Hoe werk dit?

GPS-satelliete is nie in 'n wentelbaan om die aarde geplaas net vir jou pret en plesier nie. Dit is militêre eiendom wat oorspronklik slegs deur die Amerikaanse weermag gebruik is vir sy eie doeleindes.

Dit was eers toe pres. Ronald

Reagan in die jare tagtig toegang aan die publiek gee tot die satellietnetwerk dat dit duidelik geword het hoeveel dit ekonomies kan help.

Almal, van skeepskapteins tot vlieëniers, vind deesdae baat by daardie gratis toegang tot die satellietnetwerk.

Die Amerikaners kan egter die diens onttrek net wanneer hulle wil – soos wat in 1999 gebeur het met die Kargil-konflik. Dit het daartoe gelei dat ander lande hulle eie satellietnetwerk gestig het.

Die drie grootste satelliet-netwerke – buiten die Global Positioning System van Amerika – is Glonass (dit behoort aan Rusland), BeiDou (China) en Galileo (Europese Unie).

Almal gebruik 24 satelliete omdat dit die minimum is waarmee die hele aarde gedek kan word, hoewel sommige netwerke 'n paar ekstra daar bo het as bystand indien 'n satelliet onverwags onklaar raak.

'n Toegewyde GPS-ontvanger luister die heeltyd na 'n tyd-gekodeerde boodskap op 'n spesifieke frekwensie wat deur die satellietnetwerk uitgesaai word.

Elkeen van die 24 satelliete in 'n netwerk het 'n atoomhorlosie en stuur die presiese tyd uit. Die GPS-ontvanger vind uit watter satelliete hy kan hoor, en begin dan daardie boodskappe versamel. Die boodskappe sluit in tyd, huidige satellietposisies en 'n paar ander brokkies inligting.

Die boodskapstroom is betreklik traag – om krag te bespaar – en omdat al die

satelliete op dieselfde frekwensie uitsaai, kan jou GPS-toestel makliker hond haaraf maak watter inligting hy ontvang.

As gevolg van die seintraagheid en die hoeveelheid inligting wat nodig is om jou posisie te bepaal, kan dit 30-60 s neem om 'n ligging op 'n gewone GPS-toestel te verkry wanneer jy dit aanskakel.

Sodra jou GPS die posisie en tydkode van minstens drie satelliete het, kan hy sê min of meer waar op die aarde jy staan. Vier satelliete is egter nodig om jou hoogte bo seespieël te bepaal. Moderne GPS-toestelle ontvang deesdae nie net die sein van die




Amerikaanse satelliet-netwerk nie, maar ook Glonass en Galileo s'n – en die ekstra satelliete maak dat jou posisie meer betroubaar en akkuraat bepaal kan word – gewoonlik tussen 2 m en 90 cm, afhangend van weerstoestande. Hoërgraad-GPS-toestelle wat deur landmeters gebruik word, is akkuraat tot op 2 cm.

'n Selfoon, daarenteen, gebruik driehoeksmeting tussen selfoontorings om jou posisie rofweg te bepaal, maar 'n selfoon met 'n ingeboude GPS – hulle is gewoonlik duurder – sal ook nou en dan na die satelliet-netwerk se sein luister om 'n akkurate koördinaat te kry.

'n Slimfoon met 'n GPS-ontvanger luister na slegs een van die satellietnetwerke, en selfs die duurste selfoon raadpleeg slegs nou en dan die satelliete om jou ligging te bevestig. >

“ Sodra jou GPS die posisie en tydkode van minstens drie satelliete het, kan hy sê min of meer waar op die aarde jy staan. ”





Selfoon vs. GPS

Jy kan ware topografiese kaart-inligting op 'n GPS-toestel gebruik om jou vooraf te waarsku teen topografiese kenmerke wat jou reis kan beïnvloed – of dit nou klowe, berge, riviere of plaashekke is. Ons praat nie hier van topografiese lyne op 'n plat kaart soos wat heelparty selfoon-apps wys nie, maar 'n ware driedimensionele beeld waarop jy presies kan sien hoe die pad voor jou op en af deur die berge loop.

'n GPS-toestel het ook 'n kragtiger satellietseinontvanger as 'n selfoon. 'n GPS is boonop meer duursaam, het 'n beter batteryleeftyd (en 'n batterij wat vervang kan word), en is gebou om gure weer te trotseer. Slimfone is gewoonlik nie vir buitemuurse aktiwiteite gebou nie. Humiditeit,

reën, stampe en stote en ander uitdagings op 'n 4x4-roete kan 'n selfoon die gees laat gee.

Selfone se kaarte is wel altyd nuwer, want dit word deurentyd opgedateer met die jongste inligting. Dit gebeur dikwels dat ons GPS-toestel 'n pad aandui wat onlangs herlei is of glad nie meer bestaan nie. Dan wend ons ons tot Google Maps op die selfoon om die regte roete te kry. GPS-vervaardigers soos Garmin opdateer wel hulle kaarte 'n paar maal per jaar en jy gaan dus nie gereeld hierdie probleem hê nie. Maatskappye soos Tracks4Africa se kaarte word ongelukkig minder gereeld opgedateer en is soms jare agter as dit kom die stand van paaie, maar hulle is andersins van onskatbare waarde, veral as jy daarvan hou om kampplekke en besienswaardighede te besoek waarvan slegs die 4x4-gemeenskap weet.

'n Selfoon kan jou ook waarsku teen verkeersknoppe, mits daar internettoegang is – iets wat

'n GPS-toestel nie kan doen sonder die hulp van 'n selfoon nie. Die gevolg is dat Google presies weet waar jy rondry en wat jy doen. Jy hoef nie in samesweringsteorieë te glo om te weet dat Google jou doen en late aan ander maatskappye verklap nie. As jy gesteld is op privaatheid, moet jy liefds die GPS-funksie en sogenaamde "location sharing" op jou selfoon afskakel en hoop hulle luister nie na jou gesprekke en monitor jou bewegings nie.

Sommige Garmin-toestelle gebruik InReach-tegnologie wat jou in staat stel om jou posisie met familie by die huis te deel deur die satellietnetwerk, maar net as jy wil hê hulle moet weet! Jy kan ook kort teksboodskappe stuur en ontvang sonder dat daar 'n selfoonsein is.

'n GPS-toestel se kaarte is makliker leesbaar en die skerm is gewoonlik groter as dié van

'n selfoon, wat beteken jy kan duideliker sien hoe 'n pad loop. Dit kan ook frustrerend raak wanneer jy met 'n selfoon navigeer en die skerm word die heeltid deur WhatsApp-boodskappe gevul. Vrystaters wat 'n kritieke besluit moet neem oor watter afdraai hulle by die Gillooly's-wisselaar in Johannesburg moet vat, wil beslis nie hê 'n navigasie-app moet onderbreek word deur 'n inkomende oproep nie. 'n Toegewyde GPS, daarteenoor, fokus op die pad voor jou en niks anders nie.

Deesdae kan jy ook jou sleepkombinasie se lengte en hoogte in 'n GPS programmeer, waarna die toestel dan voorstelle doen oor watter paaie jy moet ry of vermy. (Lees ook ons toerusting-artikel op bl. 92.)

Slotsom

Jou slimfoon het reeds die gemiddelde man se kamera vervang, en nou dreig hy ook om jou GPS-toestel op die pad van die vergetelheid te plaas. 'n Selfoon sal egter nooit 'n ernstige foto-graaf se lenskamera vervang nie, nes 'n kamera nooit skilderkuns vervang het nie.

Die slimfoon het dalk die gemiddelde man se GPS-toestel vervang, maar avonturiers wat na onbekende bestemmings reis en spontane veranderings aan hulle roete wil maak, gaan vir lank nog baat vind by 'n GPS-toestel. 📍



BEPLAN JY 'N LANDREIS?


Gryp ons
jongste gids
propvol van
die beste
roetes in
Suid-Afrika!

Nou te koop

Namibiese roetegids beskikbaar in Oktober



Waarheen nou, Gehasi?



Ons bekyk 4 navigasie-apps vir jou slimfoon plus 7 nuwe GPS-toestelle en 1 ouer staatmaker.

Teks **Cyril Klopper** Foto's verskaf en **Getty Images**

Selfone is deesdae slimmer as ooit tevore en hulle neem byna oor by lenskameras en GPS-toestelle... wel, amper. GPS-toestelle het beslis nog 'n plek in die wêreld, en van die drie groot GPS-name – Magellan, TomTom en Garmin – is eintlik net Garmin nog algemeen in Suid-Afrika beskikbaar. Daarom bespreek ons slegs dié handelsmerk se reeks GPS'e. Daarby het ons agt navigasie-apps op 'n slimfoon gelaai en ons bespreek die vier wat die lekkerste werk hiernaas.

KRY DIE PRODUKTE HIER

Google Play; App Store outdoorwarehouse.co.za 4x4megaworld.co.za navworld.co.za

Pryse was teen druktyd korrek, maar dit verander soms vinnig. Besoek altyd eers 'n verskaffer se webblad om die jongste pryse te kry.



AVENZA Meer wandel as pendel

Hierdie app se gratis basiskaart lyk uitstekend, maar as jy meer gedetailleerde kaarte met spesifieke inligting soek kan jy dit van Avenza se webwerf aflaai. Sommige kaarte is gratis, maar die meeste is nie. Die app kan jou roete opneem sodat jy later kan kyk waarlangs jy gery het, en die GPS-ontvanger in jou foon sal jou posisie op die app se kaart wys selfs al het jy geen selffoonontvangs nie. Die app is meer gemik op stappers, want hy dui kompasrigting aan. Hy navigeer nie straatlangs nie.
Grootte 191,6 MB
Prys Gratis by Google Play en App Store.



GAIA-GPS Die ou dae se wet...


Gaia-GPS is makliker om te gebruik as die Avenza-app hiernaas, maar die funksionaliteit is eenders. Jy kan jou roete opneem, jy kan jou posisie bepaal sonder 'n selffoonsein, maar die app weier volstrek om jou roete uit te werk sonder ontvangs. Die app is gratis, maar as jy beter kaarte soek en wil hê die app moet jou padlangs beduie sonder 'n selffoonsein, gaan jy R570 per jaar moet betaal vir die volle werkende weergawe van die app.
Grootte 121,6 MB
Prys Gratis by Google Play en App Store.



iOVERLANDER Wat sê die mense?

Hierdie app is nie eintlik vir navigasiedoeleindes bedoel nie, hoewel hy inderdaad jou posisie op 'n kaart sal aandui – sonder 'n selffoonsein. Die rede waarom hierdie app so gewild is, is sy databasis van kampplekke, vulstasies, werktuigkundiges, ambassades en alles wat wêreldreisigers nodig het. Gebruikers resenseer plekke en deel hulle foto's. As jy byvoorbeeld nog nooit in Chibemba, Angola, was nie, sal die app jou wys wanneer laas iemand daar gekamp het en wat hulle ondervinding was.


Grootte 396,9 MB
Prys Gratis by Google Play en App Store.



MAP.ME So reg in die kol

Naas iOverlander hiernaas is hierdie ons gunsteling-app – en meer as 140 miljoen gebruikers wêreldwyd stem met ons saam. Hy vervang amper 'n toegewyde GPS, maar bly 'n kortkop agter die ware Jakob. Jy kan jou roete met hom beplan en jou roete met vriende deel – hy onthou selfs waar jy jou voertuig geparkeer het. Die app is gratis, maar vol advertensies. As jy moeg en sat raak vir die reklame, kan jy elke jaar \$3,50 (ongeveer R65) betaal om die advertensies vry te spring.

Grootte 305 MB
Prys Gratis by Google Play en App Store.





GARMIN CAMPERCAM 795

Die rapportryer

Hierdie GPS het 'n ingeboude kamera wat vorentoe kyk ('n dashcam) en jy kan 'n tweede kamera in die agterruit van jou ryhuis monteer sodat jy veilig kan terugstoot. Pons die afmetings en gewig van jou ryhuis in, en die GPS sal dit in ag neem wanneer hy jou roete beplan sodat jy nie per ongeluk êrens vassteek nie. Hy's ook gelaai met die koördinate van kampplekke, en wanneer jy hom met jou selfoon koppel, sal hy jou laat weet oor verkeers- en weerstoestande.

Skerm 15,2 x 8,9 cm

Resolusie 1 024 x 600 pixel

Fisieke grootte 17,7 (w) x 10,6 (h) x 3,5 cm (d)

Gewig 271 g

Batteryleeftyd 30 minute

Prys R12 700 by navworld.co.za



GARMIN DēZL LGV 1010

Stop die lorrie!

Hierdie enorme toestel is eintlik bedoel vir vragmotorbestuurders, maar hy werk uitstekend vir groot 4x4-ryhuise soos 'n Iveco Daily of Mercedes-Benz Actros. Jy kan jou lorrie se afmetings inprogrammeer en jou roete sal daarvolgens beplan word – die groot skerm maak dit maklik om te sien wat aangaan. Omdat die programmatuur vir vragmotors geskryf is, sal die GPS jou af en toe herinner om te stop en 'n blaaskans te neem – iets waarop jy gerus ook kan ag slaan.

Skerm 21,7 x 13,5 cm

Resolusie 1 280 x 800 pixel

Fisieke grootte 24,5 (w) x 13,5 (h) x 2,1 cm (d)

Gewig 554 g

Batteryleeftyd 2 uur

Prys R19 200 by navworld.co.za.



GARMIN DRIVE 52MT-S

Die pendelaar

Hierdie GPS koppel met jou slimfoon om verkeers- en weerstoestande dop te hou en sodoende die optimale roete vir jou te beplan. Hy gebruik ook TripAdvisor se inligting om restaurante en blyplekke langs jou roete aan te beveel. Dis 'n bekostigbare toestel met al die basiese funksies wat jy nodig het, maar sy kort batteryleeftyd verg dat hy in jou voertuig se 12V-krag sok ingeplug bly. Sommige selfone met navigasie-apps steek hierdie toestel wel verby.

Skerm 11,1 x 6,3 cm

Resolusie 480 x 272 pixel

Fisieke grootte 14 (w) x 8,4 (h) x 2 cm (d)

Gewig 170,8 g

Batteryleeftyd 1 uur

Prys R2 600 by Outdoor Warehouse.



GARMIN GPSMAP 276CX

Die hengelaar

As jy 'n broertjie dood het aan 'n raakskerm, sal die 276-reeks met sy fisieke knoppies jou waarskynlik tevrede stel. Hy word teregend die "fish finder" genoem, omdat hy inderdaad op bote gebruik word (hy kan wel nie visse opspoor nie), maar 4x4-entoesiaste hou van hom omdat hy eenvoudig is en 'n paar stampe en stote kan vat. Dis ou tegnologie, maar aanhangers sweer hoog en laag dis Garmin se beste GPS tot nog toe. Ons gebruik self dié GPS om ons ritte vir reisartikels op te neem.

Skerm 11,2 x 6,8 cm

Resolusie 800 x 480 pixel

Fisieke grootte 19,1 (w) x 9,4 (h) x 4,4 cm (d)

Gewig 450 g

Batteryleeftyd 16 uur

Prys R12 300 by Outdoor Warehouse.



GARMIN INREACH MINI

Die boodskapper

Goed, ons kroek effens met hierdie een, want hy gaan jou nie help navigeer nie. Teen R250 per maand kan jy 10 teksboodskappe van bykans enige plek op aarde ontvang en stuur deur die Iridium-satellietnetwerk. Jy kan ook jou posisie via satelliet met jou familie of Facebook deel en 'n weer-

voorspelling aanvra. Daar is 'n duurder pakket van R1 070 p.m. wat baie meer kommunikasieopsies bied. Jy kan die dienskontrak vir een maand op 'n slag uitneem.

Skerm 2,3 x 2,3 cm

Resolusie 128 x 128 pixel

Fisieke grootte 5,2 (w) x 9,9 (h) x 2,6 cm (d)

Gewig 100 g

Batteryleeftyd 90 uur

Prys R7 000 by Outdoor Warehouse.

GARMIN MONTANA 700i

Die vasvatter

Hy word aan stappers bemark, maar hy's veral gewild onder avontuurmotorfietssryers. Sy skerm is groot genoeg dat jy hom ook in jou kar kan gebruik. Nes met die InReach Mini hiernaas kan jy inteken op die satellietnetwerk om boodskappe te stuur en ontvang, noodreddingsdienste te kontak en jou posisie met ander te deel. Die batteryleeftyd is 18 uur onder normale gebruik, maar dit kan vir tot 330 uur hou in ekspedisiemodus as jy jou voertuig moet verlaat om te voet hulp te ontbied.

Skerm 6,5 x 10,8 cm

Resolusie 480 x 800 pixel

Fisieke grootte 9,2 (w) x 18,3 (h) x 3,2 cm (d)

Gewig 410 g

Batteryleeftyd 18 uur

Prys R14 000 by

navworld.co.za



GARMIN OVERLANDER

Die avonturier

Die Overlander is, soos 'n mens uit die naam kan aflei, gemik op landreise na verre bestemmings. Hy's gebou op 810- militêre standaard met 'n IP5X-stofdigtheidgradering. Elke avonturier se gunsteling-app, iOverlander, is vooraf gelaaie en die toestel ontvang nie net die GPS-sein van Amerikaanse satelliete nie, maar ook die Europese Galileo- en Russiese Glonass-satellietnetwerk. Jy kan ook jou sleepkombinasie se lengte, hoogte en breedte inprogrammeer en dan waarsku die GPS jou teen lae brûe en haarnaalddraie.

Skerm 15,2 x 8,9 cm

Resolusie 1 024 x 600 pixel

Fisieke grootte 19,9 (w) x 12,2 (h) x 2,4 cm (d)

Gewig 437 g

Batteryleeftyd 3 uur

Prys R13 500 by Outdoor Warehouse.

GARMIN TREAD XL

Die toerleier

Hierdie yslike toestel het voorafgelaaide topografiese kaarte vir Afrika sowel as Tracks4Africa. Jy kan die afmetings van jou ekspedisievoertuig of sleepkombinasie intik om waarskuwings oor potensieële hindernisse op jou roete te kry. Maar die interessantste funksie is die sogenaamde Group Ride. As almal in jou konvooi dieselfde GPS het, kan julle mekaar op 'n kaart sien. 'n Goedkoper alternatief is dat almal 'n group Ride Tracker (R4 000) in hulle voertuig het en dan kan die toerleier sien waar almal is.

Skerm 21,7 x 13,5 cm

Resolusie 1 280 x 800 spikkels

Fisieke grootte 25,2 (w) x 19,9 (h) x 3,1 cm (d)

Gewig 930 g

Batteryleeftyd 1 uur

Prys R26 000 by 4x4 Mega World



Prut- prut die pot....

Potjiekos is die oorspronklike eenskottel-ete – en hierdie ses potplanne is almal weners!

Resepte en stilering **Johané Neilson** Foto's **Ed O'Riley**

PAPRIKA-BIEFPOT

Sien rooi!

Dié pot is koningskos: Onthou om genoeg rys te maak vir die lekker sous!

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 1 kg beeskortrib, in skywe gesny
- 2 eetlepels meel
- vleisspeserye na smaak (gebruik jou gunsteling)
- olyfolie vir vlakbraai
- 3 groot uie, gekap
- 4 knoffelhuisies, fyngedruk
- 1 duim vars gemmer, geskil en gerasper
- 2 eetlepels paprika
- 1 eetlepel gerookte paprika
- 1½ koppie biefaftreksel
- 1 blik (400 g) tamaties
- 500 g passata (fyngemaakte tomatie)
- 750 g jong aartappeltjies
- 500 g groenboontjies, middeldeur gesny
- 1 koppie Griekse jogurt (of gebruik suurroom)

Só maak jy

1 Rol die vleis in die meel en geur dit na smaak met sout en peper. Voeg van jou gunstelingvleisspeseriemengsel na smaak by – myne is ewe veel fyn koljander en komyn. Braai die vleis mooi goudbruin in die olie – werk in sarsies en vul die olie aan soos nodig.

2 Braai nou die ui in dieselfde pot tot glansend. Roer die knoffel, gemmer en twee geure paprika by. Roer alles weer deur en gooi dan al die aftreksel, tomatie en passata in die pot.

3 Skep die vleis terug in die pot, sit die deksel op en prut alles rustig saam vir 2 uur of tot die vleis begin sag word. Langer is beter, maar kyk maar hoe hard die honger knaaie.

4 Roer die aartappels by en maak seker almal word met vloeistof bedek. Skep die boontjies bo-op, maak die deksel toe en prut die pot vir nog 'n uur of tot die aartappels sag is. (Jy kan die aartappels middeldeur sny, indien verkies, óf groot aartappels kleiner sny.)

5 Prut die pot vir oulaas onbedek tot die sous mooi afgekook is. Roer die jogurt by, proe of daar nog sout kort, en sit dit voor met rys.

Ry & Sleep sê As jy hou van 'n tikkie soet by tomatiegeregte, roer 'n lepeltjie suiker by saam met die jogurt.



KERRIEHOENDER-EN-RYS

Ek 'like' jou stukkend

Hierdie heerlike pot is die skepping van my skoonsus, Liezl van Schalkwyk. Dit is 'n groot familiegunsteling by die huis én wanneer ons saam gaan kamp. Met min bestanddele en net een potjie om op te was is die smaak nie al wat in hierdie treffer se guns tel nie.

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 3 groot hoenderborsies met die vel en been (minstens 600 g)
- 2 eetlepels olie vir vlakbraai
- 1 ui, grofgekap
- 1½ koppie warm water
- 400 g potgroente – ons het gesnyde pampoen, blomkool, murgpampoentjie en patat gebruik
- 1 koppie jasmynrys
- 1 sakkie (200 ml) botterhoender-Coat & Cook-sous (Ina Paarman s'n is tops)

Só maak jy

1 Verhit 'n swartpot oor die kole en verbruin die hoender in die olie. Geur dit behoorlik met sout en peper.

2 Voeg die ui by en braai dit vir nog 'n paar minute saam. Gooi genoeg water by om die hoender net-net te bedek, verlaag die hitte en prut dit vir sowat 1 uur tot die hoender sag is.

3 Voeg die groente by die hoender en prut dit vir nog 15 minute. Roer die rys by, vul die vloeistof aan met kookwater indien dit nie genoeg lyk nie, en prut die potjie rustig verder tot die groente en rys sag is – gewoonlik nog 20-30 minute.

4 Roer die pot – die hoender behoort sag genoeg te wees om sommer vanself te pluiz. Voeg nou die botterhoendersous by die pot, meng alles deur en lê weg.

Ry & Sleep sê Die pot kan maklik verdubbel word én jy kan speel met die groentekombinasie. Gekeerde groenboontjies en broccoli is ook lekker. >



BOKSPOEDING

Die hele boksemdaais

Vir my is die belangrikste deel van 'n poeding-pot om seker die maak die platboompotjie waarin jy bak, is silwerskoon en dat daar genoeg sous is. Kies kortpad met 'n bokskoek, dan hoef jy nie te hard te dink oor die hoeveelhede van die fyngebak in die boendes nie. Onthou net 'n klitser – 'n ballon- en elektriese klitser werk ewe goed.

Jy benodig

(genoeg vir 8)

- 1 vanieljegeur bokskoek (raadpleeg die verpakking, maar vir Ina Paarman se bokskoek het ons 3 eiers, ½ koppie olie, ¼ koppie gesmelte botter en 1 koppie melk gebruik)
- gerasperde skil van 1 lemoen (opsioneel)

VIR DIE SOUS

- 1 blik (410 g) ingedamppte melk
- 1 koppie suiker
- 1 koppie swart koffie (of gebruik warm water)
- 1 eetlepel botter

Só maak jy

1 Klits die eiers, olie en botter vir 30 sekondes teen 'n hoë spoed saam – 'n elektriese klitser of selfs staafmenger sal baie help, hoewel jy dit met genoeg spierkrag ook met 'n ballonklitser kan doen.

2 Gooi die melk by en klits alles saam tot gemeng. Roer die droë bestanddele uit die pakkie plus die lemoenskil versigtig by – vou dit saam tot net-net gemeng.

3 Skep die beslag in 'n gesmeerde platboompot (ons het 'n nr. 3 gebruik), sit die deksel op en "bak" dit oor matige

kole (met 'n paar kole op die deksel) vir 45 minute of tot 'n mespunt skoon uitkom as jy dit in die middel van die koek druk. Moet liefs nie voor 30 minute die deksel lig nie, anders kan die koek in die middel platval – die gaarmaaktyd is gewoonlik effens langer as in die oond.

4 Smelt al die sousbestanddele saam en roer dit tot die suiker opgelos is.

5 Druk met die agterkant van 'n houtlepel gaatjies oraloor die gaar koek en giet die warm sous dadelik oor sodat dit lekker kan intrek.

Ry & Sleep sê Roer 'n eetlepel asyn by die melk in die beslag om karringmelk te maak. As lemoen-en-koffie nie vir jou is nie, kan jy natuurlik hou by skoon vanielje óf 'n skeut van jou gunstelinglikeur by die sous voeg om die koue te tem.

BRUINUIESOPBROODJIE Ryk en romerig

Dié potbrood kies kortpad met klaargekoopte brooddeeg, maar jy kan natuurlik jou eie knie. Die soppoeier en room maak die allerlekkerste buitelagie om die broodrolletjies.

Jy benodig

(genoeg vir 8 as bykos)

- botter om die pot te smeer
- 800g gekoopte brooddeeg
- 1½ koppies rakroom
- 1 pakkie (55g) bruinuiesoppoeier
- 1 ui, in ringe gesny

Só maak jy

1 Smeer 'n platboompot met botter (of gebruik olie). Vorm gholfbal-grootte bolletjies met die deeg en rangskik hulle verkieslik in 'n enkel-laag in die voorbereide potjie.

2 Klits die room en uiesoppoeier saam en giet dit oor die deeg-bolletjies. Sit die deksel op en laat die potjie vir 20 minute rys terwyl jy die kole regkry.

3 Rangskik die uieringe bo-op die uitgerysde broodbolletjies en maak weer die pot toe. Bak nou die brood vir 50-60 minute oor matige kole met 'n paar kooltjies op die deksel. As dit uitgerys en gaar is, is dit etenstyd!

Ry & Sleep sê Drup enige orige room in die beker waarin jy geklits het, oor die gaar broodjie en bekijk jou meesterstuk voor jy weglê. >



WWW. TUFFSTUFF® .CO.ZA

'N GESPECIALISEERDE VERSEKERINGSPRODUK
VIR 4X4'S EN SPORTNUTSVOERTUIG

MARKLEIERS VIR 4X4- VERSEKERINGSPRODUKTE

Omvattende dag-tot-dag voertuigversekering met die bykomende voordeel van gespesialiseerde oorgrens-4x4-, sportnutsvoertuig- en leefstyldekking.

MAAK AFRIKA JOU SPEELGROND



REAM
VERSEKERINGS-
MAKELAARS
FSP1422



hellopeter

TUFFSTUFF-PRODUKTVRYWARING:

TUFFSTUFF is 'n spesialis-4x4-produk en geregistreerde handelsmerk. Dit word onderskryf deur Western National Versekeringsmaatskappy Bpk. FSP 9485. Dit word gefasiliteer en geadministreer deur REAM Versekeringsmakelaars (Edms) Bpk. FSP 1422. Dit is nie 'n mediese skema nie, die dekking is nie dieselfde as dié van 'n mediese skema nie en is nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema-lidmaatskap nie. Bepalings en voorwaardes geld*.

0861 44 44 00 | info@tuffstuff.co.za

www.tuffstuff.co.za



KOOLFRIKKADELLE MET TAMATIE**So by my kool**

Ouma-onder-die-komers is 'n persoonlike gunsteling. In 'n potjie oor die kole kry die tamatiegeur boonop 'n lekker kinkel wat jou nie 'n plaas se geld kos nie.

Jy benodig

(genoeg vir 4-6)

- 1 dik sny witbrood, gekrummel
- ½ koppie melk
- 1 kg maalvleis
- 1 teelepel elk vleisspeserye en gemengde kruie
- 2 eetlepels elk botter en olyfolie
- 1 ui, fyngekap
- 1 teelepel fyngedrukte vars knoffel
- 1 eetlepel meel

- 1 blik (400 g) gekapte tamatie
- 1 vars of droë lourierblaar
- ½ koppie vleisaftreksel
- 2 klein koolkoppe, in blare gebreek en in kookwater gedompel
- neutmuskaat na smaak

Só maak jy

1 Week die brood in die melk tot sag. Voeg die vleis by, meng die speserye en kruie daardeur en geur die mengsel na smaak met sout en peper. Vorm ± 18 frikkadelle met die mengsel.

2 Smelt die botter en olie saam in 'n plat-boompot en verbruin die frikkadelle vinnig. Skep dit uit en braai nou die ui in die vet tot glansend. Voeg nog 'n bietjie olie by as dit skraps lyk.

3 Roer die knoffel by die pot en braai dit vir 'n minuut. Roer die meel by en meng

dit goed. Nou is dit tyd vir die tamatie, lourierblaar en aftreksel. Prut solank die sous terwyl jy die frikkadelle in die koolblare verpak.

4 Vou die bruingebrade frikadelle in die geblansjeerde koolblare toe en pak hulle in die tamatiesous in die potjie. Geur dit met die neutmuskaat en prut dit vir sowat 20 minute met die deksel op. Haal die deksel af en prut die potjie vir nog 10 minute of tot die sous afgekook het. Sit dit voor met kapokaartappels of rys.

Ry & Sleep sê Ek stip graag 'n paar klontjies botter oor die finale gereg om dit ekstraryk te maak, en sit dit dan voor saam met blatjang. Ek hou van hoe die frikkadelle uit die klein koolblare loer in die potjie, maar jy kan enige tyd ook groot blare gebruik.





MAKLIKE MACARONI-EN-KAAS Die melkman se gunsteling

Dié pastapotjie is só maklik jy
hoef nie eens witsous te maak
nie. Hou dit net mooi dop, want
die melk kook maklik oor.

Jy benodig (genoeg vir 4-6)

- 1 ℓ melk
- 2 koppies hoenderaftreksel
- 300 g macaroni of penne
- 1 vars of droë lourierblaar
- 2 koppies gerasperde cheddar
(of meer, indien jy verkies...) –
sien die wenk hiernaas
- 'n klontjie botter (opsioneel)

Só maak jy

1 Kook die melk en aftreksel
saam in 'n boepenspotjie. Roer
die pasta en lourierblaar by en
kook alles saam vir 8-10 minute
of tot die pasta al dente is.

Dit neem effens langer in die
melk – proe dus as jy onseker is.
Roer die mengsel gereeld om
te keer dat die pasta saamkoek
of oorkook.

2 Roer die kaas in die warm
pot en kyk hoe 'n weelderige
kaassous voor jou oë gevorm
word. Voeg die klont botter by
(moenie suinig wees nie), geur
dit met sout en peper, en skep
op. Jy kan dit verder opkikker
met bros spek of pangebreaide
kersietamaties.

Ry & Sleep sê Die sous verdik
selfs meer as dit 'n rukkie
staan. Jy kan speel met die
soorte kaas wat jy gebruik;
'n bietjie skerp cheddar
of parmesaan gee meer
geur as 'n gewone geel
kaas, maar 'n sagte gouda
of selfs geprosseseerde
kaas sal dradelig smelt.
Eksperimenteer met
verskillende kombinasies. 🍴

WWW. **TUFFSTUFF**® .CO.ZA

'N GESPESIALISEERDE VERSEKERINGSPRODUK
VIR 4X4'S EN SPORTNUTSVOERTUIG



REAM
VERSEKERINGS-
MAKELAARS
FSP1422



hellopeter

TERRITORIALE PERKE AFRIKA, SUID VAN DIE EWENAAR, SOOS GETOON

SUID-AFRIKA
NAMIBIË
BOTSWANA
ZIMBABWE
MOSAMBIEK
ANGOLA
ZAMBIË



MALAWI
KONGO
TANZANIË
GABON
DRK
UGANDA
KENIA


TUFFSTUFF-PRODUKVRYSWARING:

TUFFSTUFF is 'n spesialis-4x4-produk en geregistreerde handelsmerk. Dit word onderskryf deur Western National Versekeringsmaatskappy Bpk. FSP 9465. Dit word gefasiliteer en geadministreer deur REAM Versekeringsmakelaars (Edms) Bpk. FSP 1422. Dit is nie 'n mediese skema nie, die dekking is nie dieselfde as dié van 'n mediese skema nie en is nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema-lidmaatskap nie. Depalings en voorwaardes geld.

0861 44 44 00 | info@tuffstuff.co.za

www.tuffstuff.co.za






CARAVAN
SERVICES & REPAIRS
Unit 8 Corner North Rand & Elizabeth Rd, Boksburg
082 652 8139
www.caravanrepairs.co.za / info@caravanrepairs.co.za

**ONS DOEN VERSEKERINGS-
EN PRIVAATWERK**

VOOR

NA



Ons installeer **EWIKS** KARAVAANSKUIWERS

by jou perseel in Gauteng, Mpumalanga, Noordwes, Limpopo en die Vrystaat.



KONTAK Wimpie Struwig by 082 33 33 833 | Pieter Kalis by 083 715 1226 | www.caravanmovers.co.za



5-7

OKTOBER 2023

**VANWYKSVLEI,
NOORD-KAAP**

**TOESKOUERS
WELKOM!**

**KAARTJIES BESKIKBAAR
BY QUICKET.CO.ZA**



BAIE STOF • OU KARRE • HOPE PRET

BATTERY & OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Heel Beste Diens

**Ons stel vir u 'n doeltgemaakte sonkragpakket
saam vir u spesiale sonkragbehoefte!**



MPPT

DC-DC

Kry dooie batterye
aan die gang

Litium "jump starters" vanaf R1,499

Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos

Tel: 066 2288 919 / 082 4444 911 | E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-groep "Battery & Outdoor King"



Safe-T- Locksmiths



- Transpondeersleutels gesny
- Sleutelkodering en -programmering
- Rekenaarboks-herstelwerk

**Commissionerstraat 307A,
Boksburg**

083 226 3003 or 011 917 2016

WWW.TUFFSTUFF.CO.ZA

'N GESPESIALISEERDE VERSEKERINGSPRODUK
VIR 4X4'S EN SPORTNUTSVOERTUIG



REAM
VERSEKERINGS
MAKELAARS
FSP1422



hellopeter

ADDISIONELE DIENSTE

BYSTAND WANNEER JY DIT DIE NODIGSTE HET

- 24-uur-padbystand binne RSA
- Internasionale mediese noodontroeping
- Tegniese bystand in die lug
- Repatriasie na ongeluk, diefstal of kaping
- Noodverblyf
- Motorhuur tot 75 dae
- Satelliettelefoonhuur

En nog vele meer.

TUFFSTUFF-PRODUKVERSWARING

TUFFSTUFF is 'n spesialis-4x4-produk en geregistreerde handelsmerk. Dit word ondertekend deur Western National Verzekeringssmaatskappy Bpk. FSP 9465. Dit word gefasiliteer en geadministreer deur REAM Verzekeringmakelaars (Edms) Bpk. FSP 1422. Dit is nie 'n mediese skema nie, die dekking is nie dieselfde as die van 'n mediese skema nie en is nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema-ndmaatskap nie. Bepalings en voorwaardes geld.

0861 44 44 00 | info@tuffstuff.co.za

www.tuffstuff.co.za



SilverLakes

Caravans

Tel: 012-9441919

www.silverlakescaravans.co.za

Sales & Rentals

950 LYNNWOOD ROAD
EQUESTRIAN
PRETORIA

Sakpas Pryse!

NUWE & GEBRUIKTE WOONWAENS VERKOPE & VERHURINGS



INVADER
Off-Road Campers

**ADVENTURE
XTREME**
Caravans

TUFF
Cats



LEEFER (PTY) LTD



JURGENS



STEALTH

ADVENTURE TRAILERS



REG VIR 'N NUWE

AVONTUUR

PRODUKTE

- Warrior
- Warrior Deluxe
- 2-slaap Deluxe (Spartan)
- Dinette (Gladiator)

SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR

CAMP WILD AFRICA
082 603 5105

Arum Lilly-weg 8
DuVillie Industrial Park
Eenheid 5, Durbanville
Kaapstad
7551

**SONPARK CAMPING
& LEISURE**
013 492 2996

Mystic River-singel 3
Riverside Park
Nelspruit
1200

**MOTOR KING &
MARINE**
012 335 2800

Steve Biko-weg 954
Wonderboom-Suid
Pretoria-Noord
0084

**SILVER LAKES
CARAVANS**
012 944 1919

Lynnwoodweg 950
Equestria
Pretoria
0184

**EAST RAND CARAVAN
WORLD**
011 025 7639

H/V North Rand- &
Elizabeth-weg 157
Beyerspark, Boksburg
1459

AUTO BOUTIQUE
060 529 7803

Stretch-singel 35
Vryheid
KwaZulu-Natal





Bufferbeskerming
beskerm jou buffer

BOOXE®

CUSTOMISED VEHICLE ACCESSORIES

BOOXE vind graag innoverende oplossings om jou te help...

HOU DIT NETJIES

- Kattebakmatte met verhewe lip & aangehegte bufferbeskerming
- Afhaalbare bufferskerm
- Bakmat met verhewe lip & agterklapverlenging
- Original Boot Box vir FORTUENRS & Ultimate Box vir enige voertuig



Beskerm jou bak met 'n
bakmat en agterklapverlenging

Vir ons volledige lys van produkte gaan na www.booxe.co.za KOOP AANLYN – ONS LEWER DIREK AF

087 379 7539 / 066 176 1522
E-pos: info@booxe.co.za



ewiks

caravan mover
www.ewiks.co.za

Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:

Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za



* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg



WWW. TUFFSTUFF® .CO.ZA

'N GESPESIALISEERDE VERSEKERINGSPRODUK
VIR 4X4'S EN SPORTNUTSVOERTUIG

VOERTUIGWAARDASIE

WIL JY DIE HUIDIGE WAARDE VAN ENIGE VOERTUIG WEE?

Besoek ons webwerf en kry jou voertuigwaardasie vir slegs R15.00



REAM
VERSEKERINGS
MAKELAARS
FSP1422



hellopeter



TUFFSTUFF-PRODUKVERSWARING

TUFFSTUFF is 'n spesialis-4x4-produk en geregistreerde handelsmerk. Dit word ondertekend deur Western National Verzekeringmaatskappy Bpk. FSP 9465. Dit word gefasiliteer en geadministreer deur REAM Verzekeringmakelaars (Edms) Bpk. FSP 1422. Dit is nie 'n mediese skema nie, die dekking is nie dieselfde as dié van 'n mediese skema nie en is nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema-ndmaatskap nie. Bepalings en voorwaardes geld.

0861 44 44 00 | info@tuffstuff.co.za

www.tuffstuff.co.za



Hou jou KOEL
hierdie SOMER!




072 413 3899

Jacques | Cindy

www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

- Woonwaens
- Kommersieel
- Wonings
- Installering
- Herstelwerk
- Dienste
- Ewiks Skuiwers
- Spaarwielhak
- Ondersteunings Hulpbane



Skuiwers wat jy kan vertrou!



OM HIER TE ADVERTEER
KONTAK:

DANIE NELL


082 859 0542

danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH

083 583 1604

sharlene.smith@media24.com



BLOKRAAI-OPLOSSING

In die mark vir 'n karavaanskuiwer?

Die heeltemal nuwe en beste in die wêreld-woonwaskuiwer

powrtouch
EVOLUTION
auto



automatiese karavaanskuiwer

Met 1-4 helling werkverrigting. Slegs een stel
benodig vir dubbelas-woonwa. Vanaf R28 750,00
installasie en BTW ingesluit. Battery, batterylaaier
en batterykas opsioneel ekstra indien benodig.

**GRATIS
5 JAAR**
GEEN GEKIBBEL
ONDERDELE & WERK
WAARBORG

SOMILL PTY LTD,
RIETFontein, R51 DISTRIK
BALFOUR

KOÖRDINATE
S 26.977890 O 28.593968

KANTOOR TEL: 058 821 0006
info@powrtouch@somillfs.co.za



GEHALTE

WEELDE

EENVOUD

uiterste avonture in uiterste weelde

GECKO XTRME IS 'N STOFDIGTE VEELTERREINKARAVAN GESKIK OM IN WEELDE DEUR AFRIKA
TE REIS. TOEGERUS MET 'N KONINGINGROOTTE BED, BINNESTORT (MET 220V/GASGEYSER),
AFSONDERLIKE CHEMIESE TOILET, WARM- EN KOUEWATER-RETIKULERING ASOOK
12V, 220V EN SONKRAGLAAISTELSEL.

BESIGTIG D.M.V. AFSpraak

Tel: 015 004 1356

www.gecko-offroad.co.za
info@gecko-offroad.co.za



MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | Epos: maclaren@ust.co.za

MacLaren HB9000-onderbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

- Stil werkend
- Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- Eenheid ten volle op eie aangedrewe, reg om in te prop
- Maklike installasie (dele & patroonplaat ingesl.)
- Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- Liggewig, ideaal vir karavane
- Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak
- Eenheid kan met 'n omskakelaar bedryf word

MacLaren Karavaandak-lugversorger

- Ingeboude Wi-Fi
- Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- Ontwerp-verkoelingskapasiteit **3500W**
- Ontwerp-verhittingskapasiteit **3500W**
- Kraglewering (verkoeling/verhitting) **1300W/1100W**
- Koelmiddel **R410a**
- Algehele afmetings (mm) **710 W x 253 H x 1035 L**
- Verpakkingsafmetings (mm) **760 W x 310 H x 1090 L**

2 JAAR
VOLLEDIGE
VERSKAFFERS-
WAARBORG
OP ENIGE
EENHEID



INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAAN/KAMPEERWA NIE

WWW. **TUFFSTUFF**®.CO.ZA

'N GESPESIALISEERDE VERSEKERINGSPRODUK
VIR 4X4'S EN SPORTNUTSVOERTUIG

GEREELDE KAMPER?

KRY DIE TUFFSTUFF-VERSEKERINGSPRODUK.

Kontak ons vandag nog.



hellopeter



TUFFSTUFF-PRODUKVERSWARING:

TUFFSTUFF is 'n spesialis-4x4-produk en geregistreerde handelsmerk. Dit word onderteken deur Western National Verzekeringssmaatskappy Bpk. FSP 9465. Dit word gefasiliteer en geadministreer deur REAM Verzekeringsmakelaars (Edms) Bpk. FSP 1422. Dit is nie 'n mediese skema nie, die dekking is nie dieselfde as die van 'n mediese skema nie en is nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema-odmaatskap nie. Bepalings en voorwaardes geld.

0861 44 44 00 | info@tuffstuff.co.za


www.tuffstuff.co.za



**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur

DIE DAK WAT JOU **AVONTUUR NODIG HET**



**Outdoor
Warehouse
Dienste**



Natural Instincts Kits Opslaan Nylon
Gazebo 3 x 3m



Tentco Senior Canvas Gazebo



Natural Instincts Kits Opslaan
Nylon Gazebo 3 x 3m

**OUTDOOR
REWARDS**

32 winkels landswyd

Vir jou naaste tak, skakel 0800 007 261 tolvr

Besoek outdoorwarehouse.co.za om meer uit te vind en aanlyn te koop



OutdoorW



Outdoorwarehouseza

REG VIR JOU WILDE AVONTURE?

LAASTE KANS OM TE
BESTEL VOOR DIE
PRYSVERHOOGING
IN FEB 2023



info @wildacc.co.za
083 284 6929

WILD
Accessories
www.wildacc.co.za

VANAF

R21 500 BTW ingesl. (Dubbelkajuit)

R23 800 BTW ingesl. (Ekstra kajuit)

R27 000 BTW ingesl. (Enkelkajuit)

Groter groottes sluit uit Mahindra, Land Cruiser ens.

WWW. **TUFFSTUFF**® .CO.ZA

'N GESPESIALISEERDE VERSEKERINGSPRODUK
VIR 4X4'S EN SPORTNUTSVOERTUIG



REAM
VERSEKERINGS
MAKELAARS
FSP1422



hellopeter

RESENSIE

WAT ONS KLIËNTE TE SÊ HET

Ek is nou al so 10 jaar by REAM/ TUFFSTUFF, hulle verseker amper alles wat ek besit, insluitend die rubberisering in my bakkie!! Hulle diens is buitengewoon, beleidsveranderinge/byvoegings word binne 15 minute gedoen, eise word professioneel en vinnig hanteer. Ek sal hulle sterk aanbeveel vir enigiemand wat goeie diens van 'n behoorlike versekeringsmakelaar wil hê.

-ANDRE R-

TUFFSTUFF-PRODUKVERSWARING:

TUFFSTUFF is 'n spesiale 4x4 produk en geregistreerde handelsmerk. Dit word onderskryf deur Western National Verzekering Maatskappy Bpk. FSP 9465. Dit word gefasiliteer en geadministreer deur REAM Verzekering Makelaars (Edms) Bpk. FSP 1422. Dit is nie 'n mediese skema nie, die dekking is nie dieselfde as dié van 'n mediese skema nie en is nie 'n plaasvervanger vir 'n mediese skema lidmaatskap nie. Bepalings en voorwaardes geld.

0861 44 44 00 | info@tuffstuff.co.za

www.tuffstuff.co.za



THULE[®]
SWEDEN

New

Thule Caprock – die dakplatform wat ontwerp is vir al jou avonture

Verander die dak van jou voertuig en maak gereed vir elke dag se werk en boendoe-ervarings met die Thule Caprock-dakplatform. Met sy modulêre ontwerp en eindelose moontlikhede vir die opsit van 'n daktent of bybehore, sal hierdie dakplatform net reg wees vir al jou toerusting. Dit stel maklik op en is geskik vir 'n reeks voertuie, met of sonder dwarsstange – ideaal vir elke avontuur. Thule Caprock sal vanaf Julie 2023 in Suid-Afrika beskikbaar wees.



Bring your life
thule.com



Kameelboomkoelte

★★★★



Die ideale oornagplek op Askham in the Kalahari



Kontak ons
Nina 076 991 2561
 info@kameelboomkoelte.co.za
 www.kameelboomkoelte.co.za

Nuwe **selfsorg-eenheid** met fantastiese fasiliteite.


NOORD-KAAP **ASKHAM**



Scottburgh
 KARAVAN PARK

TOP OORDE
 2009-vandag
 Caravan and Outdoor Life

- Een kilometer-strandfront
- Rotspoele
- Beskutte swemplek
- Varswater-swembaddens
- Alle staanplekke is hard of met gras
- Strandkothuis gemeubileer
- Elektriesiteit op alle staanplekke



039 976 0291
 caravanpark@scottburgh.co.za
 www.ScottburghCaravanPark.co.za

ANLYNBESPREKINGS NOU BESIKBAAR BY
www.alloutbookings.co.za

KWAZULU-NATAL **SCOTTBURGH**



MIDWEEK, SPESIALE AANBOD: KAMP VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R800-00

EENHEDE, SPESIALE AANBOD: BLY VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R2 700-00

Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tels • Springmatte • Mini-gholf
- Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
- "Lazyriver" • Waterglybane • Wegneemetes

Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 /
 +27 82 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
 Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za

NOORDWES **BRITS**



Kamp en forelhengel naby Pretoria!

Die natuurskoon van Bass Lake en die uitstekende fasiliteite en dienste wat daarmee saamgaan, is waarlik 'n Suid-Afrikaanse kampeerervaring soos min. Nog beter, Bass Lake is geleë net 30km buite Pretoria!

Bespreek vandag
 basslakelodge.co.za
 camping@basslakelodge.co.za
 012 735 1650

BASS LAKE
 EXCLUSIVE CAMPING

NOORDWES **BRITS**

Weg! Ry & Sleep



GEDRUKTE WEERGAWE



TEKEN IN EN SPAAR 40%

JY SPAAR
R264

6 uitgawes vir net R396 *

DIGITALE WEERGAWE



TEKEN IN EN SPAAR 40%

JY SPAAR
R264

6 uitgawes vir net R396 *

**GRATIS
AFLEWERING**



Vir die digitale weergawe besoek Zinio.com of Magster.com
Teken só in Nuwe intekenare SMS die woord "weg" na 32361
met jou besonderhede en ons sal jou terugbel.
SMS'e kos R1,50. Gratis minute geld nie.

Om 'n intekening te herno skakel 087 353 1300 – vir
internasionale intekenaanbiedinge +27 21 065 0033.
E-pos subs@media24.com WhatsApp 087 353 1333

GEDRUKTE TYDSKRIF



STUUR E-POS
subs@media24.com



BEL
087 353 1300



SMS die woord "weg" na
32361 en ons bel jou terug.

DIGITAAL

Besoek Zinio.com of Magzter.com



WHATSAPP
087 353 1333



zinio



MAGZTER
DIGITAL NEWSPAPERS

BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD Jou intekening word verskaf op 'n voorafbetaalde basis en is slegs in Suid-Afrika beskikbaar.
Jou betaalinstruksie kan aangepas word indien die omslagprys verhoog word. Die aanbod geld tot 25 Julie 2023.

Elna Kluyts van Heidelberg in die Wes-Kaap wen 'n **koelsak ter waarde van R220** vir haar korrekte blokraai-inskrywing in ons Februarie-Maart 2023-uitgawe. Jy kan ook wen. Stuur 'n foto van jou voltooid blokraai na rysleap@weg.co.za. Onthou jou kontakbesonderhede. Die vorige uitgawe se oplossing is op bl. 106.

			Ravyn naby Nieuwoudtville	Neerslag	Fyn onderskeiding	Potte en ...	Dorp in die Wes-Kaap			
							Tot oor jou ... verlief			
			Storm			... jou vuurmaakplek				
			Teef en ...							
So 'n ... moet jêrn kry!	Was baie besig	Selons-roos						Aromas	Handvatsels	
	Biljartstok							Perd se huis	Orgaan	
		Hemel-liggame				Onlangs				
Gras vreet			Ploegdier	Saam (prefiks)	Swyn		In die ... (werk)			
					Met suur teken		Benadeel			
			... die yster terwyl dit warm is			Bel				
Gooi (krieket)	Iedere				Nootstelle (musiek)					
	Lewe (prefiks)				Olik					
			Kamera se oog			Nobelium (simbool)				
			Vat sol							
Oud-Franse digsoort	Jodium (simbool)	Derms		Groen huis-versiering	Soort vis	Spoggerige ryding (kort)				
		Donderdag (afk.)								
Alternatiewe geneeskunde							Dam in KZN			
			Vat sol			Markplein		Rytuig	Bekommerd	
								Muurholte	Veevoer	
			Tiende Griekse letter	Geploegde land	Geringe Vader					
						Frans militêre pet	Kiem			
						Konserwatief				
Dorp in die Noord-Kaap	Plat visse	Oorsaak	Mor		Streng				Dus	
			Was van plan		Gewigs-eenheid				Plaasdiere	
					Versus			Doer		
								Bok maak so		
Voorval		Te niet ... (vernietig)			Gebêre					
							Soos water op 'n ... se rug			

OPGESTEL DEUR GERDA ENGELBRECHT

Wen 'n koelsak ter waarde van R220!


Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 l-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel wat die helfte so groot is.

Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer, wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvatse wat bo-oor kom en met klitsrits heg, plus 'n skouerband as jy te min hande het.

winkel.weg.co.za



Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en inkleur-
potlode gereed en gee
lewe aan die tarentaal.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die
lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille
tussen die twee sketse.
Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas.
Onthou om eers 'n potlood te
gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.



Woordsoek

S T E N D A I M T A W A R I R A O V B B B S
C O Q N O F C H E S T E R W I L L I A M S I
H A A Z U B U D H J B Y B K C D R X J D Y Y
A X Z I L O K G O L Y F L R V H C C E P V A
L W B J C L N Z O A O T Q D R D Y S E P E K
K I W X C Y M K Y D U L J K Z B U S Q Q N O
B E S I Q P N W G W V U V J O H N S M I T L
U M Y K Y I J E A N D E V I L L I E R S D I
R U Z O L Q B G Q Q S P D D G P F C W U T S
G N Z S Z T A I E S J L T R V T G I G K D I
E U E E C H Y I E X A H I Q I M D R W M O W
R H O C R O D K J G Z E B P Q Z S V M F R O
C U O Q I L T C J O E L S T R A N S K Y Q Y
P E R C Y M O N T G O M E R Y X B C C J C V
C J V B D N Y R F J N A B J H K R K P L S Y
S H T R A T E J R A X I M N G R Y P J D Z F
V G R P H C B P A D H A Z B A Z A B G L W R
D Y H O U H E P N O J O A N M C N S W M P A
A A C A M X N I C L G W V O V L H E P X C N
N Z C M Z C E E O X F Q C L V E A X M F I C
I A D S W B T T I D W C E J A D B X C Y H O
E Q A T B N Z E S A V J E A R Z A C H L D I
G L L S T A E R S X R E T B R S N V Y Q G S
E E L Z B C B S T Q X Z Q U U I A L I N W P
R D B H A O E E E M A R K A N D R E W S D I
B E K O N X T N Y O M O M J X J D D M D F E
E M P O L W H H N Q T X N O G G M D R A D N
R V I C T O R M A T F I E L D M J Q H A H A
J O O S T V A N D E R W E S T H U I Z E N A
U N B R S V I C E L T O N J A N T J I E S R


SUID-AFRIKAANSE RUGBYSTERRE

Mark Andrews	Bryan Habana	JP Petersen
Naas Botha	Cheslin Kolbe	Francois Pienaar
Schalk Burger	Siya Kolisi	John Smit
Jean de Villiers	Victor Matfield	Francois Steyn
Eben Etzebeth	Percy Montgomery	Joel Stransky
Danie Gerber	Tendai Mtawarira	Chester Williams

Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



VOLSTRUIS STRUTHIO CAMELUS

- Volstruis is die grootste lewende voël ter wêreld en weeg tussen 113 kg en 136 kg.
- Hulle kan tot 2,74 m hoog staan, hoewel wyfies geneig is om korter te wees as die mannetjies.
- Al kan hulle nie vlieg nie, is dit die voël wat die vinnigste kan hardloop.
- Hulle kan teen snelhede van 48-59 km/h hardloop en in 'n naelloop tot 69 km/h haal.
- Hulle eet meestal plante, insluitend blaargroentes, blomplante, wortels, grasse en vetplante – selfs muise, paddas en vrugte wat van bome afval.
- Hulle steek nie hulle kop in die sand nie. Hulle grawe 'n nes in die grond en sal soms hulle kop by die nes insteek om die eiers te beweeg.

Die voorreg van Afrika

Dis 'n groot eer en voorreg wanneer jy die kans kry om vir nuwe besoekers ons land en 'n klein deeltjie van sy vele skatte te wys, sê **Mic van Zyl**.

Ek sê dikwels dit is 'n groot voorreg om in Afrika te woon, veral hier in Suid-Afrika. Daar is duidelik nie einde aan plekke om te besoek en dinge om te sien, verken en ervaar nie.

Ek wonder gereeld of ek ooit by alles gaan uitkom wat ek nog wil beleef.

Dit is beslis geen maklike taak nie, veral as jy in ag neem hoeveel

plekke ek 'n tweede of selfs derde keer herbesoek. Daarom is ek bevrees ek moet begin vrede maak met die feit dat daar bloot net nie genoeg tyd gaan wees vir alles nie.

My ma is loshande die grootste aanhanger van Suid-Afrikaanse toerisme-bestemmings wat ek ken. Sy het in 1966 uit Engeland hierheen geïmmigreer, en hoewel sy al 'n keer of wat terug is soontoe, was sy nog altyd uitgesproke daaroor dat sy nooit weer permanent daar sal gaan woon nie. Haar ouers, jonger broer én ouer suster het almal oor die jare in Suid-Afrika gewoon en ek het hulle goed geken.

Haar oudste broer het nooit hierheen gekom nie. Ná sy onlangse afsterwe het ek gehoor hy wou altyd na Suid-Afrika reis. Hy wou veral die Krugerwildtuin besoek, die plek waarvoor my Engelse oupa en ouma so lief was. Ek het my oom baie lank gelede vlugtug ontmoet toe ek Engeland vir 'n paar weke besoek het. Hy was 'n militêre man wat sy land reg oor die wêreld gedien het. Hy het die wêreld gesien, maar ook nie heeltemal nie.

Terwyl die heengaan van naasbestaandes wat ver is altyd hartseer is, is ek meer hartseer oor die feit dat my oom nooit die wonder van die Krugerwildtuin beleef het nie. Dis een van ons gesin se gunstelingbestemmings en een van die plekke wat my beskikbare tyd om nuwe plekke te verken opslurp.

Ek was gelukkig om van die pragtigste plekke in Namibië, Botswana, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek en Tanzanië te ervaar, maar die Kruger bly altyd op die boontste plek op my lys.

Ná my oom se afsterwe het sy dogter – my niggie – besluit om vir die eerste keer saam met haar gesin hier in Suid-Afrika te kom kuier. Dit het 'n vlak van opwinding in ons familie veroorsaak wat ek dekades laas gesien het. My niggie wil ook graag die Krugerwildtuin besoek – om te sien presies waarvoor ons oupa en ouma so lief was. As die gesin se nie-amptelike reiskenner val die verantwoordelikheid dus op my om die Krugerpark-hoofstuk van hulle Afrika-safari te beplan.

Terwyl ek besig was met die nodige verblyf- en reisreëlings vir ons Kruger-besoek, het dit tot my deurgedring dat ek verantwoordelik sou wees om nie net vir ons besoekers een van die beste dele van Suid-Afrika te wys nie, maar ook om hulle aan ons land, ons mense en ons kultuur bekend te stel.

Die heen-en-weer-kommunikasie met my niggie en haar gesin rondom hulle naderende reis het die feit beklemtoon dat daar baie verkeerde inligting oor ons land bestaan. Ongelukkig neig dit grootliks tot 'n negatiewe gevoel. In hierdie moderne digitale era raak dit ál moeiliker om weg te kruip vir sulke slegte publisiteit.

Ek het hierdie taak met groot opwinding en vreugde aanvaar. Om die een of ander rede is my opgewondenheid oor hierdie besoek aan die Kruger groter as ooit tevore. Dit het later tot my deurgedring dat dit nie net opwindend is nie, maar ook 'n groot eer en voorreg om die kans te kry om nuwe besoekers bekend te stel aan ons land en 'n klein deeltjie van sy vele skatte.



DIE DEEL VAN ELEKTRONIESE WEERGAWES VAN
TYDSKRIFTE, KOERANTE EN BOEKE IS 'N **MISDAAD**

MOENIE 'N DIEF WEES NIE!

Mari

Kyk wat het ek gratis gekry!
Stuur dit aan. 🤔👉

Mari

forwarded

#54

KAMPKOS IN DIE RESEPTE KOM DIE EIER EERSTE

Weg! Ry & Sleep



WEGRSLP APRLMEI23

120 pages



David

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet
gekry?? 😏

Mari

Wie gee om? Stuur dit net aan.

AS JY 'N DIGITALE PUBLIKASIE DEUR WHATSAPP, TELEGRAM OF ENIGE ANDER
BOODSKAPDIENS OF E-POS ONTVANG, MELD DIT ASSEBLIEF AAN BY REPORT@MEDIA24.COM.

JY SAL HEELTEMAL ANONIEM BLY WANNEER JY BY HIERDIE E-POS ADRES DIE FLUITJIE BLAAS.

MEDIA24

'n Plastiekbak vol herinneringe

Die nuus dat Tupperware dalk binnekort iets van die verlede gaan wees, maak vir **Neels van Heerden** nostalgies én dit laat hom wonder oor plastiekbeseedeling.

Ek is verstom oor onlangse berigte dat die Tupperware-ryk moontlik kan ineenstort.

Op Tupperware se webtuiste maak hulle melding van groot finansiële probleme en 'n skuld las wat onbeheerbaar geraak het. Ek sal nie verbaas wees as dié vervaardiger binne die volgende dekade of twee in sakeskole behandel word nie.

Ek glo ook dis nie meer lank voor Tupperware-

produkte versamelitems gaan word nie. Kyk net teen watter pryse tweedehandse AMC-potte op snuffelmarkte en in pandjieswinkels aangebied word. Hou dus vas aan joune.

Earl Tupper het sy sakeryk in die jare veertig tot stand gebring en die produk is in 1964 in Suid-Afrika bekend gestel – tans is daar nog sowat 270 000 konsultante in ons land bedrywig.

Ek het in my laerskooldae al met Tupperware te doene gekry. Daar was selfs 'n kompartement in my rugsak waarin die kosblikkie baie knus gepas het. Daar die vierkantige Tupperbakkies was ideaal om toe broodjies tot minstens eerste pouse vars te hou.

Die groter langwerpiges is in die gangkas gebêre en opgediep 'n paar dae voor ons vir ons jaarlikse vakansie na die Scottburgh-woonwapark vertrek het. My ma het dit volgepak met gekookte eiers, weense worsies, vleispasteitjies en hoenderstukke wat ons iewers by 'n tafeltjie langs die pad verorber het.

Dit alles vir vier groeiende seuns, almal met 'n vinnige metabolisme.

Ons het meesal op Harrismith, Lady-smith of Estcourt se munisipale park oornag, en dan het Pa boerewors uit die Tupperbak opgediep wat ons gebrui het. Ma het aartappelslaai in 'n bonkige Tupper saamgepiekel, maar die beetslaai was in 'n glasfles omdat dit die Tupperware gevlek het.

Ek het al verskeie menings raakgelees wat daarop dui dat daar met verloop van tyd verbruikersweerstand teen plastiekbeseedeling opgebou het wat later 'n negatiwiteit teenoor plastiekhouders geword het, insluitende produkte soos dié van Tupperware.

Kennerne meen dat jonger mense

eerder glashouders gebruik om voedsel vars te hou. Ek kon egter geen betroubare wetenskaplike bronne opspoor wat enigsinne na weerstand teen Tupperware verwys nie.


Ek dink goedkoper plastiekhouders wat in China vervaardig word, het die verkope van Tupperware geknou. Die partytjie-konsep wat oor dekades Tupperware se verkope gestimuleer het, het in alle waarskynlikheid oudmodies geraak.

Plastiekbeseedeling is wel reg oor die wêreld 'n groot kopseer. Amerikaanse deskundiges beweer dat daar 46 000 stukke plastiek in elke vierkante myl aangetref word – wat saam 'n verbysterende 269 000 t weeg. Ornitoloë, mariene bioloë en omgewingskennerne raam dat meer as een miljoen seevoëls en honderdduisende seediere jaarliks weens plastiekbeseedeling sterf.

Die sogenaamde Great Pacific Garbage Patch wat iewers tussen Hawaii en Japan rondryf, beslaan 'n oppervlakte wat groter is as Texas... en Suid-Afrika is skaars twee keer so groot soos Texas.

Plastiekverpakking en -sakkies is die groot sondaars wat beseedeling betref. Ek het gaan soek, maar kon geen inligting opspoor wat enigsinne daarop dui dat Tupperware-deksels in groot maat in die Great Pacific Garbage Patch aangetref word nie. Ek kon wel 'n paar skrywes opspoor wat Tupperware se uitvinder uitkryt omdat deksels nie op 'n manier aan bakke "vaskleef" nie.

In dieselfde asem looi hulle die mense van Bic-penne en Heinz omdat doppies en proppe maklik wegraak. Dankie tog dat toiletdeksels só ontwerp is dat dit nie sommer kan wegraak nie. Dink net hoe woonwaparke sou moes bontstaan om knaend deksels te vervang.



glacier storms river **TRAVERSE**



DIE BESTE 3-DAG SKOFWEDREN

KOM SAAM en ervaar 'n onvergeetlike
naweek by ons gunsteling familie-vriendelike
bergfietsbyeenkoms!

11-13 AUGUSTUS 2023

TSITSIKAMMA | OOS-KAAP

SKRYF NOU IN ➔

www.stormsrivertraverse.co.za

glacier
van Sanlam



DRYLAND



Ellende, wáár is jou einde?

Het jy al die storie gehoor van die ou wat van die Kaap af op pad was Suidkus toe, maar by die Vaaldam gedraai, op Vanderbijlpark in 'n kar vasgejaag en uiteindelik op Vryburg gekamp het? Daai ou was **Schalk Jonker**.

Kort nadat ek as joernalis by hierdie reistydskrif aangestel is, stuur die destydse redakteur my om die Suidkus van KwaZulu-Natal vir 'n klompie dae te besoek en met 'n kampartikel terug te kom wat sê hoe lekker dit is om veral in die wintervakansie hierheen uit te wyk.

Dit is een van my eerste opdragte en ek is vuur en vlam. Ek pak die kar en kies koers op die N1. Die plan is om tot in Bloemfontein te ry, oor te slaap en dan om Lesotho en oor Harrismith tot in KZN te ry.

Op die skof tot in Bloemfontein vorder ek goed. Ek kry vir my 'n bed vir die nag en val die volgende oggend vroeg in die pad. Intussen het dit begin reën, en oor die radio hoor ek dit lyk in groot dele van die binneland so. Op pad Harrismith toe lui die foon. Dis my kollega Leon Botha – hy bel om my aan te raai om solank 'n ander plan met my eindbestemming te begin

maak. 'n Tropiese storm het die Suidkus gisteraand getref en die owerheid is besig om strande te sluit.

My moed sak tot in my skoene en ek besluit ek sal op Harrismith kyk watter plan ek kan maak. In dié dorp se Wimpy slaan ek my skootrekenaar oop en wend my tot Google Earth. Ek is al twee dae aan die reis, maar ek is nog nie naby aan 'n eindbestemming nie. KZN is uit, en omdraai is ook moeilik. Maar ek het die storie nodig, en tussen hier en die Kaap word net reën vir die volgende klompie dae voorspel.

Dus probeer ek kyk hoe ek 'n draai uit die reën kan ry om uit te kom by iets wat die moeite werd is om oor te skryf, en dan weer in die Kaap te eindig. Dan tref die Vaaldam my oog. Ek bel vir Leon. “Wanneer laas was ons by Vaaldam?”

'n Hele tydjie terug, antwoord hy, maar 'n mens moet maar mooi kyk. Ons reël is

dat ons net skryf oor plekke waar 'n mens jou ma heen sal vat, en van daardie kamp-plekke dop hierdie toets.

Ek doen vinnig navorsing en kry drie plekke wat lyk of dit kan werk. Ek stoot volstoom aan soontoe terwyl dit buite die kar al hoe harder begin reën. Maar o wee... by die dam lyk dit droewig.

Dalk maak die stortreën dit erger as wat dit is, maar ek kan nie sien dat ek enige van dié drie plekke met 'n skoon gewete vir enigiemand kan aanbeveel nie. Vergeet van jou ma; ek sal nie eens my laerskool-wiskundeonderwyser hierheen bring nie.

Teen dié tyd is dit al laatmiddag en ek kry vir my 'n gastehuis vir die nag.

Daardie aand sit ek weer met my rekenaar en soek 'n plek – enige plek – in Suid-Afrika waar dit nie reën nie. Uiteindelik sien ek die son gaan vir die volgende klompie

pie dae oor Vryburg se omgewing skyn. Dis mos op pad Kgalagadi toe vir mense van die binneland af. Ek kan mos gaan kyk watter oornagkeuses daar vir hulle is.

Ek ry oor Vanderbijlpark. Hoewel dit reën en die pad baie nat is, vloei die verkeer glad op die Saterdagoggend. Wel, dit vloei, tot ek die volgende oomblik 'n blou Toyota Tazz sien wat van links af skielik voor my opduik. Ek probeer uitswaai, maar ek is op hom en tref hom met 'n helse slag. **T-bone**, soos die Engelse sê.

Ek beland uiteindelik op die sypaadjie en spring woedend uit die kar, slaggereed om die bestuurder van die Tazz in te vlieg. Maar tot my verbasing sien ek dat hy op my afstorm, ewe woedend, en sommer reg is om my te lyf te gaan. Hoe is dit moontlik? Die man het dan van nêrens af voor my ingery...

Maar dan sien ek wat gebeur het, en nadat ek met 'n omstander of twee gepraat het, besef ek dit wás eintlik my skuld. Wel, nie regtig nie... dit was eerder die skuld van die Vanderbijlparkse munisipaliteit. Want sien, 'n paar dae tevore was daar protesoptrede oor die gebrekkige dienslewering hier, en van die mense was só kwaad dat hulle die verkeersligte tot op die grond afgebreek het, insluitend dié op hierdie kruising.

In normale toestande behoort die verkeersowerheid tussentydse verkeerstekens aan te bring, maar nie hier nie. Dus het ek, salig onbewus dat hier 'n kruising is, aanhou ry terwyl die man in die Tazz aangeneem het ek gaan stilhou.

“

Nou sit ek sonder 'n kar,
sonder 'n eindbestemming en
sonder enige lewenslus op dag
drie van my werksopdrag.

”

Nadat ons die saak uitgepraat het, is ons minder kwaad vir mekaar. Genadiglik kan die maatskappy se Renault Duster nog ry.

Ek bel my een broer wat 100km of so van hier af bly om te sê hy moet solank die koffiemasjien aansit. Maar op pad begin die Duster kla – daar's duidelik meer skade as wat ek aanvanklik vermoed het. Boonop bel die kantoorbestuurder van die Kaap af en sê ek moet onder geen omstandighede verder ry met die Duster nie. Sy sal reël dat hy ingesleep word. Nou sit ek sonder 'n kar, soortvan sonder 'n eindbestemming en sonder enige lewenslus op dag drie van my werksopdrag.

By my broer aangekom, verduidelik ek my situasie, en my skoonsus bied dadelik aan dat ek haar kar kan vat om Vryburg toe te ry – 'n aanbod wat ek maar te dankbaar aanvaar. Ná hopeloos te veel koppies sterk koffie val ek in die pad. Ek het basies net vandag en môre, want die kantoorbestuurder het my vliegtuigkaartjie van Johannesburg af vir die dag daarna bespreek.

Ek ry voet in die hoek Vryburg toe, maar soos dit maar gaan met enigiemand wat pas in 'n ongeluk betrokke was, maak alles my nou skrik-

kerig. Ek haal die dorp uiteindelik en spoor vinnig die eerste kampplek op my lys op. Ag vader, sommer by die hek besef ek ek gaan moet omdraai. Daar lê tuinvullis en bourommel oral, en in die “kampterrein” groei die onkruid heuphoogte. Ek vra versigtig of ek gou na die ablusiegeriewe kan gaan loer, maar die opsigter keer vinnig en sê dis nog in aanbou; ek kan solank die badkamer in sy huis gebruik.


Hierdie is nie vir ons nie. Ek maak my uit die voete.

Die tweede kampplek lyk sommer strate beter, en al is dit laatmiddag, amper skemer, kry ek my kamp opgeslaan en my vuur aan die gang voor dit heeltemal donker is. Dan besef ek hier kan 'n mooi foto wees van my langs die vuur wat dalk vir die tydskrif kan werk.

Ek monteer die kamera op die driepoot, stel hom dat hy oor 30s neem en kry my sit op die kampstoel, bier in die hand, terwyl ek na die vuur staar.

Ek haal diep asem en voel hoe 'n rustigheid oor my neerdaal. Terwyl die vuur knetter in die stilte en die yskoue en bitter bier my droë keel amper brand soos hy afgaan, besef ek opnuut hierdie is een van my gelukkige plekke.

Want ondanks al die drama en die onsekerheid oor wat môre kan inhou op hierdie rampspoedige reis, is ek hier, nou, heeltemal tevrede, gelukkig en dankbaar... selfs al lyk dit nie so op die foto nie.



ILLUSTRASIE DOMINIC WIENAND



DIE PAD NA GELUK

Hy spesialiseer in handgeboorde woonwaens, en dié unieke skeppings is die absolute vergestaltung van geluk, sê die vakman **Howard Dunbar** wat net buite Stanford woon.

Teks en foto's **Leon Botha**

Howard het al weke aaneen in sy klein seiljag op die oopsee rondom Madagaskar en die omliggende eilande deurbring. Die slim gebruik van beperkte ruimte het hom gefassineer – en dit het hom nader aan sy “landskippies” gebring.

Tot dusver het Howard al meer as 20 van dié unieke woonwaens gebou, en elkeen kan jy as 'n unieke kunswerk beskryf.

Die binneuitleg van die waens is beïnvloed deur sy ervaring op seiljagte, maar vir die eintlike ontwerp het hy die horlosie 'n eeu of twee teruggedraai: Hy het sy twee modelle op 'n sigeunerwa en 'n herdershut gegrond. Die sigeunerwa word van hout en seil gemaak en die herdershut word met plaat afgerond.

Hy het sy eerste sigeunerwa vir homself gebou. Dit het 'n dubbelbed gehad met twee bankies wat na mekaar toe kyk, maar hy en sy eerste wa het mekaar gegroet. Howard het hom verkoop, maar dit was die begin van vele meer: Vandag staan daar

vyf van sy waens by die Glen Eden-plaas se kampterrein waar gaste glanskamp kan kom ervaar.

Howard gebruik nie 'n tradisionele produksielyn nie, maar span eerder die fynste aandag en vakmanskap in vir elke wa voor hy die volgende een begin.

Die modelle verskil wat toerusting betref: Daar is van die mees basiese weergawe tot eenhede met 'n badkamer en selfs 'n eie kragstelsel wat 'n omskakelaar en sonpanele kan insluit.

'n Kliënt se voorstel is Howard se vertrekpunt om dit te omskep in die uiteindelijke produk. Hy sê dis soos om 'n pasgemaakte pak klere te maak vir iemand sodat dit perfek pas.

Die bouproses neem omtrent drie maande, en Howard gebruik plaaslike hout soos sipres en dennehout, maar meer gereeld sparhout uit Skandinawië – dis toevallig dieselfde soort hout as wat die Wright-broers destyds gebruik het om hulle eerste vliegtuig, die Flyer, te bou.



Howard se filosofie is eenvoudig: “Ek geniet dit om kreatief te wees en elkeen van my waens verskil. Op meer as een manier beskou ek myself as 'n kunstenaar en vind geluk deur hierdie kreatiewe proses. My doel is om gelukkig te lewe.” 🎨



Het jy iewers dalk 'n seldsame speelspel of ryding raakgeloop? Vertel ons daarvan en stuur vir ons 'n foto na rysleap@weg.co.za.

WÊRELDKLAS **BERGFIETSRESIES** OP SUID-AFRIKAANSE BODEM

7-Dag Skofwedren

4-Dag Avontuur opsie

3 Gasheerdorpe

UCI Status



PRESENTED BY **BIOMEN**

#RaceWithSoul

WES-KAAP | SUID-AFRIKA

3-9 SEPTEMBER
2023

www.capepioneer.co.za

momentum
medical scheme

BIOMEN
FOR THE RESULTS YOU WANT


DRYLAND



QUANTUM
LEISURE
Caravan Manufacturers

PLAASLIKE VERVAARDIGER VAN LUUKSE KARAVANE

COMFORT



**COMFORT
COUNTRY**



**COMFORT
DELUXE**



**COMFORT
FAMILY**



CARNIVAL



CONNECT



INFINITY



PINNACLE



**LANDWYD
BESKIKBAAR BY
EEN VAN ONS
HANDELAARS**

Kempton Caravans • 011 974 5595
GC Caravans Witbank • 013 697 5121
Natal Caravan & Marine • 031 702 7291
Middelburg Karavane • 013 243 5060
Quantum Caravan World Cape Town • 071 583 3669

www.quantumleisure.co.za

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Johan

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24